

OUEBETROKKENHEID BY TUISWERK

PETRUS PAULUS JOHANNES STEYN

B.A., B.Ed., H.O.D.

Skripsie goedgekeur vir gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in
Voorligting en Ortopedagogiek

aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: DR. J.L. MARAIS

November 1989

DANKBETUIGING

- * Aan my Skepper vir al Sy genade en ryke seëninge.
- * Dr. J.L. Marais vir sy bekwame en waardevolle leiding. Sy nougesette afhandeling van die hoofstukke en positiewe leiding en aanmoediging het hierdie studie moontlik gemaak.
- * My ouers vir hulle liefde en onderskraging deur al die jare.
- * My vrou, Martie, vir haar liefde, bystand en aanmoediging.
- * My grootmoeder, susters, familie en vriende vir daadwerklike belangstelling.
- * Dr. P.D. van der Walt vir sy voortreflike taalkundige versorging van hierdie werkstuk en mev. C. Nel wat verantwoordelik was vir die Engelse opsomming.
- * Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir gewaardeerde hulp met die verwerking van die data en mev. E. Mentz van die Fakulteit Opvoedkunde vir haar raad m.b.t. die verwerking van die data.
- * Die Transvaalse Onderwysdepartement vir die toestemming om die vraelyste met behulp van die skole te versprei.
- * Die skole wat by die ondersoek betrokke was, vir hulle pragtige samewerking.
- * Mev. N. du Toit vir haar keurige tikwerk.

SUMMARY

PARENTAL INVOLVEMENT IN HOMEWORK

The purpose of the study has been to reflect on parental involvement in the homework of their children from the viewpoint of the available literature, and afterwards a determination of parents' real involvement by means of a questionnaire. At the beginning of the research the question was asked to what extent parents are involved in their children's homework. The research was done at six Afrikaans medium primary schools in Potchefstroom and vicinity.

The main conclusion was that parents are not significantly negative towards homework in general. A significant amount of fathers indicated that they see the task of motivating the children and supervising their homework, as strictly that of the mothers. Parents also declared themselves negative in contact the school about homework problems. It was also clear that working parents showed a greater responsibility regarding supervision of their children's homework. Parents feel that schoolwork is too difficult to help their children with homework. Parents with professional and administrative careers as well as tertiary education, in general showed a significant non-involvement in their children's homework.

It was recommended that pupils should be motivated positively towards homework by means of guidance in the classroom and that parent evenings should be exploited to their maximum so as to enlighten parents in a greater involvement in their children's homework and their motivating responsibilities in this matter. Guidelines regarding parental involvement in children's homework is essential.

The last word on parental involvement has certainly not been spoken. This study was only aimed at parents of senior primary school pupils in one town. A study of the involvement of parents of secondary school pupils would be most significant. This field is still open for further research. Parental involvement in their children's homework should never be underestimated - as was seen from this study.

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN TABELLE	viii
---------------------------	------

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

1.1	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	4
1.3	METODE VAN ONDERSOEK	5
1.4	VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK	5

HOOFSTUK 2

2.1	INLEIDING	7
2.2	TUISWERK – NOODSAAKLIKHEID OF ONNODIGE EUWEL	9
2.2.1	WAT IS TUISWERK?	9
2.2.2	DIE FUNKSIES VAN TUISWERK	9
2.2.2.1	Dit vergroot die onderwysgeleentheid	9
2.2.2.2	Dit verskaf die geleentheid tot individuele assimilasie en onafhanklike werk	9
2.2.2.3	Tuiswerk versterk leer	10
2.2.2.4	Tuiswerk kan wyer horisonne van kennis open	10
2.2.2.5	Tuiswerk moedig intensiewe navorsing aan	10
2.2.2.6	Tuiswerk lig die behoefte aan individuele hulp uit	10
2.2.2.7	Tuiswerk vorm die brug tussen die skool en die huis	10
2.2.2.8	Tuiswerk is n aspek van goeie onderwys	10
2.2.2.9	Beter benutting van die dag	11
2.2.2.10	Lei tot selfstandigheid	11
2.2.2.11	Individuele werk	11
2.2.2.12	Selfdissipline	11
2.2.3	LEERLINGE SE HOUDING TEENOR TUISWERK	12
2.2.4	OUERS SE HOUDING TEENOR TUISWERK	12
2.2.5	DIE BETEKENIS VAN TUISWERK VIR DIE KIND	13
2.3	WAT IS LEER?	14
2.4	DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SKOOL EN GESIN	15

2.5	TUISWERK IS DEEL VAN OPVOEDENDE ONDERWYS	16
2.6	GRENSE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS	21
2.7	DIE GESIN: ASPEKTE VAN OPVOEDING WAT SKOOLPRESTASIE BEÏNVLOED	21
2.7.1	EMOSIONELE ATMOSFEER IN DIE GESIN	22
2.7.2	MOTIVERING VAN DIE KIND IN DIE GESINSVERBAND	23
2.7.3	VERWAGTINGE VAN DIE OUERS	25
2.7.4	OUERS SE ROL T.O.V. DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE KIND .	25
2.7.5	IN DIE GESIN WORD "GELEER OM TE LEER"	25
2.8	OUERLIKE BETROKKENHEID BY TUISWERK (RIGLYNE)	26
2.8.1	SKEP VAN 'N REGTE OMGEWING	26
2.8.2	GEREEDELDE TUISWERKTYE	26
2.8.3	VERANTWOORDELIKEHEID VIR EIE TUISWERK	27
2.8.4	VOLDOENDE SLAAP EN VOEDSAME KOS	29
2.8.5	DOELGERIGTE WERK	29
2.8.6	DIE OUER SE AANDEEL IN OPVOEDING TOT 'N POSITIEWE STUDIEHOUDING	29
2.8.7	KONSEKWENTHEID	33
2.8.8	DUIDELIKE HUISWERKREËLS	33
2.8.9	TOEPASLIKE REËLS	33
2.8.10	BELOON KORREKTE GEWOONTES	34
2.8.11	SAMEVATTING	34
2.8.12	OORSAKE WAAROM TUISWERK MISLUK	35
2.8.12.1	Persoonlikheidsfaktore	35
2.8.12.2	Simptome van faalangs	36
2.8.12.3	Oorsake van faalangs	36
2.8.12.4	Aanleg en belangstelling	37
2.9	DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT SE BELEID TEN OPSIGTE VAN TUISWERK	39
2.9.1	DEFINISIE	39
2.9.2	DOELSTELLINGS	39
2.9.3	RIGLYNE	40
2.9.3.1	Ouerbetrokkenheid	40
2.9.3.2	Formulering van tuiswerkopdragte	40

2.9.3.3	Tydsaspek	41
2.9.3.4	Hulpmiddels	41
2.9.3.5	Mediasentrum	41
2.9.3.6	Opvoedkundige doelstellings	41
2.9.3.7	Kontrolering van tuiswerk	42
2.9.3.8	Omstandighede van leerling	42
2.9.3.9	Tuiswerk en strafmaatreëls	42
2.9.4	DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER — RIGLYNE	42
2.9.4.1	Studieplek	42
2.9.4.2	Studietye	42
2.9.4.3	Buitemuurse aktiwiteite	42
2.9.4.4	Onderrigtaak van die ouer t.o.v. die skool	43
2.9.4.5	Optrede van ouer t.o.v. die doen van tuiswerk	43
2.9.4.6	Probleme by die kind	43
2.9.4.7	Hoof se plig t.o.v. die ouers	43
2.9.5	TYDSTOEWYSING	43
2.9.6	GEVOLGTREKKING	44
2.10	SLOTOPMERKINGS	44
2.11	SAMEVATTING	46

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1	INLEIDING	47
3.2	DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	47
3.3	DIE KEUSE VAN DIE MEETINSTRUMENT	47
3.4	DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE	48
3.4.1	INLEIDING	48
3.4.2	DIE ONTWERP VAN DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE	48
3.4.2.1	Samestelling van die vraelys	48
3.4.2.2	Kriteria vir die ontwerp van items	50
3.4.2.3	Tegniese versorging	51
3.4.2.4	Samestelling van die voorlopige vraelys	52
3.4.2.5	Terugontvangste	53

3.5	DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	53
3.5.1	KEUSE VAN PROEFPERSONE	53
3.5.2	METODE VAN STEEKPROEFNEMING	53
3.5.3	BEPALING VAN DIE STEEKPROEFGROOTTE	54
3.6	SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS	55
3.6.1	MOTIVERING EN ONTWERP VAN DIE VRAELYS WAT IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK IS	55
3.6.2	KEUSE VAN DIE SOORT ITEMS VIR DIE VRAELYS	56
3.6.3	EERSTE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS	57
3.6.4	TWEDE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS	65
3.6.5	ASPEKTE VAN DIE FINALE VRAELYS	65

HOOFSTUK 4

AANBIEDING EN VERTOLKING VAN DIE VRAELYSRESPONSE

4.1	INLEIDING	68
4.2	DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN DIE RESPONDENTE	68
4.2.1	VRAAG 1, 3, 5 en 6	68
4.2.2	VRAAG 2	69
4.2.2.1	Vertolking van die response	69
4.2.3	VRAAG 4	70
4.2.3.1	Vertolking van die response	71
4.3	OUERBETROKKENHEID BY TUISWERK	71
4.3.1	HOUDINGE EN VERWAGTINGE (Vrae 1, 3 en 11)	71
4.3.1.1	Vraag 1	71
4.3.1.2	Vraag 2	72
4.3.1.3	Vraag 11	74
4.3.2	REËLS TEN OPSIGTE VAN TUISWERK, STUDIEPLEK, TOESIG EN HANTERING VAN PROBLEME (Vrae 2 - 2.4, 7 en 8)	75

4.3.2.1	Vraag 2	75
4.3.2.2	Vraag 2.1	76
4.3.2.3	Vraag 2.2	76
4.3.2.4	Vraag 2.3	77
4.3.2.5	Vraag 2.4	77
4.3.2.6	Vraag 7	78
4.3.2.7	Vraag 8	78
4.3.3	HOUDING VAN DIE KIND TEENoor TUISWERK EN DIE OUERS SE OPTREDE (Vraag 4 en 5)	80
4.3.3.1	Vraag 4	80
4.3.3.2	Vraag 5	81
4.3.4	BELONING (Vraag 6)	82
4.3.4.1	Vraag 6	82
4.3.5	SKAKELING VAN OUERS MET DIE SKOOL (Vrae 9 en 10)	83
4.3.5.1	Vraag 9	83
4.3.5.2	Vraag 10	84
4.4	VERBANDE	85
4.4.1	INLEIDING	85
4.4.2	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE HOUDING T.O.V. HOEVEELHEID TUISWERK (Vrae A1 en B1)	85
4.4.2.1	Vertolking van die response	87
4.4.3	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE HOUDING OOR HOEVEELHEID TUISWERK (Vrae A4 en B1)	87
4.4.3.1	Vertolking van die response	89
4.4.4	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A2 en B3)	89
4.4.4.1	Vertolking van die response	91
4.4.5	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A4 en B3)	91

4.4.5.1	Vertolking van die response	93
4.4.6	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE OPTREDE VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A2 en B5)	93
4.4.6.1	Vertolking van die response	95
4.4.7	DIE VERBAND TUSSEN DIE BEROEPSGROEP EN DIE SKAKELING MET ONDERWYSERS T.O.V. PROBLEME MET TUISWERK (Vrae A2 en B9)	95
4.4.7.1	Vertolking van die response	97
4.4.8	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIE VAN DIE OUERS EN DIE SKAKELING MET DIE ONDERWYSER T.O.V. PROBLEME MET TUISWERK (Vrae A4 en B9)	97
4.4.8.1	Vertolking van die response	99
4.4.9	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEP EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK AS DEEL VAN DIE KIND SE SKOOLLOOPBAAN (Vrae A2 en B11)	99
4.4.9.1	Vertolking van die response	101
4.4.10	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK AS DEEL VAN DIE KIND SE SKOOLLOOPBAAN (Vrae A4 en B11)	101
4.4.10.1	Vertolking van die response	103
4.5	OOP ITEMS	103
4.6	SAMEVATTING	104
HOOFSTUK 5		
	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	105
5.1	INLEIDING	105
5.2	PROBLEEMSTELLING	105
5.3	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	105
5.4	METODE VAN ONDERSOEK	105
5.5	OUERBETROKKENHEID BY TUISWERK	106

5.6	BESKRYWING VAN DIE MEETINSTRUMENT	106
5.7	RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	107
5.8	GEVOLGTREKKINGS	107
5.9	AANBEVELINGS	109
5.10	AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING	110
5.11	TEN SLOTTE	110
	BIBLIOGRAFIE	111
	BYLAES	115
	* Bylaag 1: Goedkeuring van TOD vir uitstuur van vraelys	
	* Bylaag 2: Brief aan skoolhoof (vaders)	
	* Bylaag 3: Brief aan skoolhoof (moeders)	
	* Bylaag 4: Begeleidende brief aan moeder	
	* Bylaag 5: Begeleidende brief aan vader	
	* Bylaag 6: Vraelys	

LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1	VRAAG 2 (Die beroepsgroep van die respondente)	69
TABEL 4.2	VRAAG 4 (Die kwalifikasie van die respondente)	70
TABEL 4.3	VRAAG 1 (Respondente se houding t.o.v. tuiswerk)	72
TABEL 4.4	VRAAG 3 (Die rol van die ouer tydens tuiswerk)	73
TABEL 4.5	VRAAG 11 (Ouers se houding oor betrokkenheid by tuiswerk as deel van die kind se skoolloopbaan)	74
TABEL 4.6	VRAAG 2 (Die vertrek waarin die kind tuiswerk doen)	75
TABEL 4.7	VRAAG 2.2 (Die wyse waarop ouers huiswerkreëls toepas)	76
TABEL 4.8	VRAAG 2.4 (Die rol van buitemuurse aktiwiteite in die kind se daaglikse program)	77
TABEL 4.9	VRAAG 8 (Die optrede van ouers t.o.v. leerprobleme by die kind)	79
TABEL 4.10	VRAAG 4 (Die kind se houding teenoor tuiswerk)	80
TABEL 4.11	VRAAG 5 (Die ouer se optrede as die kind tuiswerk doen)	81
TABEL 4.12	VRAAG 6 (Die ouer se optrede nadat die kind se tuiswerk afgehandel is)	82
TABEL 4.13	VRAAG 9 (Die persoonlike kontak met die kind se vakonderwysers in verband met tuiswerkprobleme)	83
TABEL 4.14	VRAAG 10 (Die ouers se bywoning van oueraande i.v.m. skoolwerk)	84
TABEL 4.15	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE HOUDING TENOOR DIE HOEVEELHEID TUISWERK	86
TABEL 4.16	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE HOUDING T.O.V. DIE HOEVEELHEID TUISWERK	88
TABEL 4.17	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK	90
TABEL 4.18	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK	92
TABEL 4.19	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE OPTREDE VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK	94
TABEL 4.20	DIE VERBAND TUSSEN DIE BEROEPSGROEP EN DIE SKAKELING MET ONDERWYSERS	96

TABEL 4.21	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIE EN DIE SKAKELING MET ONDERWYSERS	98
TABEL 4.22	DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK	100
TABEL 4.23	DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK	102

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die kind se taak, sy werk, is studie. Die kind se studiegeroepenhed is drieledig, naamlik:

- * Hy roep homself tot studie - in die Skrif staan: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet . . ." (Gen. 3:19). Die mens het dus deur sy sondige natuur veroorsaak dat hy moet werk.
- * Die kind word deur sy ouers, sy toekomstige werkgewers, sy volk en sy land geroep tot studie. God het die mens reeds tydens die skepping aangestel: "Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Gen. 2:15).
- * God roep die kind om tot eer van Sy skepping en tot eer van God te studeer. In die Wet van God, naamlik die vierde gebod: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen" (Ex. 20:9), verplig God dus die mens om die skepping te onderhou en uit te brei (Joubert, 1983:59; Marais, 1986:1-2).

Die kind moet dus só opgevoed word dat hy 'n positiewe, blymoedige en vreugdevolle gesindheid teenoor studie het en dat hy studeer tot eer van sy naaste en tot eer van God. Die kind moet ook opgevoed word sodat hy al sy vermoëns kan benut en ook tot die positiewe aanvaarding van die skool en skoolvakke, met elke beginsel en eise van die vak. Die kind moet ook gelei word om sy kennis uit te brei, sy totale menswees te ontplooi ten einde 'n suksesvolle, waardevolle landsburger te word (Marais, 1981:1674).

Die ouer se betrokkenheid by huiswerk is 'n baie belangrike faset van die totale onderwysituasie. Die betrokkenheid van die ouer by huiswerk vorm net so 'n onderdeel van die totale opvoedingstyl en -atmosfeer in die gesin as wat huiswerk 'n onderdeel is van die totale onderwysituasie (Marais, 1987:32). Ouers moet die kind se moed om te leer en te studeer nie breek deur te hoë eise te stel ten opsigte van huiswerk doen nie. 'n Huislike

atmosfeer met ouers wat motiveer en belangstelling toon in die kind se tuiswerk, is 'n positiewe motivering vir die kind om sy tuiswerk pligsgetrou te doen (Marais, 1987:32-33).

Betekenisgewing aan leerinhoud is dus nou verweef met die verstandelike, normatiewe en emosionele steun wat die ouer die kind bied (Joubert, 1983:62). Opvoeding is 'n dinamiese proses en begin reeds by die geboorte van die kind. Die interaksies wat tussen die ouer en die kind plaasvind, beïnvloed nie net die kind se huidige gedrag nie, maar ook sy toekomstige gedrag (Gibson, 1976:14).

Die gesin en die kind het 'n onlosmaaklike verbintenis wat voortgesit word selfs as die kind skoolgaande ouderdom bereik. Die ouer moet nie net die kind aanmoedig of dwing om tuiswerk te doen nie maar moet self betrokke raak (Marais, 1981:1681). Hoewel die skool 'n groot deel van die opvoeding van die kind behartig, bly die ouerhuis nog steeds die plek waar die kind leiding kry en waar hy gemotiveer word of nie. Die ouers is dus verbind aan die kind en sy skool, en juis hierdie verbintenis lei tot die vraag oor hoe belangrik die betrokkenheid van die ouer by die tuiswerk van die kind werklik is (Marais, 1987:32). Die verhouding tussen die skool en die gesin kom hier sterk na vore, en dit is juis 'n aspek wat in die jongste tyd baie aandag by die onderwysowerhede geniet het (Marais, 1987:32). Kennis wat die kind in die skool bekom, vind weerklank in sy alledaagse lewe, en daarom is dit belangrik dat hoe jonger die kind is, hoe nodiger is samewerking tussen skool en ouerhuis (Joubert, 1983:68).

Ware Christelike opvoeding is altyd die opvoeding van die kind in sy totaliteit. Die kind is dus in totaliteit betrokke by elke self-aktualiseringshandeling, hetsy fisiek of psigies, en by elke funksie hetsy kognitief, affektief of konatief. Beide ouer en onderwyser mag die kognitiewe ontwikkeling van die kind nie ten koste van sy fisieke of affektiewe ontwikkeling oorbeklemtoon nie. Die kind moet dus nie so met tuiswerk besig gehou word dat daar geen tyd vir sport en kulturele bedrywighede is nie (Joubert, 1972:212-213; Vrey, 1979:52).

Daar is ter inleiding gewys op faktore wat die kind se studie beïnvloed, asook persone wat daarby betrokke is. Verskeie persone het 'n invloed op die kind se huiswerk. Huiswerk blyk ook 'n belangrike komponent van die totale onderwysituasie te wees (Marais, 1987:32-33). Laasgenoemde stelling laat oerbetrokkenheid as navorsingstema na vore kom.

Die onderwys in die RSA word in die tagtigerjare veral gekenmerk deur die besondere klem wat daar op oerbetrokkenheid in die onderwys val. Hiertoe was die RGN-verslag (De Lange-verslag, 1981) oor die onderwysvoorsiening in die RSA en die daaropvolgende Witskrif oor die onderwys in die RSA (1983) 'n besondere aansporing. Ook die wysiging van Wet 39 van 1967 waardeur oerbetrokkenheid nadrukliker op die voorgrond kom, getuig van die nuwe klem op oerverenootskap.

Die hoë aansien wat oerbetrokkenheid tans by die onderskeie onderwysdepartemente geniet, word onder meer weerspieël deur die T.O.D. se keuse van "Verenootskap in Aksie" as tema vir 1987. Die belangrikheid van oerbetrokkenheid word beklemtoon in 'n hele aantal artikels en navorsing wat sedert 1980 die lig gesien het. Bydraes kom van Schutte (1984:42-45), Van der Walt (1983:254) en Van Schaikwyk (1983:28-37). Genoemde skrywers stel dit deurgaans dat die verenootskap tussen die skool en die ouer baie ernstig opgeneem moet word. 'n Leemte is egter dat oerbetrokkenheid vanuit die literatuur beredeneer word en persoonlike standpunte verteenwoordig en dat min navorsingsbevindinge beskikbaar is oor hoe die ouer by die onderwys betrokke is.

Ten einde 'n volledige beeld van oerbetrokkenheid by huiswerk te probeer gee, is navorsing oor hoe die ouer by verskillende fasette van die onderwys betrokke is, noodsaaklik. Aangesien elk van dié fasette 'n eie navorsingsprobleem verteenwoordig, sal met hierdie navorsing slegs op een faset, naamlik huiswerk, gefokus word. In hierdie verband het skakeling met die TAO aan die lig gebring dat daar 'n groot behoefte bestaan aan navorsingsresultate en -publikasies oor die ouer se betrokkenheid by die kind se onderwys en veral betreffende huiswerk. 'n Voorlopige literatuurstudie het aan die lig gebring dat:

- (i) min publikasies wat regstreeks met die voorgestelde onderwerp verband hou, tot dusver die lig gesien het, en dat
- (ii) min navorsing t.o.v. die onderwerp van die gestelde probleemgebied in die RSA gedoen is.

Uit bogenoemde probleemstelling kan die probleemvraag waarop hierdie studie wil fokus, geformuleer word, naamlik:

IN WELKE MATE IS DIE OUER BETROKKE BY DIE TUISWERK VAN
SY KIND?

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van bogenoemde probleemstelling kan die doel van hierdie ondersoek soos volg geformuleer word:

- (i) Om aan die hand van 'n literatuurstudie te bepaal hoe ouers by die tuiswerk van hulle kinders betrokke is. Die literatuurstudie sal voorts ook dien as uitgangspunt van aspekte wat in die vraelys opgeneem gaan word.
- (ii) Om empiries vas te stel hoe betrokke die ouer werklik is by die kind se tuiswerk in die gewone gang van sake. Die betrokkenheid van die ouer word dus getoets soos dit werklik is, en geen persoonlike vooroordele van die navorser sal 'n rol by die resultate speel nie.
- (iii) Om sekere gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die ouer se betrokkenheid by tuiswerk.

Die doel van die studie word bepaal deur die hipotese, naamlik:

Daar bestaan by ouers 'n behoefte om meer kundigheid te bekom oor hulle rol ten opsigte van die kind se tuiswerk.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. 'n Vraelys bestaande uit 'n afdeling A, met items oor biografiese besonderhede, en 'n afdeling B met items oor oerbetrokkenheid by tuiswerk, sal saamgestel word. Komponente soos verwagtinge van die ouers, studiefaktore soos plek, reëls, tye en die houding van die leerling teenoor tuiswerk, sal oorweeg word vir insluiting in die vraelys.

'n Ewekansige steekproef van 150 vaders en 150 moeders van Afrikaanssprekende leerlinge in Afrikaansmediumskole, in die senior primêre fase (st. 2-4) van ses skole in Potchefstroom en omgewing sal getrek word. Drie skole sal vraelyste hanteer wat net deur moeders ingevul moet word, en drie ander skole vraelyste wat net deur vaders ingevul moet word. Die data wat deur die vraelys ingesamel is, sal in verband gebring word met die kundigheid verkry deur middel van die literatuurstudie om sodoende sekere riglyne vir oerbetrokkenheid by tuiswerk te bepaal. Aangesien daar van 'n gestruktureerde vraelys gebruik gemaak word, sal die resultate met behulp van die SAS-rekenaar-program verwerk word.

1.4 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

In Hoofstuk 1 is die probleemstelling, die doel van die ondersoek asook die metode wat in die studie gebruik gaan word, bespreek.

Hierdie studie handel oor oerbetrokkenheid by tuiswerk van die kind, en daarom is dit nodig om in Hoofstuk 2 'n literatuurstudie te doen oor dié onderwerp ten einde 'n oorsig en kundigheid te verkry oor die fasette wat die onderwerp omsluit en sodoende ook 'n goeie grondslag te lê vir die samestelling van die vraelys.

In Hoofstuk 3 sal die metode van navorsing bespreek word. Die resultate verkry uit die empiriese ondersoek sal in Hoofstuk 4 bespreek word, en in Hoofstuk 5 sal 'n opgawe van die gevolgtrekkings uit die literatuur sowel as die empiriese gedeelte van die ondersoek gegee word, tesame met die bespreking daarvan, waaruit sekere afleidings en aanbevelings t.o.v. die probleemvraag, naamlik in welke mate ouers betrokke is by tuiswerk, gemaak sal word.

In Hoofstuk 2 volg nou die literatuurstudie wat sal fokus op aspekte van tuiswerk, opvoeding en dan spesifiek ouerbetrokkenheid by tuiswerk.

HOOFSTUK 2

OUBETROKKEHEID BY TUISWERK

2.1 INLEIDING

Die sukses wat 'n kind in sy volwasse lewe sal behaal, word bepaal voordat hy twaalf jaar oud is. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n kind se akademiese prestasies op skool baie daartoe bydra of hy as 'n leier geïdentifiseer word en nagevolg sal word.

Die akademiese prestasie van die kind bepaal ook of hy as behorende tot 'n swak groep getipeer sal word en of hy in standerd agt sy vakke op hoër, standaard- of laer graad gaan neem. Akademiese prestasie beïnvloed die kind se totale skoollewe en ook sy lewe daarna. Die keuses wat hy op skool maak en die invloede daarvan, is blywend en vergesels hom sy lewe lank. Tuiswerk is 'n belangrike, indien nie die belangrikste komponent van die akademiese prestasie nie en is daarom uiters belangrik in die kind se soeke na goeie akademiese prestasies (Marais, 1987:32).

'n Kind se selfvertroue word versterk deur die suksesvolle bemeestering van leerstof, en 'n kind met 'n goeie selfbeeld ondervind weinig probleme in die daaglikse lewe t.o.v. rolaanvaarding. Dit is egter 'n feit dat baie kinders op skool misluk en dat die skool nie daarin slaag om die kinders vir 'n volwasse lewe voor te berei nie. Baie leerlinge vorder nie tot die peil waartoe hulle in staat is nie. Vrees en verveling is faktore wat hiertoe bydra. Vakke wat kinders nie boei nie en ook 'n traak-my-nie-agtige houding as gevolg van vrees, skep die indruk dat die kind nie hou van die vak nie en dat hy nie wil presteer nie (Parten, 1986:118). Een van die grootste oorsake van onderprestasie is volgens Marais (1987:32) te groot klasse. Groot klasse is gewoonlik lomp, en dit is moeilik om die werk te verduidelik sodat elke kind dit verstaan. Die gebrek aan tyd is seker een van die grootste probleme wat in hierdie verband genoem kan word. In die klas is daar nie tyd om aan elke kind die tuiswerk te verduidelik nie, en die onderwyser het ook nie tyd om die kind alles te leer wat in die kurrikulum voorkom nie.

Die kind is van sy ouer afhanklik om sy selfvertroue te ontwikkel asook vir die aanleer van positiewe sieninge oor tuiswerk (Marais, 1987:32). Ouers

wat n uitgesproke en gedemonstreerde belangstelling in skolastiese en aanverwante aktiwiteite toon, lei hulle kinders op om ook n positiewe houding teenoor die skool in te neem (Theron, 1982:8; Schutte, 1983:55-75). Tuiswerk is nie hiervan uitgesluit nie. n Ouer wat positiewe programme en gedagtes oor tuiswerk by sy kind tuisbring, sal positiewe gesindhede kweek wat die kind in sy latere lewe tot voordeel sal strek (Louw, 1984:323). Ouers se houding teenoor tuiswerk en die bemoeienis daarmee staan dus nie los van sy algemene, opvoedende, begeleidende betrokkenheid by sy kind nie. Die milieu wat vir die kind geskep word, speel n baie belangrike rol in sy prestasies (Van den Bozaart & Neuwahl, 1987:8).

In die bemoeienis van die ouer met die tuiswerk van die kind sal daar noodwendig tussen sommige gesinne en die skool spanning veroorsaak word (Comer, 1986:444). Die verhouding tussen die skool en die ouerhuis is dus ook van wesenlike belang by tuiswerk. Daar moet wedersydse begrip, kennis en respek vir mekaar wees, met n opbouende vertrouensverhouding. Dit is duidelik dat die funksie van die huis na die skool uitgebrei moet word en dat die funksie van die skool na die huis toe moet gaan. Die ouer moet deeglik ingelig word oor alle fasette van die skool en insae daarin hê, terwyl die skool op sy beurt weer deeglik moet kennis neem van die huislike omstandighede van n bepaalde gesin (Schutte, 1981:13-14). Hierdie kennis van mekaar sal die vertrouwe en respek opbou en sodoende n goeie wedersydse werksatmosfeer skep (Theron, 1982:7-8). Bogenoemde stellings is ook op tuiswerk van toepassing. Die ouer moet deeglik kennis neem van die skool se siening t.o.v. tuiswerk en dit saam met sy ouerlike plig, naamlik om sy kind tot eer van God op te voed, toepas. Daar rus dus n groot verantwoordelikheid op die ouer om deeglik op hoogte te wees van sy kind se vermoëns en pligte en dit in samewerking met die skool te ontwikkel en te kontroleer (Schutte, 1984:42-51).

Dit is dus duidelik dat die ouer en die kind deeglik sal moet begryp wat tuiswerk is, wat die doel daarvan is en ook die funksie daarvan sal begryp.

2.2 TUISWERK — NOODSAAKLIKHEID OF ONNODIGE EUWEL

2.2.1 WAT IS TUISWERK?

Werk wat met skoolonderrig verband hou en wat buite die klaskamer sonder die direkte toesig van 'n onderwyser plaasvind, kan as tuiswerk beskou word (Bonfiglio, 1988:18). Hierdie werk word nie direk onder die toesig van die onderwyser gedoen nie maar val onder die jurisdiksie van die ouerhuis (Langden & Staut, 1969:13). Tuiswerk staan nie los van 'n kind se skoolwerk nie, en die kind moet hom d.m.v. tuiswerk verdiep in wat hy bedags in die skool leer. Tuiswerk is dus die middel waardeur die kind 'n vak sy eie kan maak d.m.v. die verbreding van sy kennis (Bonfiglio, 1988:22). Die onderrig van nuwe kennis en vaardighede is die primêre doel van die leersituasie in die klaskamer asook die heronderrig om leemtes te oorbrug. Tuiswerk is slegs sinvol wanneer dit die inoefening van aangeleerde leerstof behels en/of verrykend is van wat reeds in die klaskamer onderrig en geleer is (TOD, 1986:81). Vervolgens word op die funksies van tuiswerk gelet.

2.2.2 DIE FUNKSIES VAN TUISWERK

2.2.2.1 Dit vergroot die onderwysgeleentheid

Die huidige tegnologiese ontwikkeling en die gepaardgaande kennisontploffing het tot gevolg dat kennisinname tydens 'n skooldag verminder. Tuiswerk oorbrug hierdie kloof tussen die hoeveelheid kennisinname en die beskikbare skoolure (Foyle et al., 1988:292).

2.2.2.2 Dit verskaf die geleentheid tot individuele assimilasië en onafhanklike werk

Die kennis en vaardighede wat die kind in die skool aanleer, word tuis toegepas en ingeoefen. Hierdie aspek is baie noodsaaklik, aangesien elke kind 'n eie gedagte-wêreld en eie ervarings het waarin die nuwe kennis geïnkorporeer moet word. Die feit dat 'n kind die gewoonte het om tuis self te leer, moet nie onderskat word nie (Langden & Staut, 1969:14).

2.2.2.3 Tuiswerk versterk leer

Deur heroorweging word feite geëvalueer en aanvaar of verwerp. Vaardighede word deur inoefening aangeleer, en tuiswerk verskaf die geleentheid tot hierdie versterking en vaslegging van nuwe kennis (Foyle et al., 1986:187).

Vaardighede soos beplanning, doelgerigte tydsindeling, werksorganisering, doelgerigte arbeid word ook deur tuiswerk aangeleer. Die selfdissipline waardeur die kind se aandag by tuiswerk bepaal word ten spyte van aanloklike stimuli, is 'n lewensdeug wat van groot waarde is (Langden & Staut, 1969:25).

2.2.2.4 Tuiswerk kan wyer horisonne van kennis open

Goed beplande tuiswerk kan die kind uitdaag om lokkende kennishorisonne te ondersoek (Langden & Staut, 1969:26).

2.2.2.5 Tuiswerk moedig intensiewe navorsing aan

Goedgekose opdragte kan die spoorslag wees vir 'n kind om interessante kennisareas te ontgin (Foyle, 1986:187).

2.2.2.6 Tuiswerk lig die behoefte aan individuele hulp uit

Tuiswerk moet goed nagesien word, aangesien hierdie werk wat self gedoen word deur die kind, probleme t.o.v. die kind se leerproses kan uitlig (Foyle, 1986:187).

2.2.2.7 Tuiswerk vorm die brug tussen die skool en die huis

Deur middel van tuiswerk kan die ouers op hoogte bly t.o.v. die huidige leerplan van die kind. So kan hulle ook agterkom waarop die onderwyser klem lê en wat hy as belangrik ag (Langden & Staut, 1969:25).

2.2.2.8 Tuiswerk is 'n aspek van goeie onderwys

Goed beplande tuiswerk met noodsaaklike, doelgerigte riglyne is onmisbaar as onderwys hulpmiddel. Die leerling kan sodoende 'n greep kry op die leerstof

wat die skool bied. Die leerling moet onder die besef gebring word dat tuiswerk wat in die skool behandel word, ook dusdanig bestudeer moet word. Dit is die onderwyser se taak om hierdie tuiswerk te beplan en te struktureer. Die leerling moet dus heeltyd besig wees met beplande doelstellings en werk wat hom by 'n eindpunt bring en nie verlore raak in vae aanwysings wat van hom verwag word nie (Langden & Staut, 1969:28-29).

2.2.2.9 Beter benutting van die dag

'n Goedbeplande tuiswerksessie het tot gevolg dat die dag ten volle benut word. Die gesegde "ledigheid is die duiwel se oorkussing" geld hier. Die kind moet leer om sy tyd doeltreffend te benut (Palardy, 1988:15).

2.2.2.10 Lei tot selfstandigheid

Tuiswerk moet deel van 'n kind se lewe word; hy moet tuiswerk nie as 'n plig beskou nie maar as 'n noodsaaklikheid om homself te vorm en te ontwikkel. Die "alles met die lepel ingee" is taboe. Die kind moet dus gelei word om selfstandig te werk, aangesien dit op sekondêre en tersiêre vlak van belang is dat hy op sy eie kan werk. Die bereiking van selfstandigheid by die kind kan dus as 'n primêre doel van tuiswerk beskou word (Marais, 1987:32).

2.2.2.11 Individuele werk

Tuiswerk bied aan die kind die geleentheid om alleen te werk. Dit is baie belangrik dat elke kind die geleentheid gegun moet word om te individualiseer. Elke kind kry dus die geleentheid om d.m.v. tuiswerk elke saak selfstandig te interpreteer en om te eksperimenteer. Deur hierdie metode word 'n kind se denke ontwikkel en is hy in staat om op tersiêre vlak individuele uitsprake te kan maak (Bonfiglio, 1988:19).

2.2.2.12 Selfdissipline

Tuiswerk wat goed beplan is, lei tot selfdissipline. Selfdissipline is van onskatbare waarde by die tuiswerkprogram. 'n Kind moet geleer word om sonder dwang of verpligting sy tuiswerk te doen. Die kind moet dus self weet wanneer om sy tuiswerk te gaan doen (Marais, 1987:33). Die kind word die

geleentheid gegun om selfdisiplinerend op te tree t.o.v. sy vryetyds= besteding (TOD, 1986:81).

2.2.3 LEERLINGE SE HOUDING TEENoor TUISWERK

Leerlinge moet besef dat tuiswerk 'n noodsaaklike deel van hulle skoolloopbaan is. By die graad 1-kind wat huis toe draf met sy leesboekie en vir almal lees wat wil luister, is reeds die grondslag gelê vir die aanvaarding dat tuiswerk en skoolwerk saam hoort (Langden & Staut, 1969:27).

Leerlinge voel positief oor tuiswerk wat vir hulle 'n uitdaging bied. Sodoende word 'n moontlikheid van kreatiewe denke en individuele denke aangemoedig en versterk. Leerlinge verkies tuiswerk wat eise aan hulle stel. Opdragte wat oorvleuelende eise bevat of slegs die lees van 'n aantal bladsye vereis, dwing nie respek by die leerling af nie en word met min entoesiasme begroet (Langden & Staut, 1969:29-32). Die wyse waarop take uiteengesit word, riglyne gegee word en goeie voorbeelde van hoe die werk gedoen moet word, inspireer en motiveer leerlinge.

Leerlinge verwag dat na hul pogings gekyk word en 'n evaluering van hulle werk gegee word (Langden & Staut, 1969:33-39).

2.2.4 Ouers SE HOUDING TEENoor TUISWERK

Hoewel die meeste ouers die waarde van tuiswerk insien, is daar tog ouers wat dit nie goedgesind is nie. Ouers verkies tuiswerkopdragte wat op 'n interessante manier gestel word en wat self die kind se belangstelling gaande maak. Tuiswerk wat as straf gegee word, word algemeen verwerp. Op dié manier word weerstand teen huiswerk doen opgebou en die doel van selfstandige, selfgemotiveerde leer gekelder (Langden & Staut, 1969:36-42). Dit is baie belangrik dat ouers in dié verband oor die volgende sake duidelikheid moet verkry:

- * Wat gebeur as die kind tuiswerk doen?
- * Wat die ouer se houding oor tuiswerk is.
- * Hoe die ouer die kind kan help om van die tuiswerk 'n sukses te maak.

Die ouer moet dus standpunt vir of teen tuiswerk inneem, wat meebring dat die ouer vir homself baie duidelike riglyne moet stel ten einde sy kind te help (Marais, 1988:33 en Bonfiglio, 1988:22).

Die ouer moet die volgende vrae m.b.t. die kind se tuiswerkgewoontes objektief beantwoord:

- * Hoe is die kind se tuiswerkgewoontes?
- * Wat is die korrekte en toepaslike tuiswerkgewoontes vir die betrokke situasie?
- * Is daar 'n verskil by die kind se korrekte, toepaslike tuiswerkgewoontes?
- * Het die ouer enige idees en wenke ter verbetering van die kind se tuiswerkgewoontes (Comer, 1986:445).

Dit is dus duidelik dat die ouer hom deeglik moet vergewis van die begrip "tuiswerk" en die gepaardgaande gewoontes van sy kind ten einde 'n doeltreffende en suksesvolle tuiswerkprogram in samewerking met die kind te probeer volg.

2.2.5 DIE BETEKENIS VAN TUISWERK VIR DIE KIND

Die doel van tuiswerk sal nooit bereik word as dit nie vir die kind persoonlik betekenis het nie. Die kind moet besef dat hy suksesvol is en dat hy sy akademiese werk onder die knie gekry het (Partin, 1986:118). Die volgende punte is van belang:

- i. 'n Kind se punte sal toon of sy vordering suksesvol is of nie. As die kind dus huiswerk op die regte manier doen, dan sal sy skoolprestasies dit ook toon.
- ii. Wanneer die kind korrekte tuiswerkprosedures volg, sal hy vind dat hy minder tyd aan tuiswerk hoef te bestee, en die gehalte van sy werk sal ook verbeter.
- iii. Die verhouding met sy klasmaats en onderwyser sal ook verbeter, omdat sy werk gedoen is en hy hom ook self t.o.v. die werk kan verantwoord. 'n Kind se selfvertroue en selfbeeld verbeter dus ook baie.

- iv. Die kind wat huiswerk op die korrekte manier doen, ervaar ook 'n gevoel van sukses wat hy wil handhaaf en uitbrei deur middel van selfverwesenliking.
- v. Die kind wat sy werk verstaan, het 'n strewe om meer en meer te wete te kom van die kennis wat hy opgedoen het.
- vi. Die grootste beloning vir 'n kind wat die wenke vir korrekte huiswerk toepas, is dat sy punte kan verbeter. Dit sal die kroon span op al sy pogings om sy akademiese prestasies te verbeter. Hoër punte sal hom aanmoedig om nog beter te presteer (Marais, 1987:33; Foyle et al., 1988:187).

Die aspekte wat hierbo genoem is, laat dit weer eens duidelik blyk dat korrekte huiswerkgewoontes slegs voordele vir die kind inhou. Dit veroorsaak dat die verantwoordelikheid van die ouer des te groter word om sy kind by te staan en te lei om korrekte huiswerkgewoontes aan te leer en te bemeester. Die ouer wat sy Goddelike roeping ernstig opneem, sal dus beseft dat hy deur God geroep is om slegs die beste vir sy kind te bewerkstellig, en korrekte huiswerkmodes is nie hiervan uitgesluit nie.

2.3 WAT IS LEER?

Leer is 'n persoonlike ervaring wat alleen deur die kind bemeester kan word. Niemand kan die kind dus iets leer nie. Hierdie feit plaas die kind onder die verpligting dat hy self moet leer ten einde sy menswees tot volle verwesenliking te laat kom (Van der Stoep et al., 1973:124). Elke leermoment kan dus as 'n selfaktiwiteit beskou word wat gemotiveer word deur 'n eie inset, wilsbesluit, regte gesindheid en ingesteldheid (Van der Stoep et al., 1976:124). 'n Kind kan dus nie deur die ouers gedwing word om te leer nie. Die kind is van nature leergierig of nie, en die aspek van "wil weet" word deur positiewe ervaring versterk. Wanneer die kind die leerproses positief ervaar, sal dit hom inspireer om meer te leer. Sukses aktiveer sukses. Negatiewe ervarings ten opsigte van leer kan die leergierigheid van 'n kind demp of laat verdwyn. Voorbeelde hiervan is dwang en te hoë eise, wat angste en reëlsheid tot gevolg kan hê (Sanders, 1977:26-29).

2.4 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SKOOL EN GESIN

Weens die geweldige tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang is die onderwys nie meer uitsluitlik beperk tot die gesin nie, maar het die skool ontwikkel tot 'n gespesialiseerde onderwysinstelling. Dit het meegebring dat daar 'n verwydering ontstaan het tussen opvoeding en onderwys, en dit het noodsaaklik geword dat daar 'n skakeling tussen die huis en die skool bewerkstellig moet word (Pistorius, 1976:67; Van der Walt, 1983:20-21).

Ouers moet 'n vertrouensverhouding met die skool opbou, sodat 'n eenheid gevorm kan word met die oog op die opvoeding en onderwys van die kind. Wedersydse begrip, belangstelling en betrokkenheid is van onskatbare waarde. Die kind se belange word gedien wanneer die ouer begrip en respek toon vir die terreine binne die skool waar met die kind bemoeienis gemaak word (Schutte, 1984:40; Schutte, 1982:198). Die aspekte hierbo genoem kan die kind beïnvloed en sy leer beïnvloed indien die ouer se houding t.o.v. die skool en onderwysers negatief is (Joubert, 1972:75). Daar word trouens gesê: "the indifference of parents can be almost as destructive as criticism, it undermines staff morale, erodes standards, and slows students' progress" (Bayer, 1983:282; Comer, 1986:442).

Die inskakeling van die ouers by die onderwysspan word soms bepleit. Dit word gerugsteun deur die argument dat as die ouer weet wat die opvoedingsprogram is, hy tuis vaslê wat die kind by die skool leer. Hy kan die kind dus praktiese opdragte gee wat verband hou met die skoolwerk. As die kind byvoorbeeld Bybelname geleer het, kan die kind by die huis godsdiens gevra word om 'n spesifieke teks na te slaan en te lees. Daar is baie sulke wyses waarop die kind se leerervaring met sy daaglikse leefwyse in verband gebring kan word. Hierdie kongruensie is uiters noodsaaklik en is baie belangrik wanneer die kind jonk is (Kappelman & Ackerman, 1977:279).

"Die skool en gesin is twee onlosmaaklike entiteite, en die kwaliteit van die twee situasies as studie en leerruimtes spreek saam in die kind se studieprestasies" (Joubert, 1983:68). Die ouer kan die skool dus nie beskou as uitsluitlik verantwoordelik vir sy kind se akademiese opvoeding nie, maar eerder as vennoot in die ontsluiting van die kind se totale persoonlikheid en volle potensiaal (Schutte, 1984:42).

2.5 TUISWERK IS DEEL VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Die doelstellings van opvoedende onderwys bepaal die inhoud daarvan. Hierdie doelstellings moet kortliks omskryf word ten einde vas te stel watter rol tuiswerk in die totale samehang van opvoedende onderwys speel. Wanneer hierdie rol duidelik is, kan die mate van ouerlike betrokkenheid wat hierdie doelstelling sal dien, bespreek word (Pistorius, 1976:155).

Die skool is by uitstek toekoms- en volwassenheidsgerig. Hieruit is dit duidelik dat dit die doelstelling van die skool is om die kind voor te berei vir die toetrede tot die samelewing (Marais, 1987:32). Die ouer en die onderwyser moet in die daaglikse omgang met die kind bogenoemde langtermyn-doelstelling nastreef om die kind te lei tot volle verwesenliking. Dit is belangrik dat die kwaliteit van begeleiding nooit afgewater moet word nie, maar die inhoud daarvan word bepaal deur die ontwikkelingsfase van die kind.

Die opvoeding van die kind in sy totaliteit kan nooit sonder ware Christelike opvoeding geskied nie (Joubert, 1972:212-213). Die kind is in sy totaliteit betrokke by elke selfaktualiseringshandeling, hetsy fisiek of psigies, en by elke funksie, hetsy kognitief, affektief of konatief (Vrey, 1979:52). Beide die ouer en die onderwyser mag nie die een fase oorbeklemtoon ten koste van 'n ander nie. Tuiswerk moet dus gebalanseerd gegee word ten opsigte van sport-, sosiale en kulturele bedrywighede (Joubert, 1972:213).

Vrey (1979:32) onderskei vyf aspekte wat geld as kriteria in die evaluering van die doeltreffendheid van bepaalde opvoedingsprosedures, naamlik:

i. Betekenisgewing

Deur oriëntasie gee die kind betekenis aan sy omgewing, en d.m.v. toenemende betekenisgewing word 'n ontplooiende leefwêreld vir die kind gekonstitueer. Slegs 'n mens wat iets verstaan, kan doeltreffende betekenisgewing ervaar (Vrey, 1979:33).

ii. Betrokkenheid

Betrokkenheid is nie moontlik sonder 'n doel waaraan betekenis gegee kan word en sonder die wil om 'n taak te verrig nie. Die mens is intens gerig op die wêreld waarin hy leef, en hierdie intensionaliteit beklemtoon betrokkenheid. Betrokkenheid word dus in terme van intensionaliteit wat die mens se vitaliteit bepaal en die gepaardgaande nastrewing van 'n betekenisvolle doel gedefinieer (Vrey, 1979:38-39).

iii. Belewings

Gevoelens wat in 'n bepaalde situasie ervaar word, word nie noodwendig opgeroep nie. Gevoelens dui aan hoe 'n bepaalde situasie ervaar word, dus beleef word. Hieruit kan afgelei word dat belewing die kwaliteit van relasies sou bepaal (Vrey, 1979:43-45).

iv. Selfaktualisering

'n Persoon wat poog om al die aspekte van sy persoonsmoontlikhede m.b.t. sy selfheid te realiseer, is besig met selfaktualisering. Hierdie persoon het 'n realistiese selfbeeld, ken sy eie vermoëns en beperkinge, maar dit tas nogtans nie sy selfbeeld aan nie. Selfaktualisering is nie 'n doel wat op sigself nagestreef word nie, maar dit is 'n persoonskenmerk van toewyding vir 'n sinvolle taak (Vrey, 1979:46-47).

v. Die vorming van selfidentiteit en selfkonsep

- Selfidentiteit

'n Kind kom met sy ontwikkeling tot 'n reeks selfkonsepsies t.o.v. wie hy is en hoe hy optree, m.a.w. hy kan al besef of hy reg of verkeerd optree. Deur opvoedingshulp neem hierdie identiteit vorm aan, in so 'n mate dat die individu deur bestendigheid en kontinuïteit homself en ander sal leer ken (Vrey, 1979:48-49).

- Selfkonsep

Selfkonsep met 'n lae of hoë geïntegreerdheid, is altyd vir die individu belangrik, en drie onderling afhanklike komponente van die self, naamlik identiteit, handeling en selfagting, kan onderskei word. Dit is van die uiterste belang dat bogenoemde essensies nie van mekaar geskei word nie maar slegs ter wille van duidelikheid geskei word. Die kind is in sy totaliteit betrokke by elke opvoedingsgebeurtenis (Vrey, 1979:52; Kruger, 1980:57).

Die implementering van bogenoemde vyf kategorieë as evalueringsinstrumente t.o.v. die ouer se betrokkenheid by sy kind se huiswerk is duidelik. Die ouer moet hom t.o.v. elke komponent die volgende afvra:

- i. Maak my gedrag, betrokkenheid, hulp, onbetrokkenheid, vir my kind die leerinhoud duideliker, en lig ek vir hom die essensie daarvan uit?
- ii. Gee my gedrag aanleiding dat my kind besef dat leer sinvol is en dat hy sodoende betrokke by sy werk raak? Word hy dus gemotiveer om te wil leer?
- iii. Hoe beleef my kind my betrokkenheid? Kom ek veeleisend, opdringerig en te streng voor? Is my betrokkenheid ondersteunend en selfs empaties hulpverlenend?
- iv. Wek my betrokkenheid vertroue by my kind, en is hy in staat om self te probeer om sy moontlikhede te aktualiseer, of is ek verkeerd deurdat ek hom nie wil toelaat om iets self te doen nie?
- v. Is my ondersteuning en betrokkenheid so konsekwent dat die kind veilig voel? Is ek altyd beskikbaar as hy my nodig het, sodat hy daardeur 'n selfidentiteit kan ervaar? Bou ek aan 'n positiewe selfkonsep ook t.o.v. sy vermoë tot die hantering van sy huiswerk? (Kruger, 1980:57-72).

Tuiswerk is 'n onderdeel van die totale opvoedingsituasie en dus onlosmaaklik verbind aan die kind se totale opvoedingsgebeure. Tuiswerk is die geleentheid waar die ouer ook 'n kans kry om die kind vir die toekoms voor te berei.

Die doel is om die kind op te voed, sodat hy sy plek in die samelewing sonder die hulp van sy ouers volstaan. n Mens het baie ideale en wonder of jy dit verwerklik sal sien. Dit is met die opvoeding van die kind ook so; die ouer sien nie altyd die resultate van sy ideale nie. Opvoeding in die gesin is n vennootskap tussen ouer en kind, en dit is van intense belang dat die invloed van die skool, kerk en samelewing ook n groter invloed sal hê (Epstein, 1986:280; Van der Walt, 1984:28-32).

Marais (1987:33; Bonfiglio, 1988:19-22) onderskei tussen die volgende elemente van opvoeding:

i. Selfstandigheid

Daar is baie ouers wat n vrees het vir die tyd wanneer kinders selfstandig besluite begin neem en wat dan tot gesagskrisisse in die gesin lei. Die ouers moet aan die kinders n warm atmosfeer van gelykwaardigheid skep waarbinne hulle die geleentheid gegun word om selfstandig op te tree. Die ouers moet daarteen waak om nie te probeer kompenseer vir hulle eie mislukte doelwitte deurdat hulle die kinders se opvoeding daarvolgens rig nie. n Ouer "wat saam met sy kind grootword", bied die kind n geleentheid om d.m.v. n vrymoedige verhouding selfstandig te word. Tuiswerk maak dan ook aanspraak op n kind se vermoë om sake selfstandig aan te pak. Dit is dus belangrik dat die ouer die kind die geleentheid gee om self sy tuiswerk te doen, met hulp van die ouer waar nodig. Belangrik is dit om te beseef dat in die junior primêre fase (st. 1-3) die ouer n sterk rol speel in tuiswerk-sessies. In die senior primêre fase (st. 4-5) moet die ouer hom geleidelik onttrek en die kind die geleentheid bied om algaande selfstandig tuiswerk te doen.

ii. Selfvertroue

n Kind sonder selfvertroue sal altyd onseker wees en nooit werklik beseef of hy die vermoë het om tuiswerksessies suksesvol te bemeester nie. Omdat selfvertroue n uiters belangrike aspek van volwassewording is, moet die ouers aan die kind ruim geleentheid gun om selfvertroue te ontwikkel. Verantwoordelike take kan aan die kind opgedra word, en gaandeweg kan die

kind toegelaat word om verantwoordelikheid vir 'n taak op sy eie skouers te neem. 'n Kind wie se ouers altyd sy huiswerk of take vir hom doen, word nooit selfstandig nie en sal dus nooit 'n gesonde selfvertroue ontwikkel nie. Dit is egter belangrik dat hoewel die ouers meer take op die kind se skouers laai, hulle die kind moet laat beseft dat hy altyd welkom is om met probleme na hulle te kom. Die ouer wat 'n kind dan bystaan sal sy selfvertroue eerder versterk as 'n ouer wat alles vir sy kind doen.

iii. Verwagtinge

Hierdie aspek is seker een van die belangrikste aspekte in die opvoeding van die kind. Daar is gewoonlik drie soorte ouers wat verwagtinge koester. Die eerste groep stel té hoë eise wat onbereikbaar is, die tweede groep stel realistiese eise wat verband hou met die vermoëns van die kind, en die derde groep het geen verwagtinge t.o.v. die kind nie. Hy kan dus maak soos hy wil.

Die ouers wat realistiese ideale stel, voldoen aan die vereistes vir ware opvoeding en handel in ooreenstemming met hulle eie vermoë, belangstellings en aanleg. Die ouers moet wat huiswerk betref, ook realistiese ideale koester. Die kind se belangstellings, vermoë, aanleg en persoonlike omstandighede moet in ag geneem word, en verwagtinge moet daarop gebou word. In die geval van 'n tweeling moet die ouers waak om nie die twee totaal gelyk te stel nie, aangesien hulle verskil, en die "swakkere" se selfvertroue kan gevolglik geweldig geknou word. Eer, prestige en eie belang moet nooit deel wees van 'n ouer se verwagtinge vir sy kind nie.

Die ouer wat realistiese verwagtinge van sy kind koester, moet ook tred hou met die huidige arbeidsmark en die aanvraag vir beroepe wanneer hy die kind leiding wil gee t.o.v. beroepskeuses. Daar is verskeie kinderleidingsklinieke, universiteite en arbeidsburo's beskikbaar wat van onskatbare waarde kan wees indien die ouer en kind inligting en raad verlang.

Dit is dus duidelik uit die literatuur dat die opvoeding van die kind die ouer se opdrag van God is. Die ouer moet onselfsugtig en in geloof die kind bystaan in die huiswerkssessies, om algaande selfstandig te werk ten einde tot 'n volwasse mens, wat selfstandig optree en realistiese eise vir die toekoms stel, te ontwikkel.

2.6 GRENSE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

Verskeie faktore begrens die opvoeding van die kind. Van die belangrikste is:

- * Die samewerking van die kind, wat gepaard gaan met sy wil en betrokkenheid by tuiswerk. Die kind moet dus kies en besluit of hy die tuiswerk wil doen of nie.
- * 'n Stewige ouer-kind-verhouding wat gebaseer is op liefde en vertroue, is ideaal, aangesien opvoeding daarsonder negatief kan verloop.
- * Die aangebore aanleg en vermoë van die kind begrens die opvoeding.
- * Die sondige aard en neiging van die mens is 'n begrensing wat alleen deur God se genade verander kan word.

Wat die verwagtinge van die ouer betref (kyk par. 2.7.3), is 'n bewustheid van beide begrensende faktore baie belangrik. Die grense geld ook vir die ouer. 'n Ouer se wil, realistiese keuse t.o.v. sy kind se opvoeding, sy eie aanleg en vermoëns asook sy eie sondigheid, begrens die kwaliteit van sy opvoedingsbemoëienis (Joubert, 1972:50-52).

2.7 DIE GESIN: ASPEKTE VAN OPVOEDING WAT SKOOLPRESTASIE BEÏNVLOED

Tuiswerk, soos reeds genoem, is slegs 'n onderdeel van die totale opvoeding=situasie. Ouers se betrokkenheid daarby is dus ook slegs 'n onderdeel van die totale opvoedingsstyl en opvoedingsatmosfeer wat in die gesin heers. Verskeie aspekte van gesinsopvoeding wat teenwoordig is en wat die kind maksimale begeleiding sal bied t.o.v. sy onderwysloopbaan, sal kortliks aangesny word. Daar moet gestreef word na optimale benutting van onderwys=geleenthede deur die kind. Joubert (1972:63-64) beskryf hierdie gesinsfeer as bestaande uit die geheel van opvattinge, stemminge en houdings van elke gesinskind.

Joubert (1983:62) beweer dat die betekenisgewing aan leerinhoude deur die kind in 'n groot mate saamhang met die emosionele, verstandelike en normatiewe steun en begeleiding wat die ouers aan die kind bied.

Gibson (1976:69) wys voorts daarop dat opvoeding 'n dinamiese proses is wat met die geboorte van die kind begin. Die interaksies tussen die ouer en die kind beïnvloed nie net sy huidige gedrag nie maar ook sy toekomstige gedrag.

2.7.1 EMOSIONELE ATMOSFEER IN DIE GESIN

Affektiewe verwaarlosing gaan altyd gepaard met opvoedingsverwaarlosing. Ouerliefde is nie noodwendig dieselfde as opvoedende liefde nie. 'n Ouer wat sy kind verwen of oorbeskerm, beoefen nie opvoedende liefde nie. Oberholzer (Vrey, 1979:103), beweer dat 'n kind wat egter 'n goeie opvoeding kry, juis nie liefde ontbeer nie maar eerder liefde ontvang en meer sekuriteit geniet.

Kennis van die kind strek verder as blote objektiewe wete en dui op 'n betrokkenheid en insig in die kind se wel en wee. Kennis groei uit gemeenskap met mekaar en 'n medebelewing van mekaar se menswees.

Sorg is weer eens nie net fisieke versorging nie, maar 'n besorgdheid oor die kind waardeur sy sorgs ook die ouer sm is. Die kind moet toenemend die geleentheid kry om sy eie sorgs te dra. Hierdie bereidheid om terug te staan en nie in te gryp as die kind probleme het nie, dui nie op onbetrokkenheid nie maar meer op gereserveerdheid. Respek dui op waardering vir die uniekheid en selfsinnigheid van die kind. Opvoedende liefde vereis respek vir die waardigheid van die kind. Daar moet dus 'n bereidheid wees om hom te laat weet wie hy is (Joubert, 1983:62).

Verantwoordelikheid behels die bereidheid om te voorsien in al die behoeftes van die kind. Op elke vlak van die kind se ontwikkeling word daar eise gestel aan die ouer se verantwoordelikheid. Die ouer moet dus ook die verantwoordelikheid openbaar om by die veranderende behoeftes van die kind aan te pas (Vrey, 1979:103-105).

2.7.2 MOTIVERING VAN DIE KIND IN DIE GESINSVERBAND

Die motivering van die leerder is by enige leertaak van groot belang. 'n Persoon wat die sin en doel van sy leertaak insien, pak dit positief aan en leer ook baie makliker. 'n Leerder se motivering word op die regte vlak gehou wanneer hy versterking kry ten aansien van waarmee hy besig is (Louw, 1982:374; Nielsen, 1982:41).

Versterkers kan ekstrasiek of intrinsiek van aard wees. Kinders kan geprys word vir prestasies deur bekens, beurse en toekennings. Laasgenoemde het egter nie 'n natuurlike verband met leer nie; daarom word dit ekstrinsieke versterkers genoem. Intrinsieke versterkers is meer gekoppel aan die leeraktiwiteit self. 'n Persoon wat 'n skryfkursus voltooi het, geniet dit om verhale te skryf. Dit gebeur baie dat slegs op ekstrinsieke versterkers gekonsetreer word en dat intrinsieke versterkers heeltemal agterweë gelaat word. Die nadeel van ekstrinsieke versterkers is dat slegs 1 - 2% van 'n groep belonings vir beste werk kry. Die voordeel van intrinsieke versterkers is egter die feit dat wanneer 'n leerder 'n vaardigheid aangeleer het, hy dit kan gebruik met genot. Dit is dus blywend van aard, en elke leerder kan dit verwerf (Nielsen, 1982:42-45). Die ouer moet dus bedag wees daarop dat hy nie ekstrinsieke versterkers moet verabsoluteer nie maar intrinsieke versterkers moet aanmoedig (Louw, 1982:375).

Botha (1988:131) stel dit dat die implementering van 'n ouerbegeleidingsprogram, tesame met skolastiese prestasie-motivering, die skolastiese prestasie van die kind sal verhoog.

Pistorius (1976:68) beweer dat motivering van die kind deur sy gesin 'n onmisbare aansporing tot skoolprestasie is. Hierdie motivering geld nie net vir die verbale vlak nie maar ook vir die hele spektrum van die gesinskultuur. Die kind wat uit 'n huis kom waar die klem op motivering en leer ooreenstem met dié van die skool, het minder probleme met leer op skool (Bloom, 1981:91).

Samewerking en ooreenkoms tussen die onderwyser en die ouers se motivering van die kind het 'n positiewe invloed op sy skoolprestasies (Wlodkowski, 1978:189).

Die kind se lewens- en wêreldbeskouing word in die huis gevorm. Die kind leer deur die voorbeeld van ouerliefde, verantwoordelikheid, positiewe houding, werkwyer en geloof (Hildebrand, 1975:91).

Dave en Walf se navorsing dui daarop dat die ouers se beroep grootliks die determinant is in die gesinsverhouding. Die volgende vyf aspekte is uitgelig as veranderlikes wat die skoolprestasies van 'n kind beïnvloed (Bloom, 1981:93):

- * Werkgewoontes in die gesin: die mate van roetine in die daaglikse huislewe met klem op die gereelde gebruik van beskikbare tyd en ruimte en die prioriteit wat gegee word aan skooltuiswerk bo plesier.
- * Akademiese begeleiding en ondersteuning: die beskikbaarheid en kwaliteit van hulp en aanmoediging van ouers met die kind se skoolwerk en die omgewing waarbinne hy die skoolwerk kan doen.
- * Stimulering in die huis: die geleentheid om by die huis eie idees, gebeurtenisse en die breër omgewing te ondersoek en te ervaar.
- * Taalontwikkeling: die geleentheid om by die huis korrekte en effektiewe taalgebruik aan te leer.
- * Akademiese verwagtinge: die ouers se verwagtinge vir die kind, die standaard wat hulle stel waaraan die kind se skoolwerk moet voldoen en hulle eie belangstelling en kennis in en van die kind se skoolervaring. Betreffende hierdie belangstelling sê Clifford (1981:465): "Parental commitment means a substantial involvement in the learning that occurs in and outside the classroom."

Motivering is nooit slegs eendimensioneel nie; die verbale aanmoediging en verskaffing van byvoorbeeld boeke, penne beteken op sigself nie veel nie. Motivering moet reeds vroeg begin en is 'n deurlopende aksie van opvoedkundig liefdevolle betrokkenheid van die ouer by sy kind (Botha, 1988:130-131).

2.7.3 VERWAGTINGE VAN DIE OUERS

Verwagtinge sal slegs 'n positiewe rol speel as hulle ooreenstem met die vermoë van die kind. Motivering wat gegrond is op eersug, berokken groot skade aan die kind (Sanders, 1977:11; Lamprecht, 1988:41).

Besliste kennis van die kind se potensiaal wat deur opvoedende liefde verkry word, is dus noodsaaklik t.o.v. realistiese verwagtinge. Jacobs (Joubert, 1983:66) beweer dat ouers wat te min of te veel verwag, hul kinders se skoolprestasies negatief beïnvloed. Die ouer moet weet waartoe sy kind in staat is, wat sy aanleg en belangstellings is en ooreenkomstig daarmee realistiese verwagtinge van die kind koester. Die wyse waarop verwagtings uitgespreek word, is van belang. Verwagtings wat as ultimatus gestel is, sal waarskynlik nie dieselfde trefkrag hê as verwagtings wat van vertroue en aanmoediging spreek nie.

2.7.4 OUERS SE ROL T.O.V. DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Die kind se intellektuele ontwikkeling word vergemaklik deur die ondersteuning van die ouers en onderwysers (Gibson, 1976:63). Weer eens is hierdie ontwikkeling 'n proses wat vanaf geboorte plaasvind. Die mate waarin die kind blootgestel word aan ervaringe en geleë word tot selfontdekking, lê vroeg reeds die fundamente vir leer op skool.

Wanneer die kind skool toe gaan, word die belangrikste taak van die ouers om die kind se belangstelling in sy skoolwerk te bevorder. Die voorsiening van geskikte lektuur en die aanmoediging om wyd en baie te lees verseker die ouer dat sy kind se verstandelike vorming steeds die beste aandag geniet (Joubert, 1972:44).

2.7.5 IN DIE GESIN WORD "GELEER OM TE LEER"

Leer om te leer behels nie net bloot die "afrigting" van die kind om skoolwerk te doen nie maar sluit ook aspekte soos motivering in wat die kind leer om tuiswerk met 'n lekker hart te doen. Voorts sluit dit ook die ontwikkeling van die kind se gewilligheid in om van ander mense te leer, asook die leiding van die ouer, wat die kind in staat stel om eers te werk vir sy

ideale en doelstellings eerder as om plesier na te jaag. Deur sulke ontwikkeling verander die kind sy eie selfsugtige verwagtinge na meer realistiese verwagtinge (Bloom, 1981:79).

2.8 OERLIKE BETROKKENHEID BY TUISWERK (RIGLYNE)

Dit was op grond van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) se versoek dat 'n diepgaande studie gemaak word oor tuiswerk in die Junior Primêre skoolfase (Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAO) "Overstem", 1988:3).

Daar bestaan by baie ouers die vraag in welke mate hulle betrokke moet raak by die tuiswerk van hulle kind. Die vraag is dikwels op welke manier dit gedoen moet word. Moet die kind gedryf en gedwing word? Mag die kind gehelp word, en in welke mate? (Marais, 1981:1669). Die volgende riglyne is belangrik:

2.8.1 SKEP VAN 'N REGTE OMGEWING

Die vertrek waarin die kind studeer, moet stil, verlig en goed geventileer wees. Dit is ook belangrik dat die kind altyd op dieselfde plek moet begin studeer en dadelik begin wanneer hy gaan sit (Joubert, 1983:85). Die leer= situasie moet van so 'n aard wees dat die kind kan konsentreer, en steurnisse moet vermy word. Daar moet niks wees wat sy aandag kan aflei nie. Daar moet nie speelgoed op die tafel lê nie, en die radio en televisie en ander geluide moet tot die uiterste mate beperk word. Soveel sintuie as moontlik moet betrokke wees by die leersituasie, en die kind moet daarom die geleentheid hê om te kan skryf, hardop te lees en te praat en sodoende te memoriseer (Sanders, 1977:48).

2.8.2 GEREELDE TUISWERKTYE

Spesifieke tye moet vir tuiswerk opsy gesit word. Dit is beter as die kind so gou as moontlik na die tuiskoms met tuiswerk begin. Hoe langer die tussenpose, hoe moeiliker kan hy weer aan die gang kom. Dit is soms moeilik vir die kind om die middag tuiswerk te doen, aangesien daar buitemuurse aktiwiteite is waaraan deelgeneem word. Die alternatief is

dat die kind in die aand so vroeg as moontlik, voor hy te moeg en vaak is, die tuiswerk doen (Sanders, 1977:49; Comer, 1986:445).

Dit is baie belangrik dat 'n studieprogram waarin sport en kulturele bedrywighede ook 'n plek het, opgestel moet word. Die kind moet dus deurgaans bewus wees van die feit dat tuiswerk 'n definitiewe plek in sy daaglikse program het (Joubert, 1983:88). Daaglikse studie is van die uiterste belang, en die ouer moet die kind dit gereeld op die hart druk. Tuiswerk wat elke dag gereeld en getrou gedoen word en op datum gebring word, word baie makliker onthou as wanneer dit alles op een dag gedoen word (Sanders, 1977:50; Holmes et al., 1989:3).

Uit bogenoemde blyk dit dat beplanning die belangrikste faset van tuiswerk doen is, want goedbeplande tuiswerksessies lei tot optimale benutting van 'n dag. Die kind kan sy oorblywende tyd dan beter benut (Marais, 1987:33; Palardy, 1988:15). Dit is belangrik dat die kind doelgerig met sy taak besig raak en dit voltooi binne die tyd wat daarvoor afgebaken is. Om nie altyd met die lekkerste werk te begin nie, sal dissipline toegepas moet word. Die kind moet met die moeilikste werk eerste begin en dit afwissel met makliker take (Sanders, 1977:51-53).

Dit is dus die ouers se plig om die kind te help om 'n doeltreffende studieprogram op te stel en daarby te bly. Hoewel min kinders aan die begin die selfbeheersing het om by so 'n program te bly, kan die ferm, liefdevolle leiding van die ouer hulle help om 'n tuiswerkprogram te aanvaar en suksesvol toe te pas. Die kind moet tot die besef gebring word dat wanneer hy sy tuiswerkpligte afgehandel het, daar nog oorgenoeg tyd vir ander aktiwiteite is, aangesien hy hom dan nie verder oor die tuiswerk hoef te bekommer nie (Miller & Baker, 1976:109).

2.8.3 VERANTWOORDELIKHEID VIR EIE TUISWERK

Die ouer moet sy betrokkenheid by tuiswerk nie allesoorheersend laat word nie. Die ouer moet konsekwent en streng wees in sy eis dat 'n studieprogram gevolg moet word. Namate die kind groter word, moet eie verantwoordelikheid

by die kind gekweek word. Die kind wat dan nie sy tuiswerk doen nie, moet die gevolge dra (Miller & Baker, 1976:109).

Die doel van tuiswerk is nie om die kind na skool besig te hou nie, maar om die kind te leer om self te werk en verantwoordelikheid vir sy werk te aanvaar. Vergelyk par. 2.2.1 (Palardy, 1988:14).

Die kind moet nie gedurig aangepor word om te werk nie. Daar moet onderskei word tussen erkenning vir goeie werk wat gedoen is en beloftes van geskenke indien die kind die tuiswerk doen. Beloftes van geskenke leer die kind nie om tuiswerk te doen nie, maar die kind beskou dit as 'n middel tot 'n doel. Lof en klaarblyklike trots is beter maniere om positiewe gesindhede t.o.v. tuiswerk te kweek. Tuiswerk is 'n taak waarmee die kind moet leer om homself te identifiseer (Joubert, 1983:84; Holmes, 1989:3).

Opvoeding in alle vorme moet daarop gemik wees om die kind tot groter selfstandigheid te lei, en tuiswerk is geen uitsondering nie. Die kind se vermoë word grootliks beproef deurdat hy moet poog om tuiswerk selfstandig te doen. Die kind moet dus die geleentheid gegun word om sake selfstandig aan te pak en te bemeester. Laasgenoemde aspek, tesame met 'n warm huislike atmosfeer, kan en sal baie daartoe bydra dat die kind in 'n sfeer van belangstelling en welwillendheid sy tuiswerk met minder probleme sal aanpak en afhandel (Partin, 1986:118; Foyle et al., 1988:292).

Die ouer moet ook waak teen te streng kontrole wat die kind eie verantwoordelikheid en selfstandigheid kan ontnem. Die kind kan maklik in 'n gewoonte verval om nie noukeurig te werk nie, aangesien sy ouers tog die tuiswerk gaan kontroleer en die foute opspoor. Hy kan ook so gewoond raak om bv. sy ouers die spelling van woorde te vra, dat hy afleer om self moeite te doen. Die ouer wat aan sulke gedrag goedkeuring verleen, begelei nie die kind tot eie werkzaamheid en kreatiwiteit nie.

2.8.4 VOLDOENDE SLAAP EN VOEDSAME KOS

Volgende slaap en voedsame kos is noodsaaklik vir volgehoue produktiewe studie. Die kind se tyd moet dus so ingeruim word dat hy voldoende slaap kry. In die huidige tydsgewrig van die twintigste eeu waar televisie n groot invloed op die gesin het, is ouerlike kontrole ook baie belangrik. Die kind se televisiekyktyd moet ook by sy tuiswerkprogram ingedeel wees. Geen kind kan sy beste lewer as hy vaak is nie. Daar is nie definitiewe voorskrifte t.o.v. slaapyd nie, maar genoeg slaapyd vir n kind is n vereiste; 6-7 uur vir n kind is goed (Sanders, 1977:52).

2.8.5 DOELGERIGTE WERK

Die kind moet leer om doelgerig te werk, en doelwitte moet vir elke tuiswerkperiode gestel word. Die kind moet dus prakties neerskryf wat hy wil doen gedurende n tuiswerkperiode.

Selfgestelde doelwitte het die potensiaal tot motivering en dwing die kind om sy tuiswerk met toegewydheid te doen. Selfgestelde doelwitte sal baie meer tot selfverwesenliking lei as doelwitte wat deur die ouer gestel is (Clifford, 1981:507).

2.8.6 DIE OUER SE AANDEEL IN OPVOEDING TOT 'N POSITIEWE STUDIEHOUDING

In die voorafgaande afdelings is die ouerlike plig teenoor sy kind en wat dit behoort te wees nader toegelig. Dit blyk dat n kind positief ingestel moet wees op die doen van tuiswerk, wat weer slegs moontlik is as die kind oor n positiewe studiehouding beskik.

Marais (1981:1671-1675; Bonfiglio, 1988:19-22) stel die volgende riglyne as die ouer se praktiese aandeel in die kind se opvoeding tot n positiewe studiehouding:

i. Positiewe taakaanvaarding deur die kind

Die ouer moet die vierde gebod van die Wet: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen" (Ex. 20:9) as fondament gebruik vir die opvoeding van sy kind. Die kind ondervind sy eerste kennismaking hiermee in die huis, en reeds hier word die basis vir arbeidsuitvoering gelê.

Die kind leer arbeidsverdeling en samewerking as 'n doel. Die kind moet dus geleer word om sy werk met vreugde en blymoedigheid te volvoer, en sodanige atmosfeer moet deur die ouer geskep word (Marais, 1981:1671).

Die ouer moet die kind leer dat arbeid nooit op eie eer gemik moet wees nie. Die mens is op aarde geplaas met 'n duidelike roeping om sy medemens te dien en lief te hê soos homself. Die kind moet dus geleer word dat arbeid verrig word met die talente wat God aan die kind gegee het. Die kind moet met hierdie talente woeker en dit ontwikkel tot eer van God, homself en sy naaste (Marais, 1981:1672).

Die kind bring die grootste gedeelte van sy leeftyd by die huis deur. Die huis is die plek waar hy meestal sy tuiswerk doen, en dit is dan ook die taak van die ouer om toe te sien dat die kind reeds van die eerste skooldag af sy tuiswerk getrou doen. Fondamente soos laasgenoemde sal die verdere uitbou van tuiswerksessies baie vergemaklik (Bonfiglio, 1988:19).

ii. Die kind as psigiese wese en 'n positiewe studiehouding

Die kind is 'n psigiese wese, en dit is daarom belangrik dat die ouer op al die psigiese vermoëns van die kind ingestel moet wees. 'n Kind se houding en gevoelens word bepaal deur die wyse waarop ouers die tuiswerk beoordeel en dit hanteer. Hoe meer die kind die geleentheid kry om aktief aan skoolaktiwiteite deel te neem (ook tuiswerk), hoe meer tyd is daar om gevoelens van bekwaamheid en eiewaarde te ontwikkel (Louw, 1984:324).

iii. n Sinvolle bestaan en n positiewe studiehouding

Die mens se hart is sy gevoelsentrum en die basis waar alle sin vir die lewe ervaar word. Dit is a.g.v. hierdie rede dat die mens anders is as ander geskape wesens. God maak ook aanspraak op die mens se hart (Du Toit, 1970:70). "Verhard nie jou hart as jy my stem hoor nie." Die hart is dus die sentrum waarmee die mens sy lewe rig. Dit is dus baie belangrik dat die kind van kleins af opgevoed moet word om die sin van die lewe te begryp. "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië, want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of self" (Pred. 12:13-14). Die mens sal dus tot verantwoording geroep word vir die werk wat hy gedoen het (Marais, 1983:189-193).

Die mens het kennis nodig ten einde werk te verrig, en hierdie kennis= verkryging begin in die skool. Die ouer moet die kind help om te beseft dat skoolgaan nie n straf is nie, maar dat dit aan die mens die toerusting verskaf om te "heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op aarde kruip" (Gen. 1:28). Die kind moet dus die regte beseft hê van die skool en ook beseft dat tuiswerk n verbreding van kennis is en nie n manier om die kind se tyd te "mors" nie (Epstein, 1986:280-281).

iv. Norme en beginsels en n positiewe studiehouding

Die mens se hele lewenswandel bestaan uit die navolging van beginsels en norme. Mense wat nie norme en beginsels het nie, word nie deur die samelewing aanvaar nie en voel dus ook verwerp. Dit is belangrik dat die kind geleer word om norme en beginsels op alle terreine van die samelewing toe te pas - alle terreine, soos liefde vir die landslag, patriotisme, ekonomie en geskiedenis. Godsdienst hou verband met skool= werk en andersom. Die kind moet dus tot die beseft gelei word dat skool= werk al hierdie terreine sal ontsluit en dat hy deur die korrekte norme en beginsels n volwassene kan word wat sy plek op alle terreine van die lewe suksesvol kan volstaan (Partin, 1986:118).

v. Die kind as 'n kennende wese en 'n positiewe studiehouding

Die ouer moet nie van die standpunt uitgaan dat die kind slegs deur sintuiglike waarneming leer nie; die kind moet toegelaat word om sy omgewing te verken. Die kind moet blootgestel word aan opvoedkundige leesstof en radioprogramme. Die kind moet geleer word dat die verkryging van die minimum kennis nie genoeg is nie, maar dat hy altyd moet poog om sy kennis te verbreed (Epstein, 1986:282).

vi. Die kind se verbeeldingslewe en 'n positiewe studiehouding

'n Kind het 'n ryke verbeelding waarvoor die ouer deeglik begrip moet toon. Die kind moet leer om met die nodige selfkennis ideale vir homself en sy volk te kweek, sodat hy uiteindelik deur middel van sy denke sy Godgegewe talente tot die maksimum kan gebruik. Korrekte en verantwoordelike vakkeuses kan slegs gemaak word deur positiewe oerbetrokkenheid. Dit is belangrik dat die ouer tuiswerkgewoontes by die kind inskerp terwyl sy verbeelding ontvanklik is daarvoor (Comer, 1986:446; Epstein, 1986:282-284).

Wanneer 'n kind 'n opregte wil het om te studeer, kan baie vermag word. Ouers kan nie van die onderwysers verwag om belangstelling vir 'n vak by die kind te kweek as hulle nie die kind ook aanmoedig en hyself belangstel in die vak nie. Die wil om te presteer is gesetel in die begeerte om betrokke te wees en die bereidwilligheid om studie positief aan te pak.

Die kind moet 'n "Ek kan as ek wil"-lebensfilosofie wees en aangeleer word, en d.m.v. gesprekke met temas soos: My plig teenoor my volk, land en kerk gestimuleer word. My talente ensovoorts moet deur die ouer met die kind bespreek word (Marais, 1981:1674).

Dit is dus duidelik dat 'n positiewe studiehouding nie soos in die geval van studiegewoontes en -metodes eers later aangeleer kan word nie. Die aanleer van positiewe studiehoudings is 'n proses wat van jongs af deur die ouer toegepas moet word en as deel van 'n kind se persoonlikheid ontwikkel word. Die ouer het dus 'n geweldige groot rol te speel in die kweek van 'n positiewe studiehouding by die kind. Positiewe studiehoudings

is, soos blyk uit bogenoemde argumente, die fondament vir suksesvolle tuiswerksessies. 'n Kind met 'n positiewe studiehouding sal ook 'n positiewe gesindheid openbaar teenoor die doen van tuiswerk. Die rol van die ouer word hier ook as onmisbaar beskou (Palardy, 1988:14-15).

2.8.7 KONSEKWENTHEID

Die ouer en die kind moet saam besluit t.o.v. die reëls wat tuiswerk geld, en dit moet dan konsekwent toegepas word. Die kind moet presies weet wat van hom verwag word en dat daar geen uitsondering op die reël is nie. Konsekwentheid lei noodwendig tot duidelike reëls (Marais, 1988:32; Bonfiglio, 1988:22).

2.8.8 DUIDELIKE HUISWERKREËLS

Die tuiswerkreëls moet baie duidelik wees, en wanneer daar 'n wysiging gemaak moet word, moet bepaalde reëls neergelê word waaroor die ouer en die kind ooreengekom het. Hoewel kinders soms nie van die reëls sal hou nie, sal die kind nie maklik 'n kontrak verbreek as die reëls duidelik is nie. Die ouer moet beseft dat hy nie die reg het om minder of meer te eis as waaroor ooreengekom is nie. Haalbare reëls sal nie probleme veroorsaak as dit duidelik en bereikbaar gestel is nie. Realistiese reëls moet die doel van die ouer wees. Dit is belangrik dat toepaslike en uitvoerbare reëls gekies moet word (Rich, 1976:321).

2.8.9 TOEPASLIKE REËLS

Moeilike tuiswerkreëls het die gevolg dat die kind nie die reëls sal nacom nie. Die reëls moet so wees dat dit die uitvoer van die tuiswerk maklik sal laat vlot. Te min tyd of te veel werk mag die kind ontmoedig. Reëls moet ook maklik uitvoerbaar wees. Ouers mag nie net reëls maak om sodoende van die kind ontslae te raak nie. Reëls wat nie uitvoerbaar is nie, bring mee dat die kind nie die tuiswerk met volle aandag en toegewydeheid sal voltooi nie (Marais, 1988:33; Bonfiglio, 1988:22).

2.8.10 BELOON KORREKTE GEWOONTES

Een van die belangrikste aspekte van ouerbetrokkenheid is dat die kind beloon moet word vir afgehandelde werk. Dit is ook belangrik dat tuiswerk gekontroleer moet word en die kind geprys moet word vir wat hy reg en goed gedoen het. Gedurige belangstelling en gereelde vrae oor sy werk sal die kind motiveer om sy werk meer toegewyd te doen (Comer, 1986:442).

2.8.11 SAMEVATTING

Bogenoemde literatuur bevestig die feit dat ouerbetrokkenheid by huiswerk 'n onmisbare skakel is in die ontwikkeling van die kind tot volwaardige volwassene. Die ouer is deur God geroep om die kind namens Hom tot eer van homself, sy volk en God op te voed en te lei tot 'n godvrugtige skepsel van God.

Die ouer het 'n sterk begeleidende rol waarin hy reëls, gedagtes, gesprekke en leiding moet toepas en gee, ten einde die kind te leer om tuiswerksessies nuttig en suksesvol te benut.

Die ouer moet dus op die volgende punte let:

- * Skep van die regte omgewing.
- * Tuiswerktye.
- * Verantwoordelikheid by die kind te kweek.
- * Voedsel en slaap.
- * Opvoed tot 'n positiewe studiehouding.
- * Konsekwenheid.
- * Tuiswerkreëls.
- * Toepaslike reëls.
- * Beloning.

2.8.12 OORSAKE WAAROM TUISWERK MISLUK

Die kind is op die leiding van sy ouers aangewese ten einde 'n liefde vir leer te ontwikkel en sodoende optimaal te presteer. Die ouer moet dus ook bewus wees van faktore wat tuiswerk kan laat misluk (Comer, 1986:442).

Onderwysers kan ook bydra tot die mislukking van tuiswerk by kinders. Dit is belangrik dat ouers kennis neem van die onderwyser en sy bydrae tot mislukking, sodat hulle 'n negatiewe aspek aan die onderwyser kan rapporteer (Epstein, 1986:277).

Die faktore wat bydra tot tuiswerkmislukking, is: persoonlikheidsfaktore, simptome van faalangts, oorsake van faalangts en belangstelling. Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

2.8.12.1 Persoonlikheidsfaktore

Baie kinders, trouens die meeste, het al angste ervaar, en sommige persone ervaar angste op beslissende oomblikke, omdat daar van hulle verwag word om te presteer. Hierdie angste word ook faalangts genoem, dit is dus 'n vrees om te misluk. Faalangts hoef nie negatief te wees nie, omdat sommige mense hulle beste prestasie lewer wanneer hulle onder druk is. Negatiewe faalangts veroorsaak dat die kind heeltemal toeslaan en alle nuggere denke geblokkeer word. Die oorsaak van faalangts kan sover as die huislike omstandighede van die kind en die opvoeding van sy ouer nagespeur word. Kinders wat aan negatiewe faalangts ly, onderskat hulself en oorskat hulle tuiswerk. Die ouer het dus die taak om die kind so op te voed dat hy 'n positiewe selfvertroue het en negatiewe faalangts dus te bowe kan kom wanneer hy daarmee te doen kry. Dit is ook noodsaaklik dat die ouer op hoogte is van die simptome van faalangts, ten einde maksimaal betrokke te wees by die opvoeding van die kind en spesifiek by die verbetering van sy tuiswerkgewoontes (Foyle et al., 1988:293).

2.8.12.2 Simptome van faalangs

- a. Sweterige hande.
- b. Hart klop vinnig wanneer die kind iets moet beantwoord.
- c. Die kind voel swakker as ander kinders.
- d. Die kind is senuweeagtig wanneer hy iets moet sê.
- e. Die kind weet niks kort voor 'n eksamen nie.
- f. Die kind is onrustig op die vooraand van die eksamen.
- g. Die kind is onseker wanneer hy voor probleme te staan kom.
- h. Hy is verward wanneer hy skielik in die klas moet optree (Marais, 1987:32; Singh, 1987:14).

2.8.12.3 Oorsake van faalangs

Die wyse waarop 'n kind aangespreek word as hy fouteer, kan as een van die grootste enkele faktore van negatiewe faalangs beskou word. Die oorsake is kortliks die volgende:

- a. Opdragte wat in 'n te kort tydjie voltooi moet word.
- b. Negatiewe prestasiebeoordeling. Die kind word slegs op sy foute gewys en kry nie erkenning vir wat hy reg het nie.
- c. Opmerkings van ouers en onderwysers word persoonlik opgeneem. Ouers moet dus daarteen waak dat hulle nie, wanneer hulle met die kind raas, dinge sê wat hom as dom, lui en tot niks in staat bestempel nie (Marais, 1987:32; Singh, 1987:14-18).

Faalangs kan teegewerk word deurdat die ouer eerder taakgerigte as persoonsgerigte opmerkings maak. Die ouer moet ook positief klink en optree. Die kind kan met makliker tuiswerk begin. Die ouer kan opmerkings maak soos: "Sjoe, hierdie werk is darem netjies". Dit sal die kind positief instel en selfvertroue gee. Die ouer moet konsentreer op wat die kind reg doen (Parten, 1986:118-119).

2.8.12.4 Aanleg en belangstelling

Aanleg en belangstelling speel 'n belangrike rol by tuiswerk doen, en heelwat ouers het verkeerde opvattinge hieromtrent. Die twee begrippe word kortliks bespreek.

i. Aanleg

Die hoeveelheid potensiaal waaroor 'n persoon beskik wat hom in staat stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik met 'n gegewe hoeveelheid oefening, kan as aanleg beskou word. Aanleg, tesame met persoonlikheids-eienskappe soos belangstelling, houding en motivering, sal die peil van bekwaamheid en vaardigheid wat bereik kan word, bepaal (Marais, 1987:33).

Baie kinders is ewe begaafd t.o.v. nie-verbale en verbale aanleg, terwyl baie kinders slegs in een van die twee presteer. Die mate waarin kinders optimaal kan presteer, hang in 'n groot mate van die leergeleenthede af wat deur die ouers en onderwysers verskaf word. Die kind is vir sy totale ontwikkeling van die ouers en die skool afhanklik, waarvan die ouer die fondament is (Partin, 1987:118).

Daar word min gedoen om die kreatiewe denke van die kind te ontwikkel. Ouers vergelyk hulle kinders se prestasies met dié van ander kinders en skep nie die atmosfeer dat die kind 'n kreatiewe wese is wat uniek is, ook in sy prestasie nie. Die ouer kan baie daartoe bydra om die kind se aanleg te verbreed en te help ontwikkel. Ouers kan 'n warm atmosfeer skep, 'n waaghouding by die kind aankweek en hom geleentheid gee om vrae te stel. Die kind moet ook die geleentheid gegun word om selfontdekkings te doen en selfstandige besluite te neem (Keith et al., 1986:373-375).

Ouers moet dit nie aan hulle kinders opdra om dinge te doen waartoe hulle nie in staat is nie, maar die kind moet deur ervaring leer om dinge te bemeester. Die bekwaamheid wat 'n kind bereik, is die eindresultaat van die leerprosesse wat dit voorafgegaan het. Die vroeë lewenspaaië van die kind is in hierdie verband baie belangrik. Die selfdoendrang by kinders moet nooit gerem word nie. Kinders wat selfstandig grootword, het

n groter motivering vir leer en word intelligenter. Opvoeding moet op die vertroue in aanleg en vermoëns gemik wees. Die kind moet beseft dat hy n taak kan behartig. Dieselfde geld ook vir tuiswerk (Keith et al., 1986:375).

ii. Belangstelling

Konstante negatiewe of positiewe gerigtheid teenoor n bepaalde aktiwiteit kan as belangstelling gedefinieer word. Belangstelling is gerig op die hele persoonlikheid en is n aanduiding van die wil van n persoon om iets te doen. Interessante dinge motiveer mense om dit te ondersoek en sodoende n belangstelling daarin te ontwikkel (Kodus, 1978:1).

Die bereidwilligheid om vervelike werk te doen, hang nou saam met studiesukses en die mate van oorgawe waarmee tuiswerk gedoen word. Die kind moet, al hou hy nie van tuiswerk of die vak nie, tog beseft dat hy n verantwoordelikheid het om dit te doen. Die ouer moet die volgende in ag neem wanneer hy die kind help met tuiswerk:

- i. Belangstelling in n vak lei nie noodwendig tot prestasie nie.
- ii. Goeie prestasie in n vak is nie n definitiewe aanduiding dat hy van die vak hou nie.
- iii. Dit is nie korrek om te aanvaar dat belangstelling noodwendig n voorvereiste is vir goeie prestasies in n vak nie. Belangstelling in n vak kan juis ontstaan as gevolg van goeie prestasies.
- iv. Beloning kan belangstelling versterk.
- v. Belangstelling kan die moontlikheid van goeie prestasie verhoog.
- vi. Die invloed wat n persoon self op sy belangstelling het, is groter=deels afhanklik van vroeëre ervarings (Marais, 1987:33).

2.8.12.5 Samevatting

Aanleg en belangstelling speel dus n belangrike rol in die studiesukses van die kind en ook by tuiswerk. Die ouer is n belangrike vennoot in die opvoedingsorganisasie ten einde die kind se aanleg en belangstellings te

stimuleer en uit te brei. Ouers het 'n voortdurende toesighoudende hoedanigheid ten einde vas te stel hoe hulle kind vorder met tuiswerk en of daar probleme is wat doeltreffende tuiswerksessies demp. Die ouer van veral die senior primêre kind moet juis baie bedag wees op probleme en die vordering van die kind, aangesien die kind tot en met 12 jaar die vatbaarste is vir indrukke en opvoeding. Die ouer van die senior primêre skoolkind moet dus baie betrokke wees by die tuiswerk van sy kind ten einde die nodige leiding t.o.v. tuiswerk aan die kind te gee en ook om vas te stel wat die kind se ervaring in tuiswerk is en sy voorkeure en afkere ten opsigte daarvan (Keith et al., 1986:376-380; Marais, 1987:32).

Vervolgens word die Transvaalse Onderwysdepartement se beleid t.o.v. tuiswerk onder die loep geneem.

2.9 DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT SE BELEID TEN OPSIGTE VAN TUISWERK

2.9.1 DEFINISIE

Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) (1986:81) definieer tuiswerk soos volg:

"Huiswerk word gesien as die uitvoering van 'n opdrag of versoek van 'n onderwyser wat buite die gewone skoolure deur die leerling self of onder leiding van die ouers of ander volwassenes afgehandel en/of geleer moet word."

Dit stem ooreen met die definisie van Marais (1987:32) deurdat albei meen dat tuiswerk die uitvoer van 'n opdrag buite normale skoolure is.

2.9.2 DOELSTELLINGS

i. Opvoeding tot selfstandigheid en verantwoordelikheid d.m.v. selfwerksaamheid.

ii. Die vorming van gesonde studiegewoontes.

- iii. Die aanleer van goeie studiemetodes.
- iv. Selfdisiplinerings t.o.v. vryetydsbesteding.
- v. Skep van die toepaslike geleentheid om selfstandig kennis te verwerf en te bemeester (TOD, 1986:81).

2.9.3 RIGLYNE

2.9.3.1 Ouerbetrokkenheid

Ouers dring in 'n meerdere mate volgens die TOD (1986:82) daarop aan dat hulle hul kinders in hulle skoolloopbaan wil ondersteun deur buite skoolure met hulle bemoeienis te maak. Kinders se algemene ontwikkeling in die primêre fase is van so 'n aard dat hulle in staat is om meer te doen en te wil doen. Hierdie stelling het tot gevolg dat die bepaling van geen huiswerk nie reeds in die junior primêre fase verval en ook nie meer opvoedkundig regverdigbaar is nie (TOD, 1986:82).

Dit is belangrik dat onoordeelkundige invoeging van huiswerk in die junior primêre fase in alle opsigte uitgeskakel moet word. Onoordeelkundige inskakeling kan 'n negatiewe beleving van die leer- en onderrigsituasie tot gevolg hê (TOD, 1986:82).

2.9.3.2 Formulerings van huiswerkopdragte

Die formulering van huiswerkopdragte vorm 'n uiters belangrike deel van die onderwyser se lesbeplanning. Goedgeformuleerde huiswerk stel die kind in staat om sy huiswerk maklik en sistematies af te handel (TOD, 1986:82). Die TOD (1986:82) stel die volgende beginsels as riglyn by die formulering vir huiswerkopdragte:

- i. Die onderrig word sinvol aangevul en/of afgerond.
- ii. Huiswerk moet gebaseer wees op werk wat die leerling goed verstaan.
- iii. Dit moet die leerling se belangstelling wek en sy denke aktiveer.

- iv. Dit moet duidelik geformuleer word, sodat die kind geen twyfel het omtrent wat van hom verwag word nie.
- v. Tuiswerkopdragte moet gedifferensieer wees om in die behoeftes van die verskillende bekwaamheidsgroepe te voorsien.
- vi. Elke tuiswerkopdrag moet vir die kind sinvol wees.
- vii. Tuiswerk moet as aanvulling en voortsetting van afgehandelde lesse dien.
- viii. Die korrelasie van vakinhoud moet waar moontlik oorweeg word.
- ix. Tuiswerk bied aan begaafde leerlinge interessante uitdagings.

2.9.3.3 Tydsaspek

Tuiswerk mag nie meer tyd as wat daarvoor toegewys is, in beslag neem nie, ten einde die leerling geleentheid te gee om aan ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

2.9.3.4 Hulpmiddels

Die nodige hulpmiddels wat benodig kan word in die voltooiing van die tuiswerk, moet beskikbaar wees.

2.9.3.5 Mediasentrum

Die mediasentrum moet te alle tye toeganklik wees vir die leerling in die raadpleeg van 'n mediabron ter voltooiing van 'n tuiswerkopdrag.

2.9.3.6 Opvoedkundige doelstellings

Die opvoedkundige doelstellings moet gereeld gegee word, ten einde die doelstellings suksesvol te bereik.

2.9.3.7 Kontrolering van tuiswerk

Tuiswerk moet gereeld gekontroleer en nagesien word.

2.9.3.8 Omstandighede van leerling

Individuele leerlinge se spesifieke omstandighede moet billikheidshalwe in ag geneem word by die gee van tuiswerk.

2.9.3.9 Tuiswerk en strafmaatreëls

Tuiswerk mag in geen omstandighede as strafmaatreëls gegee word nie.

2.9.4 DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER — RIGLYNE (TOD, 1986:83)

Ten einde die opvoedingsdoelstellings met tuiswerk te bereik moet daar n noue samewerking tussen die ouers en die skool wees. Die ouers moet ook van die volgende aspekte deeglik kennis neem:

2.9.4.1 Studieplek

n Stil afgesonderde studieplek waar die kind sy tuiswerk ongestoord kan doen, moet in die huis afgesonder word.

2.9.4.2 Studietye

Die gereelde studietye van n kind moet in die daaglikse dagbeplanning van die huisgesin ingesluit word en stiptelik nagekom word.

2.9.4.3 Buitemuurse aktiwiteite

Dit is die plig van die ouer om toe te sien dat die kind se buitemuurse aktiwiteite nie met sy studietye bots en andersom nie.

2.9.4.4 Onderrigtaak van die ouer t.o.v. die skool

Ouers mag nie die onderrigtaak van die skool oorneem nie, aangesien verskillende verduidelikingsmetodes die kind kan verwar en sodoende sy vordering rem.

2.9.4.5 Optrede van ouer t.o.v. die doen van huiswerk

Die ouer moet slegs ondersteunend optree en nooit die huiswerkopdragte vir die kind doen nie.

2.9.4.6 Probleme by die kind

In die gevalle waar die ouer probleme by die kind opmerk, moet dit onverwyld onder die aandag van die hoof gebring word.

2.9.4.7 Hoof se plig t.o.v. die ouers

Indien die hoof die ouers nie inlig oor wat hulle aandeel in die bereiking van die opvoedingsdoel met huiswerk is nie, moet die ouers aandring op 'n breedvoerige verduideliking hieromtrent (TOD, 1986:83-84).

2.9.5 TYDSTOEWYSING

Die moeilikheidsgraad en omvang van die huiswerk bepaal die tydperk van huiswerk. Verdere faktore is die vorderingsvlak van die leerling, sy psigofisiese moontlikhede en beperkinge tydens elke ontwikkelingsvlak, en sekere persoonlike en plaaslike omstandighede.

Vir die senior primêre fase waaroor hierdie empiriese ondersoek handel, word die volgende maksimumtye per dag voorgeskryf:

St. 2 - $\frac{1}{2}$ uur

St. 3 - $\frac{1}{2}$ uur

St. 4 - $\frac{3}{4}$ uur

St. 5 - 1 uur

Namate die kind hoër standerds bereik, word die tye verleng en bereik n hoogtepunt in st. 10 waar n perk van 4 uur gestel word.

2.9.6 GEVOLGTREKKING

Uit bostaande feite verkry in die TOD-omsendminuut 26 van 1986 blyk dit dat ook van die onderwysowerheid se kant n behoefte aan samewerking tussen die skool en die ouer wenslik geag word (TOD, 1986:83).

Die TOD stel duidelike riglyne t.o.v. wat verwag word van die kind sowel as die ouer. Dit is ook duidelik dat tuiswerk nie net n tydverdryf is nie maar wel n verbreding en verdieping van die kind se kennis (TOD, 1986:82-83). Daar word ook aandag gegee aan aspekte waarvan die ouer kennis moet neem in sy betrokkenheid by die tuiswerk van die kind. Hierdie aspekte kan van groot waarde wees, omdat wanneer die ouer hiervan kennis neem, én dit toepas, hy dus op hoogte is wat van die skool se kant van hom verwag word. Sodoende word n goeie kommunikasiekanaal en samewerkingsband tussen die ouer en die skool verkry. Dit is ook belangrik dat die ouer dus gereeld deur die hoof op hoogte gehou word oor aspekte t.o.v. tuiswerk en ook ouerbetrokkenheid in hierdie verband (TOD, 1986:83-84).

2.10 SLOTPMERKINGS

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat tuiswerk n onlosmaaklike deel van die totale opvoedingsgebeure vorm en dat die ouer se betrokkenheid daarby uiters noodsaaklik is. Die ouer het dus n daaglikse verantwoordelikheid om sy kind by te staan in die afhandeling van sy tuiswerk. Dié aspekte van tuiswerk is baie nou vervleg met ouerbetrokkenheid, wat meebring dat die ouer n deeglike kennis moet hê van al die aspekte van tuiswerk. Wanneer die ouer hieroor n kundigheid het, sal hy, wanneer hy die kind opvoed t.o.v. tuiswerk, bedag wees op die verskillende voorskrifte, wenke, redes vir mislukking, rol t.o.v. die skool, en dus maklik n abnormale toestand identifiseer en stappe doen om dit op te los. n Ouer kan hom nooit losmaak van die betrokkenheid by n kind se tuiswerk nie, veral in die primêre fase waar die kind se houding en toekomstige voorkeure of afkere t.o.v. tuiswerk

gevorm word nie. n Aspek wat melding verdien, is die standpunt van die TOD (1986:83) waarin die vennootskap tussen die ouer en skool aangeprys word en ook gemeld word dat die betrokkenheid van ouers by tuiswerk veral in die primêre skoolfase baie belangrik is.

In ooreenstemming met gemelde omsendminuut en die bestudeerde literatuur het dit ook geblyk dat daar n groot mate van eenstemmigheid is tussen skrywers en die amptelike standpunt van die onderwysowerheid. Ooreenkomste wat sterk na vore gekom het, is t.o.v. die volgende sake:

- a. Doelstellings.
- b. Beginsels van tuiswerkopdragte.
- c. Definiëring van tuiswerk.
- d. Riglyne t.o.v. ouerbetrokkenheid.

Hierdie ooreenkomste laat duidelik blyk dat die gemelde sake van groot belang is en dat die onderwysowerheid n aanvoeling het vir die waarde van sienings deur opvoedkundige skrywers.

Ouers moet hulle altyd aanpas by die ontwikkelingsfase van die kind. Die ouer van n primêre skoolkind is, of behoort, meer fisiek betrokke te wees deur die kind daaraan te herinner om sy tuiswerk te doen as die ouer van n sekondêre skoolkind. Die ouer moet ook altyd sy betrokkenheid evalueer en bepaal of sy betrokkenheid die kind werklik tot nut strek. Die ouer moet daarop ingestel wees om probleme by die kind te identifiseer. Die kind se sosiale verhoudings moet ook voortdurend gemonitor word, veral vir moontlike probleme in die verhouding met sy onderwyser. Swak verhoudings met sy maats kan ook n negatiewe invloed hê in sy pogings om tuiswerkopdragte suksesvol uit te voer.

Ouers moet deur hulle besorgdheid en belangstelling die kind op n empatiese wyse ondersteun en toesien dat die kind sy probleme realisties sien en daadwerklik uit die weg ruim.

2.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens gekyk na die omskrywing van tuiswerk, met die gepaardgaande funksies en die houding van leerlinge t.o.v. tuiswerk. Vervolgens is 'n omskrywing van die verhouding tussen die skool en gesin gegee, gevolg deur 'n oorsig van tuiswerk as deel van opvoedende onderwys. Die grense van opvoeding en aspekte wat skoolprestasies beïnvloed, is kortliks saamgevat.

Ouerbetrokkenheid by tuiswerk is die volgende saak wat bespreek is, met gepaardgaande riglyne vir die ouer, sy aandeel in die opvoeding tot 'n positiewe studiehouding en tuiswerkreëls. In hierdie afdeling is faktore wat tuiswerk kan laat misluk, ook bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die bepaling oor tuiswerk soos vereis deur die TOD.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek aangebied.

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metode van ondersoek teoreties begrond. Die vraelysmetode word as die toepaslikste tegniese metode in die uitvoering van hierdie ondersoek gemotiveer. Aspekte waaraan aandag gegee sal word, is die keuse van die proefpersone en die samestelling van die vraelys, die doel van die ondersoek, die keuse van die meetinstrument en die vraelys as navorsingsmetode.

3.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal hoe ouers by die tuiswerk van hulle kinders betrokke is, en indien nodig, enkele aanbevelings in dié verband voor te stel.

3.3 DIE KEUSE VAN DIE MEETINSTRUMENT

Die bruikbaarste meetinstrument wat sou beantwoord aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes en waarmee die verlangde inligting bekom kan word, is vir hierdie ondersoek oorweeg. Oorweging is geskenk aan persoonlike besoeke aan ouers waartydens onderhoude aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys gevoer sal word, en in die tweede plek 'n vraelys vir invul deur die ondersoekgroep (Borg et al., 1979:309-311).

Na oorweging van beide metodes het eersgenoemde prosedure as die geskikste voorgekom. Bepaalde response wat moontlik verkeerd vertolk kan word, kan in die onderhoudsituasie bespreek en geverifieer word. 'n Volledige beeld van oerbetrokkenheid by die tuiswerk van kinders sou verkry word. Weens ekonomiese redes en vanweë die feit dat sodanige besoeke etlike maande kan duur, is dit as onprakties bevind. Om hierdie rede is daar besluit om van die vraelysmetode gebruik te maak. Laasgenoemde word nou kortliks bespreek.

3.4 DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

3.4.1 INLEIDING

Die vraelys is 'n lys vrae wat, op versoek van die opsteller daarvan, deur ander persone beantwoord word. Die beantwoording kan skriftelik of mondeling geskied. Die items in die vraelys speur gewoonlik feitlike inligting met betrekking tot houdings, menings en voorkeure na (Trickman, 1979:196-197). Ofskoon die vraelys al baie kritiek verduur het, "zal dit grillig kind van de wetenschap, hoe zwak het moge zijn, een onmisbaar hulpmiddel blijven" (De Landsheere, 1973:63). Dit bly steeds die meet-instrument wat die meeste in opvoedkundige navorsing gebruik word (Maully, 1978:188).

3.4.2 DIE ONTWERP VAN DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

3.4.2.1 Samestelling van die vraelys

Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van die vraelys word bepaal deur die doeltreffende samestelling daarvan. Deeglike beplanning en genoegsame tyd en 'n duidelikheid oor die doel van die ondersoek is van die grootste belang by die samestelling van die vraelys. Hoe duideliker die doel van die ondersoek, hoe duideliker en makliker kan die items van die vraelys daarmee in verband gebring word (Maully, 1979:191).

Alle moontlike aspekte van die ondersoek moet aandagtig oorweeg word, byvoorbeeld die steekproefgrootte, die vorm en bydrae van elke item en die lengte van die vraelys. Die navorser moet poog om 'n maksimum terug-ontvangste te kry. Persoonlike privaatheid speel 'n belangrike rol, en die navorser moet dit in ag neem (Gay, 1972:187).

Die twee algemeenste items wat vir die samestelling van vraelyste gebruik word, is die gestruktureerde (geslote) en ongestruktureerde (ope) items (Tuckman, 1972:187). Vervolgens word dit kortliks omskryf:

a. Gestruktureerde (geslote) items

n Vraelys wat uit gestruktureerde items bestaan, "verplig" die respondent om sy antwoord te kies uit veelkeusige items wat die navorser hom bied (Evans, 1969:65).

Die respondent moet byvoorbeeld kies tussen "Ja" en "Nee", en soms word alternatiewe soos "Weet nie" ingesluit. Dit is moontlik dat n veelkeusige itemvraag nie voorsiening maak vir die respondent se keuse nie, en dan is dit vanpas om n item "Ander" in te sluit (Cohen, 1980:246).

VOORBEELD

Is dit volgens u mening nodig dat kinders tuiswerk doen?

- a. Ja
- b. Nee
- c. Weet nie

X	1
	2
	3

Die veelkeusige itemvraag is volgens Borg et al. (1979:296) die geskikste omdat vir onvoorsiene antwoorde n blokke "Ander" gelaat word, en in dié verband noem Youngman (1978:6) die item "Ander" n veiligheidsklep.

Gestruktureerde (geslote) items het die volgende belangrike voordele:

- * Dit bied n groter eenvormigheid en daarmee gepaardgaande groter betroubaarheid (Cohen, 1980:246).
- * Dit vergemaklik tabulering, terwyl dit ook geskik is vir kodering en rekenarisering (Hopkins, 1976:45; Youngman, 1978:9).

Die volgende nadele van gestruktureerde (geslote) items verdien vermelding:

- * Kunsmatigheid van die responsmoontlikhede.
- * Die items kan die respondent irriteer.

- * Die keuses maak nie voorsiening vir al die respondente se menings nie (Turney et al., 1971:130; Cohen, 1980:240).
- * Dit bied nie duidelik omskrewe antwoorde nie (Youngman, 1978:6).

b. Ongestruktureerde (ope) items

'n Vraelys wat uit ongestruktureerde items bestaan, bied aan die respondent geleentheid om spontaan in sy eie woorde te antwoord (Cohen, 1980:247).

VOORBEELD

Wat is u siening as ouer oor toesig wanneer 'n kind tuiswerk doen?
(Geen moontlike antwoorde word gegee nie.)

Voordele van ongestruktureerde (ope) items is:

- * Die respondent word op sy gemak gestel (Youngman, 1978:6).
- * Dit is plooibaar.
- * Dit bied aan die respondent die geleentheid om sy eie insigte weer te gee.
- * Dit bevorder kommunikasie (Cohen, 1980:247).

Die nadele van ongestruktureerde (ope) items is:

- * Tabulering en kodering word bemoeilik.
- * Dit is tydrowender.
- * Baie respondente hou nie daarvan om baie te skryf nie, en respondente verskaf inligting wat nie op die vrae betrekking het nie (Gay, 1976:129).

3.4.2.2 Kriteria vir die ontwerp van items

- * Elke item moet kort en relevant wees en betrekking op die ondersoek hê (Maully, 1978:193).

- * Elke item moet duidelik geformuleer wees en slegs op een aspek fokus (Travers, 1978:330).
- * Keuses moet eenvoudig wees, sodat dit maklik gemaak kan word. Moeilike items benadeel die betroubaarheid van die vraelys (Youngman, 1978:12).
- * Items wat die respondent aanstoot kan gee, moet vermy word (Gay, 1976:130).
- * Vrae moet so geformuleer wees dat tersaaklike inligting daarmee bekom kan word (Hopkins, 1976:146).
- * Items moet so gestruktureer word dat slegs een antwoord verstrekkend kan word.
- * Items moet in logiese volgorde gerangskik word (Youngman, 1978:15).
- * Items moet so ontwerp word dat dit getabuleer kan word (Wiersma, 1969:280).
- * Die vraelys moet vir rekenaardoeleindes ontwerp word (Berg et al., 1979:297).
- * Uitlokkende vrae moet vermy word (Maully, 1976:193).
- * Die vraelys moet slegs genoeg items insluit om die verlangde inligting te bekom (Lavell, 1970:89).

3.4.2.3 Tegniese versorging

Die tegniese versorging van die vraelys verdien spesiale aandag en word vervolgens spesiaal vermeld.

* Netjiese, professionele voorkoms sal terugontvangste verbeter, en om hierdie rede moet die vraelys sorgvuldig uiteengesit word. Youngman (1979:20) en Cohen (1980:85) bied die volgende wenke i.v.m. die versorging van die voorkoms van die vraelys:

- Dubbele reëlafstand dra by tot die beter lees van 'n vraag.
- Konsekwente plasing van blokkies waarin die respondente 'n kruisie moet maak, bespoedig en vergemaklik die invul van die vraelys.
- Die tikwerk en letteripe is belangrik.
- Daar moet 'n duidelike onderskeid wees tussen die instruksies en die items.
- Die vraelys moet sover moontlik geoutomatiseer word, wat meebring dat die respondente hulle antwoorde moet aandui met 'n kruisie of regmerkje in die toepaslike blokkie (kyk voorbeeld 3.2.4.1(a)).
- Verwarrende vrae moet deur voorbeelde voorafgegaan word.
- Belangrike vrae moet verkieslik nie aan die einde van die vraelys geplaas word nie.
- Respondente behoort aan die einde van die vraelys d.m.v. 'n gepaste waarderingswoord vir hulle samewerking bedank te word.

3.4.2.4 Samestelling van die voorlopige vraelys

Aangesien die samestelling van die vraelys 'n integrerende deel van die navorsing is, is dit wenslik om 'n loodsstudie t.o.v. 'n klein aantal proefpersone te onderneem, alvorens die vraelys op proefpersone toegepas word (Borg et al., 1979:39). Na die loodsstudie kan die vraelys geredigeer word deur onduidelike en dubbelsinnige vrae uit te skakel (Gay, 1976:135). Na die eerste redaksionele veranderinge kan die finale vraelys opgestel word.

3.4.2.5 Terugontvangste

Dit is wenslik dat die navorser die terugontvangste kontroleer ten opsigte van wie en die aantal wat gereageer het indien van 'n kontrolenommer gebruik gemaak word. 'n 50%-terugontvangs is bevredigend, 60% is goed, en 70% kan as baie goed beskou word (Hopkins, 1976:145).

3.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

3.5.1 KEUSE VAN PROEFPERSONE

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries te bepaal wat die betrokkenheid van ouers van leerlinge in die senior primêre skoolfase by huiswerk is. Daar is besluit om 'n gestruktureerde vraelys aan ouers vir beantwoording te stuur. Die rede vir die keuse van hierdie populasie is onder meer die volgende:

Die st. 2 tot 4-skoolfase kan beskou word as die vernaamste tydperk in die kind se lewe vir die vaslegging van soliede en permanente huiswerksgewoontes, en die ouer se invloed in hierdie verband is deurslaggewend van aard (TOD, 1986:31) (vergelyk paragraaf 2.9.3.1).

Die ideaal sou wees om al die ouers in die RSA by die ondersoek te betrek. Weens praktiese en ekonomiese redes is besluit om 'n verteenwoordigende steekproef van die populasie in Potchefstroom en omgewing te trek. Aangesien daar besondere aandag geskenk moet word aan maatreëls om te verseker dat die steekproef wel verteenwoordigend moet wees, is daar oorweging geskenk aan 'n ewekansige, 'n gestratifiseerde, 'n sistematiese, 'n twee- en meerfasige en trosstreekproef (Borg et al., 1979:294; De Wet et al., 1981:110-119).

3.5.2 METODE VAN STEEKPROEFNEMING

Al vyf die metodes van steekproefneming beantwoord in 'n mindere of meerdere mate aan die doel van die empiriese ondersoek, maar gemeet aan die kriterium van geldigheid en objektiwiteit en omdat 'n steekproef uit

die populasie van ouers van leerlinge in die senior primêre skoolfase getrek word, is besluit om van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef= metode gebruik te maak.

3.5.3 BEPALING VAN DIE STEEKPROEFGROOTTE

Die bepaling van die steekproefgrootte is met 'n konsultant van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO bespreek. Daar is besluit om 'n verteenwoordigende steekproef van die populasie te trek.

Weens die omvang van hierdie studie asook die tydspek daaraan verbonde is besluit om al ses Afrikaansmedium-primêre skole in Potchefstroom en omgewing by die ondersoek in te sluit. Na oorlegpleging met die Statistiese Konsultasiediens, is besluit om 300 ouers (150 vaders en 150 moeders) ewekansig uit die ouerpopulasie van die 6 skole te trek. Daar is besluit om die vraelys in twee dele, naamlik vraelyste wat net deur vaders beantwoord word en vraelyste wat net deur moeders beantwoord word, te verdeel. Drie skole sal die vraelyste wat deur die vaders beantwoord word, hanteer, en drie skole die vraelyste wat deur die moeders beantwoord word. In samewerking met skole is moeders en vaders alternatiewelik ewekansig geselekteer. Die vaders en moeders wat op hierdie wyse gekies is, is as die steekproefgrootte beskou en kom op driehonderd te staan. Daar is deurentyd gewerk op 'n foutbasis van 10%. Die toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement is ook verkry, ten einde van die hoofde gebruik te maak in die verspreiding van die vraelys en die keuse van ouers.

Die navorser sal waar moontlik, of alternatiewelik, die skole besoek om met die hoof of sy plaasvervanger te reël i.v.m. die keuse van ouers vir die steekproef. Die hoof of sy plaasvervanger sal volledig oor die vraelysondersoek ingelig word. Die volgende modus operandi sal aan die hoogte voorgehou word:

- * 'n Begeleidende brief deur die navorser met 'n afskrif van die toestemming van die TOD.

- * Die hoof help om die ouers ewekansig te kies.
- * Vraelyste word aan die geïdentifiseerde ouers via die kind gestuur.
- * Die ingevulde vraelyste word aan die hoof terugbesorg, en hy besorg dit aan die navorsers.

3.6 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

3.6.1 MOTIVERING EN ONTWERP VAN DIE VRAELYS WAT IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

Na aanleiding van die bevindings uit die literatuurstudie, en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek, is besluit om die inligting oor die volgende sake in verband met ouers se betrokkenheid by die tuiswerk van hulle kinders te bekom:

- i. Die kind se primêre leefruimte is dié van die ouerhuis. Gesindhede en waardes kry hulle beslag in die ouerhuis. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die samestelling van die gesin, die ouderdom van die ouers, die beroep wat die ouers beoefen, die ouers se vlak van skoling en die gebied waar hulle woon n invloed op die betrokkenheid van die ouers by kinders se tuiswerk het. Daar word dus items in die vraelys opgeneem om hierdie hipotese te toets (afdeling A, vraag 1-6).
- ii. Dit blyk uit die literatuurstudie dat die houding en verwagtinge van ouers teenoor tuiswerk bepalend is vir die ouerlike betrokkenheid by kinders se tuiswerk. Dit moet met een of meer items gekontroleer word (kyk afdeling B, vraag 1, 3, 11).
- iii. In aansluiting by die vorige beredenering in verband met die houding en verwagtinge van die ouer in verband met die kind se tuiswerk, ontstaan die vraag watter invloed die studiefaktore soos die plek van studie, vasgelegde reëls, toesig oor tuiswerk en die hantering van leerlinge met n tuiswerkprobleem het. Hierdie aspekte moet by die respondente gekontroleer word (kyk vraag 2 - 2.4.7.8).

- iv. In die vorige paragraaf is die aandag op die invloed van die ouer se gesindheid t.o.v. studiehoudinge gefokus. Die houding van die kind teenoor tuiswerk kan dus nie los van die ouer gesien word nie, veral omdat die ouer kennis moet neem van die kind se houding en daarvolgens optree, ten einde positiewe of negatiewe houdings uit die weg te ruim. Respondente se menings hieroor sal bepaal word (kyk vraag 4 en 5).
- v. 'n Aspek wat in die literatuur redelik beklemtoon word en met die houding van ouers en kinders verband hou, is aanprysing en beloning. Dit blyk dat dit 'n aspek is waaroor daar nie duidelike riglyne bestaan nie. By respondente sal vasgestel word wat hulle houding met betrekking tot dié saak is (kyk vraag 6).
- vi. Dit is algemene praktyk vir ouers om met die skool te skakel oor hulle kinders se tuiswerk. Daar is egter in die literatuur nie baie gevind oor die feit dat ouers werklik met die skool hieroor skakel nie. In die vraelys sal met een of meer items na die aard van die skakeling gekyk word (kyk vraag 9 en 10).

3.6.2 KEUSE VAN DIE SOORT ITEMS VIR DIE VRAELYS

Oorweging is geskenk aan die geskiktheid van gestruktureerde (geslote) en nie-gestruktureerde (oop) items (kyk par. 3.4.2.1). Aangesien die inligting na verwagting feitlik van aard sal wees, is besluit om die verdeelde item (Ja-Nee) in die vraelys op te neem (kyk par. 3.4.2.1(a)). Ten einde die invul van die vraelys te bespoedig, is ook besluit om 'n aantal gestruktureerde veelkeusige items in te sluit, om sodoende die respondent se aandag rondom 'n paar moontlikhede te sentreer. Daar is verwag dat nie al die veelkeusige items voorsiening sou maak vir elke respondent se keuse nie; derhalwe is items soos "ander" en "onseker" by die veelkeusige items ingesluit. Daar is gepoog om kort, duidelike items te formuleer (kyk par. 3.4.2.2).

3.6.3 EERSTE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Na aanleiding van die motivering vir die bepaalde vraelys (kyk par. 3.6.1) en die riglyne en kriteria met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (kyk par. 3.4.2.2), is besluit op 'n eerste redaksie. Hoewel daar 'n vraelys aan moeders en vaders onderskeidelik gestuur gaan word, is die inhoud presies dieselfde en word dus net een redaksie weergegee.

AFDELING A

Daar is verwag dat die ouderdom, beroep, skool en naskoolse opleiding van ouers asook die grootte van die gesin 'n invloed op kinders en tuiswerk behoort te hê. 'n Bykomende aspek wat 'n invloed op ouerbetrokkenheid by tuiswerk kan hê, kan die gebied wees waar die ouers woon. Die volgende items word in die vraelys opgeneem ten einde bogenoemde inligting te bekom.

1. Ouderdom

--

 2. Beroep

a. Professioneel (bv. opleiding by universiteit of kollege)	1
b. Administratiewe werk	2
c. Ambag	3
d. Bemaking (bv. verkoop van polisse)	4
e. Ander (spesifiseer asb.)	5

 3. Hoogste standaard in skool behaal (bv. st. 8, st. 10) . . .

--

 4. Wat is die hoogste kwalifikasie wat u behaal het?

a. Graad	1
b. Diploma (bv. N3, HOD)	2
c. Geen opleiding	3
d. Ander (spesifiseer asb.)	4
-

5. Wat is die getal kinders in u gesin?

--

5.1 Getal seuns

--

5.2 Getal dogters

--

6. In watter van die volgende gebiede woon u?

a. Stad

	1
--	---

b. Groot dorp

	2
--	---

c. Klein dorp

	3
--	---

AFDELING B

Vraag 1

Dit blyk uit die literatuurstudie dat die houding van die ouer teenoor tuiswerk bepalend is vir die kind se houding en siening ten opsigte van tuiswerk, en die volgende vraag word in die vraelys ingesluit ten einde die ouers se houding te toets.

1. Wat is u houding ten opsigte van tuiswerk?

a. Verkies geen tuiswerk

	1
--	---

b. Verkies minder tuiswerk

	2
--	---

c. Verkies meer tuiswerk

	3
--	---

d. Tevrede met huidige

	4
--	---

Vraag 2

Duidelike riglyne ten opsigte van ouerbetrokkenheid met betrekking tot die tuiswerk van die kind kom in die literatuurstudie na vore, en in die lig daarvan word hierdie faktore in die onderafdelings van vraag 2 as vrae geformuleer ten einde die ouers se sienings daarvoor te toets en om sekere praktiese aspekte soos byvoorbeeld plek van studie vas te stel.

Omdat die omgewing waarin die kind studeer, belangrik is vir die bevordering van leer, word hierdie eerste vraag geformuleer ten einde vas te stel of die kind 'n aanvaarbare studieplek in die betrokke huis het:

2. Waar studeer u kind?

- a. Slaapkamer
- b. Stil vertrek in die huis
- c. Eetkamer
- d. Kombuis
- e. Ander (spesifiseer asb.)

	1
	2
	3
	4
	5

Vraag 2.1

Die volgende vraag is in die vraelys ingesluit, omdat dit 'n volgende aspek van oerbetrokkenheid toets, naamlik die konsekwente toepassing van reëls (wat tuiswerktye insluit) ten opsigte van tuiswerk en die duidelike besef deur die kind wat hierdie reëls behels, en presies wat van hom verwag word deur die ouers – 'n belangrike aspek van positiewe oerbetrokkenheid.

2.1 Is daar duidelike reëls ten opsigte van tuiswerktye en -gewoontes in u huis?

- a. Ja
- b. Nee

	1
	2

Vraag 2.2

Die volgende vraag vloei voort uit die beantwoording van die vorige vraag (2.1) en het ten doel om, indien die ouers positief geantwoord het ten opsigte van reëls, hulle toepassing van hierdie reëls te toets:

2.2 Indien u op vraag 2.2 JA geantwoord het, hoe pas u tuiswerkreëls toe?

- a. Konsekwent
- b. Minder streng
- c. Glad nie

	1
	2
	3

Vraag 2.3

Omdat die ouer die kind moet toelaat om tuiswerk op eie verantwoordelikheid en onder toepaslike toesig te doen, is die volgende vraag in die vraelys ingesluit:

2.3 Laat u u kind toe om sy eie werk onder toesig te doen?

- a. Ja
- b. Nee

	1
	2

Vraag 2.4

Die aanname kan gemaak word dat wanneer 'n kind se buitemurse aktiwiteite baie tyd in beslag neem, hy nie kans sal kry om sy tuiswerk goed genoeg te doen nie. Die volgende vraag toets hierdie stelling:

2.4 Watter rol speel buitemurse aktiwiteite in die kind se daaglikse program?

- a. Neem baie tyd in beslag
- b. Neem min tyd in beslag
- c. Neem glad nie tyd in beslag nie

	1
	2
	3

Vraag 3

Positiewe taakaanvaarding deur die kind is belangrik, en deur 'n positiewe rolaanvaarding deur die ouer kan fundamente vir positiewe houdings t.o.v. tuiswerk gelê word. Die volgende vraag toets die ouer se rol oor bogenoemde aspek:

3. Watter rol speel u as ouer wanneer u kind tuiswerk doen?

- a. Sien toe dat my kind sy tuiswerk getrou doen
 b. Ek beskou tuiswerk as my kind se eie verantwoordelikheid
 c. Ek is geneig om tuiswerk vir my kind te doen
 d. Ek beskou die onderwyser as die verantwoordelike persoon wat my kind se tuiswerk betref

	1
	2
	3
	4

Vraag 4

'n Gevoel van eiewaarde kan by die kind gekweek word indien die ouer van die kind se houding en gevoelens t.o.v. tuiswerk bewus is en die ouer daarvolgens 'n positiewe gesindheid openbaar wanneer dit blyk dat die kind nie van tuiswerk hou nie. Die volgende vraag probeer hierdie houding toets:

4. Wat is u kind se houding teenoor tuiswerk?

- a. Positief
 b. Gemiddeld
 c. Negatief

	1
	2
	3

Vraag 5

Dit is belangrik dat die ouer 'n belangstelling moet toon wanneer die kind tuiswerk doen, aangesien dit die kind sal motiveer, en hierdie aspek word deur onderstaande vraag getoets:

5. Wat is u optrede wanneer u kind tuiswerk doen?

- a. Ek toon my belangstelling deur hom daaglik
moed in te praat
- b. Ek toon my belangstelling af en toe
- c. Ek toon nooit my belangstelling nie

	1
	2
	3

Vraag 6

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit, omdat dit uit die literatuurstudie blyk dat afgehandelde tuiswerk beloning deur die ouer vereis en dat dit een van die belangrikste eienskappe van positiewe ouerbetrokkenheid is, ten einde positiewe tuiswerkgewoontes by die kind te skep.

6. Wat is u optrede nadat u kind sy/haar tuiswerk afgehandel het?

- a. Belonend
- b. Sê niks
- c. Kyk dat tuiswerk gedoen is en kontroleer dit
- d. Ek kontroleer nie

	1
	2
	3
	4

Vraag 7

Aangesien die ouer van faktore wat sy kind se tuiswerk kan laat misluk, bewus moet wees, en hulle die kind dienooreenkomstig van hulp moet wees, is die volgende vraag in die vraelys ingesluit:

7. Is u bewus van leerprobleme wat u kind ondervind wanneer hy/sy tuiswerk doen?

- a. Ja
- b. Nee

	1
	2

Vraag 8

Aangesien verag is dat van die respondente JA op vraag 7 kan antwoord, word vraag 8 in die vraelys ingesluit om te toets hoe ouers optree wanneer hulle bewus is van leerprobleme:

8. Indien u in vraag 7 JA geantwoord het, wat was u optrede?

a. Positiewe gesprek

b. Kind moes probleem self oplos

	1
	2

Vraag 9

Die skakeling van die ouer met die skool oor hulle kinders se tuiswerk is van groot belang, aangesien 'n positiewe vennootskap tussen die ouer en die skool sal dien tot maksimum-ondersteuning met die kind se tuiswerk en probleme wat daarmee gepaard kan gaan. Die volgende vraag toets hierdie aspek:

9. Hoe dikwels het u persoonlike kontak met u kind se vakonderwyser in verband met probleme rondom tuiswerk?

a. Gereelde kontak

b. Baie min kontak

c. Geen kontak

	1
	2
	3

Vraag 10

Hierdie vraag vloei voort uit vraag 9 en het ten doel om vas te stel wat die ouers se bywoningsprofiel van oueraande is. Laasgenoemde is vir die ouer van onskatbare waarde en het ten doel om vas te stel of die kind enige probleme ten opsigte van tuiswerk het en om beter skakeling met die skool te bewerkstellig:

10. Hoe gereeld woon u oueraande (in verband met skoolwerk) by?

- a. Gereeld
- b. Soms
- c. Nooit

	1
	2
	3

Vraag 11

Uit die voorafgaande literatuurstudie blyk dit duidelik dat die ouer se siening oor die betrokkenheid by sy kind se skoolloopbaan een van die belangrikste faktore is wat die ouer se betrokkenheid by tuiswerk bepaal. Aangesien dit dus belangrik is dat die ouer se gesindheid getoets moet word, is vraag 11 as laaste vraag in die vraelys ingesluit.

11. Wat is u siening oor u betrokkenheid ten opsigte van u kind se skoolloopbaan?

- a. Volle betrokkenheid
- b. Gedeeltelike betrokkenheid
- c. Skool se plig

	1
	2
	3

Vraag 12

In vraag 12 word voorsiening gemaak vir ouers wat 'n byvoeging of aanbeveling wil maak. Hierdie bydrae sal as aanvulling deur die navorser gebruik kan word.

12. Indien u enige byvoeging of aanbeveling t.o.v. ouer= betrokkenheid by tuiswerk wil voorstel, doen dit asseblief in die ruimte hieronder.

3.6.4 TWEDE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is vervolgens met die studieleier bespreek, en nadat enkele redaksionele en tegniese wysigings aangebring is, is die tweede redaksie opgestel. Die vraelys is vir 'n loodsondersoek aan 'n aantal vaders en moeders vir beantwoording voorgelê, ten einde dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes ook vasgestel word of die data wat verkry is, geanaliseer kon word.

Enkele items is na aanleiding van die ouers se kommentaar en aanbevelings duideliker geformuleer. 'n Kopie van die vraelys is aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir amptelike goedkeuring gestuur. Skriftelike toestemming is verkry om die vraelys aan die betrokke ouers te stuur.

3.6.5 ASPEKTE VAN DIE FINALE VRAELYS

i. Breë temas wat deur die vraelys gedek word

Die volgende sake word in die vraelys ondersoek:

- * Die primêre leefruimte van die kind as faktor vir ouerlike betrokkeheid by tuiswerk (vergelyk Afdeling A, vrae 1-6).
- * Die ouers se houdinge en verwagtinge t.o.v. tuiswerk (vergelyk vrae 1, 3, 11).
- * Studiefaktore (vergelyk inleiding by vraag 2):
 - plek (vergelyk vraag 2);
 - reëls en tuiswerktye (vergelyk vraag 2.1);
 - toepassing van reëls (vergelyk vraag 2.2);
 - tuiswerkprobleme (vergelyk vraag 7 en 8).
- * Die leerling se houding teenoor tuiswerk:
 - die ouer se begrip vir die kind se houding t.o.v. tuiswerk (vergelyk vraag 4);

- belangstelling gevolg deur motivering wanneer die tuiswerk gedoen is (vergelyk vraag 5).

- * Die aanprysing en beloning van die kind deur die ouer (vergelyk vraag 6).
- * Die skakeling van die ouer met die skool (vergelyk vraag 9 en 10).

ii. Lengte van die vraelys

Daar is deurgaans probeer om die vraelys so kort as moontlik te hou, maar terselfdertyd is gepoog om al die tersaaklike inligting daarin te vervat. Die finale vraelys bestaan uit 22 items.

Na aanleiding van die kriteria van Lavell (1970:49) is verwag dat die vraelys nie op grond van lengte onbeantwoord sou bly nie (kyk par. 3.4.2.2).

iii. Anonimiteit van die vraelys

Respondente is verseker dat alle inligting streng vertroulik behandel sal word en dat geen persone op watter wyse ook geïdentifiseer word nie. Aangesien n anonieme vraelys die kontroliering van terugontvangste sou bemoeilik, is besluit om n kontrolenommer op die vraelys aan te bring, ten einde kontrole te hê oor die terugontvangste.

iv. Voorkoms van die vraelys

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad:

- i. Aan wie die vraelys gerig word.
- ii. Die doel van die ondersoek.
- iii. Aanwysings met betrekking tot die beantwoording van die vraelys.
- iv. die vertroulikheid van die inligting.
- v. n Voorbeeld.

Die res van die vraelys is opgestel aan die hand van die kriteria soos in paragraaf 3.4.2.3 (Youngman, 1978:20; Cohen, 1980:85).

v. Begeleidende brief (Bylaag 3)

In 'n begeleidende brief aan die respondente is eerstens die doel van die vraelys omskryf, vervolgens is die vertroulike hantering van die inligting beklemtoon en 'n beroep op die respondent gedoen om openhartig te antwoord. Laastens is die respondent by voorbaat bedank vir die samewerking en is 'n beroep gedoen om die vraelyste so gou moontlik na die skool terug te stuur.

vi. Terugontvangste

'n Terugontvangs van 71% is verkry, wat as goed beskou kan word (vergelyk par. 3.4.2.5).

vii. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek eerstens gemotiveer. Vervolgens is die keuse van die ondersoekmetode kortliks gemotiveer, wat gevolg is deur die bespreking van die vraelys as empiriese navorsingsmetode. Die keuse van die proefpersone is bespreek aan die hand van 'n beredenering van die samestelling van die vraelys onder die volgende hoofde: keuse van items vir die vraelys, eerste redaksie van die vraelys, tweede redaksie van die vraelys en aspekte van die finale vraelys. Ten slotte is aandag gegee aan die begeleidende brief en die terugontvangste.

In hoofstuk 4 sal 'n vertolking en bespreking van die vraelys gemaak word.

HOOFSTUK 4

AANBIEDING EN VERTOLKING VAN DIE VRAELYSRESPONSE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontleding en vertolking van die vraelys= antwoorde aangebied. Die antwoorde van die vaders en moeders word gesamentlik behandel. In gevalle waar response nie 'n beduidende invloed het op die gegewens nie, word slegs 'n samevatting van die response, sonder 'n tabel, aangedui. Die verband van sekere vrae uit die demografiese gegewens met die res van die vraelys sal apart bespreek word.

4.2 DEMOGRAFIESE GEGEWENS VAN DIE RESPONDENTE

In hierdie paragraaf word die antwoorde van Afdeling A, vrae 1, 3, 5 en 6, kortliks bespreek, terwyl vrae 2, 4 en 6 vollediger aangebied en vertolk word.

4.2.1 VRAAG 1, 3, 5 en 6

Vraag 1 in die vraelys het die ouderdom, vraag 3 die hoogste standerd van die respondent, en vraag 5 die getal kinders in die gesin bepaal.

'n Ontleding van die response toon dat 82,07% (174 uit 213) van die ouers tussen die ouderdom 32 en 46 was. Dit blyk ook dat hierdie verspreiding by beide die vaders en moeders voorgekom het. By die gesamentlike getal respondente het 18,78% (40 uit 212) st. 8 geslaag en 77,93% (166 uit 213) st. 10. Dit blyk dus dat die grootste hoeveelheid respondente st. 10 geslaag het.

Uit die ontleding van vraag 5 blyk dit dat 76,06% (162 uit 213) van die ouers tussen 2 en 3 kinders het. Volgens hierdie bevindinge is die huisgesinne nie baie groot nie. Hierdie patroon wyk nie af van dié van blanke Suid-Afrikaners om klein gesinne te hê nie.

Die vertolking van vraag 6 toon aan dat die meeste respondente, naamlik 71,76% (155 uit 213), in 'n groot dorp woon. Die res woon op 'n klein-
hoeve of plaas.

Omdat vrae 1, 3, 5 en 6 geen beduidende invloed op die response van die ander vrae in hierdie studie het nie, sal die vrae nie verder vertolk word nie. Vraag 3 en 4 sal egter vollediger bespreek word en in verband met sekere vrae uit afdeling B gebring word.

4.2.2 VRAAG 2

Met vraag 2 in die vraelys is die verskillende beroepsgroepeerings van die vaders en moeders bepaal (Bylaag 6, afdeling A, vraag 2). Response op hierdie vraag word in tabel 4.1 aangebied.

TABEL 4.1 VRAAG 2

"In watter een van die volgende beroepsgroepe val u?"

Beroepsgroepe	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Professioneel	39	18,48	49	23,22	88	41,71
Admin. werk	35	16,59	13	6,16	48	22,75
Ambag	3	1,42	16	7,58	19	9,00
Bemarking	6	2,84	2	0,95	8	3,79
Ander	32	15,17	16	7,58	48	22,75
Totaal	115	54,5	96	45,5	211	100,00

4.2.2.1 Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.1 kan die volgende afleidings gemaak word.

Dit is interessant om daarop te let dat meer vaders as moeders professionele beroepe beklee, terwyl die geval by die administratiewe beroep omgekeerd is. Die totale syfers dui daarop dat die grootste hoeveelheid ouers professionele beroepe beklee. Ook is dit duidelik dat die grootste hoeveelheid moeders die een of ander betrekking beklee. Die meeste ouers beklee dus òf 'n professionele òf administratiewe beroep. Dit is moeilik om te bepaal of daar enige besondere verband is tussen die ondersoekgroep se beroep en die plek waar hulle woon (kyk vraag 6). By nadere ondersoek blyk dit dat die grootste aantal moeders wat die afleier "ander" gemerk het, huisvroue is. Die vaders wat die afleier "ander" gemerk het, se beroepe wissel van tegnisi, vlieëniers, beroepskonsultante tot studente.

Die aspek van die beskikbaarheid van die ouer wanneer die kind tuiswerk doen, kan dus 'n werklikheid wees waarmee deeglik rekening gehou sal moet word.

4.2.3 VRAAG 4

Met vraag 4 is die hoogste kwalifikasie van die ouers bepaal (bylaag 6, afdeling A, vraag 4). Response op hierdie vraag word in tabel 4.2 voorgestel.

TABEL 4.2 VRAAG 4

"Wat is die hoogste kwalifikasie wat u het?"

Kwalifikasie	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Graad	17	8,37	48	23,65	65	32,02
Diploma	35	17,24	21	10,34	56	27,59
Geen opleiding	47	23,15	15	7,39	62	30,54
Ander	14	6,90	6	2,95	20	9,85
Totaal	113	55,67	90	44,33	203	100,00

4.2.3.1 Vertolking van die response

Uit die gegewens blyk dit dat die grootste hoeveelheid ouers grade of diplomas besit. 'n Opvallende kenmerk is dat die tweede meeste ouers aangedui het dat hulle geen naskoolse opleiding het nie. Die feit dat so 'n opvallend groot hoeveelheid ouers oor 'n naskoolse kwalifikasie beskik, kan in verband gebring word met die feit dat die steekproef in die Potchefstroom-omgewing gemaak is. Die feit dat daar 'n universiteit, onderwyskollege, landboukollege en 'n tegniese kollege is, kan 'n verbandhoudende faktor wees waarom so baie ouers naskoolse kwalifikasies het. Die vraag is of dieselfde tendens sal voorkom in plekke sonder bogenoemde inrigtings?

4.3 OUERBETROKKENHEID BY TUISWERK

In hierdie paragraaf word vrae 1 tot 11 uit afdeling B van die vraelys bespreek. Aangesien sekere vrae bepaalde sake uit die literatuurstudie dek, sal dit in hulle onderskeie groeperings bespreek word (kyk hoofstuk 3, paragraaf 3.6.1).

4.3.1 HOUDINGE EN VERWAGTINGE (Vrae 1, 3 en 11)

4.3.1.1 Vraag 1

Met vraag 1 is die houding van die ouers ten opsigte van die hoeveelheid huiswerk getoets (Bylaag 6, vraag 1). Response op hierdie vraag word in tabel 4.3 voorgestel.

TABEL 4.3 VRAAG 1

"Wat is u houding ten opsigte van huiswerk?"

Houding	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Geen huiswerk	0	0	1	0,47	1	0,47
Minder huiswerk	7	3,25	7	3,26	14	6,51
Meer huiswerk	7	3,25	10	4,65	17	7,90
Tevrede	105	48,84	78	36,28	183	85,12
Totaal	119	55,34	96	44,66	215	100,00

i. Vertolking van die response

85,12% van die ouers is tevrede met die hoeveelheid huiswerk wat die kind kry, waaruit afgelei kan word dat die ouers nie negatiewe konnotasies aan huiswerk heg nie. Die respondente toon dus 'n positiewe houding teenoor huiswerk. Daar sou verwag kon word dat meer moeders as vaders "goed" sou voel oor huiswerk, aangesien dit lyk asof die moeder meer betrokke is by die kind se huiswerk as die vader. Die bevinding is egter dat vaders en moeders se houding nie veel verskil nie. Die vraag kan gevra word of dit toe te skryf is aan die feit dat so baie vaders en moeders werk en hulle dus geesgenote is in hulle houding ten opsigte van huiswerk? Die vraag is of ouers werklik ingelig is oor en die werklike feite ten opsigte van betrokkenheid by huiswerk beseft? 'n Verdere vraag is of hulle huiswerk as 'n aspek van die kind se onderwys aanvaar waarsonder daar nie klaargekom kan word nie? Hoe dit ook al sy, hierdie aspek lyk bemoedigend.

4.3.1.2 Vraag 3

Die rol van die ouer tydens huiswerk is met hierdie vraag bepaal (Bylaag 6, vraag 3). Response op hierdie vraag word in tabel 4.4 voorgestel.

TABEL 4.4 VRAAG 3

"Watter rol speel u as ouer wanneer u kind tuiswerk doen?"

Rol	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Sien toe dat kind tuiswerk getrou doen.	84	39,07	52	24,19	136	63,26
Tuiswerk kind se eie verantwoordelikheid.	32	14,88	38	17,67	70	32,55
Geneig om kind se tuiswerk te doen.	2	0,93	4	1,86	6	2,79
Sien onderwyser as verantwoordelike persoon.	0	0	3	1,40	3	1,40
Totaal	118	54,88	97	45,12	215	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.4 kan die volgende afleidings gemaak word:

Bykans twee derdes van die ouers het aangetoon dat hulle toesien dat die kind sy tuiswerk getrou doen. bykans n derde, naamlik 32,55% van die ouers, is egter van mening dat die tuiswerk die kind se eie verantwoordelikheid is. Hierdie syfer toon tog n tendens dat n groot hoeveelheid ouers tuiswerk sien as n taak wat net op die skouers van die kind rus en dat die ouer nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Dit het egter ook n positiewe gevolg deurdat die kind se selfwerksaamheid bevorder word. n Verdere afleiding is dat die groot persentasie ouers wat wel toesien dat die kind sy tuiswerk doen, dit doen vanweë die besef dat hulle heel- dag uithuisig was en dus "verplig" voel om hierdie belangrike oertaak nie te verwaarloos nie. Dit kan by implikasie beteken dat werkende ouers n groter verantwoordelikheid teenoor kinders se tuiswerk aan die dag lê as ouers wat bedags tuis is. Dit is slegs n aanname hierdie en is nie geverifieer nie. n Vraag wat hieruit voortvloei, is wat die aard van

die ouers se betrokkenheid is. Dié aspek word met verdere vrae breedvoeriger toegelig.

4.3.1.3 Vraag 11

Met vraag 11 is die ouers se houding oor betrokkenheid by tuiswerk bepaal (Bylaag 6, vraag 11). Response op hierdie vraag word in tabel 4.5 gestel.

TABEL 4.5 VRAAG 11

"Wat is u siening oor u betrokkenheid ten opsigte van u kind se tuiswerk as deel van sy skoolloopbaan?"

Houding	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Ten volle betrokke.	79	36,57	41	18,93	120	55,56
Gedeeltelik betrokke.	39	18,06	56	25,93	95	43,98
Glad nie betrokke.	1	0,46	0	0	1	0,46
Totaal	119	55,09	97	44,91	216	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.5 kan die volgende afleidings gemaak word:

Hoewel meer as die helfte van die ouers ten volle betrokke wil wees, is n relatief groot persentasie ouers bereid om slegs gedeeltelik betrokke te wees. Hiervolgens kan die afleiding gemaak word dat n te groot aantal ouers (43,89%) wegstroom van volle betrokkenheid ten opsigte van tuiswerk. Dit blyk ook dat meer moeders as vaders ten volle betrokke is by die kind se tuiswerk, terwyl meer vaders as moeders bereid is om gedeeltelik betrokke te raak. Laasgenoemde aspek aksentueer n baie ou tradisionele beskouing, naamlik dat baie vaders toesig en hulp met betrekking tot tuiswerk as die taak van die moeder sien. Vaders is slegs terloops betrokke en lewer waarskynlik nie n wesenlike bydrae daartoe nie.

4.3.2 REÛLS TEN OPSIGTE VAN TUISWERK, STUDIEPLEK, TOESIG EN HANTERING VAN PROBLEME (Vrae 2 - 2.4, 7 en 8)

4.3.2.1 Vraag 2

Met vraag 2 in die vraelys is die plek van studie bepaal (Bylaag 6, vraag 2). Response op hierdie vraag word in tabel 4.6 voorgestel.

TABEL 4.6 VRAAG 2

"In watter vertrek doen u kind sy/haar tuiswerk?"

Plek	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Slaapkamer	83	38,79	50	23,36	133	62,15
Stil vertrek	7	3,27	21	9,81	28	13,08
Eetkamer	18	8,41	20	9,35	38	17,76
Kombuis	4	1,87	3	1,40	7	3,27
Ander	7	3,27	1	0,47	8	3,74
Totaal	119	55,61	95	44,39	214	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.6 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste kinders doen tuiswerk in hulle slaapkamer of in 'n stil vertrek, waaruit afgelei kan word dat hulle 'n vaste plek het om tuiswerk te doen in 'n bekende omgewing wat privaat is. Daar is met hierdie ondersoek nie by ouers vasgestel of die slaapkamer waar tuiswerk gedoen word, geskik is vir die doel en of dit tuiswerk bevorder of benadeel nie. Die respondente wat die afleier "ander" gemerk het, het aangedui dat veral in die woonkamer tuiswerk gedoen word. 'n Stil vertrek dui waarskynlik op enige van die genoemde vertrekke, wat beteken dat die kind soms genoodsaak word om te "oorleef".

4.3.2.2 Vraag 2.1

Met vraag 2.1 is vasgestel of daar duidelike reëls ten opsigte van tuiswerk is (Bylaag 6, vraag 2.1). Uit die response blyk dit dat in 81% (176 uit 216) van die ouerhuise duidelike reëls ten opsigte van tuiswerk is. Dit is dus 'n sterk aanduiding dat tuiswerkreëls wel in ouerhuise voorkom. Aangesien die vraag slegs die hoeveelheid ouers weerspieël wat aandui of daar reëls is of nie, word die antwoorde nie in tabelvorm aangebied nie. Ook vloei vraag 2.2 hieruit voort en word vraag 2.1 derhalwe nie verder bespreek nie.

4.3.2.3 Vraag 2.2

Met vraag 2.2 is bepaal hoe die tuiswerkreëls toegepas word (Bylaag 6, vraag 2.2). Response op vraag 2.2 word in tabel 4.7 voorgestel.

TABEL 4.7 VRAAG 2.2

"Indien u op vraag 2.1 JA geantwoord het, hoe pas u hierdie tuiswerkreëls toe?"

Toepassing	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Getroue toepassing.	82	44,56	51	27,72	133	72,28
Minder getroue toepassing.	18	9,78	29	15,76	47	25,54
Glad nie getroue toepassing.	2	1,09	2	1,09	4	2,18
Totaal	102	55,43	82	44,57	184	100,00

i. Vertolking van die response

72,28% van die ouers pas tuiswerkreëls getrou toe, terwyl 25,54% dit minder stiptelik doen. Uit bostaande kan afgelei word dat sekere ouers

tog nie tuiswerkreëls as essensieel beskou nie. Meer vaders as moeders is nie getrou in die toepassing van tuiswerkreëls nie. Die feit dat meer moeders as vaders tuiswerkreëls toepas, hou waarskynlik met ouers se graad van betrokkenheid by tuiswerk verband (vergelyk vraag 11, tabel 4.5).

4.3.2.4 Vraag 2.3

Met vraag 2.3 is bepaal of die ouer die kind sy tuiswerk selfstandig laat doen (Bylaag 6, vraag 2.3). Uit die response blyk dit dat 97,69% (211 uit 216) vaders en moeders hulle kinders opvoed om tuiswerk selfstandig te doen. Dit blyk dus dat ouers die mening huldig dat kinders hulle tuiswerk selfstandig moet doen. Dit dui op 'n positiewe siening, maar die moontlikheid bestaan ook dat 'n mens hierdie "selfstandig doen" van tuiswerk kan vertolk as onbetrokkenheid. Die vraag kan dus twee sienings insluit. Aangesien hierdie vraag slegs 'n JA- of NEE-afleier gehad het en die ontleding daarvan baie eenvoudig is, word die gegewens nie in 'n tabel aangebied nie.

4.3.2.5 Vraag 2.4

Met vraag 2.4 is die rol wat buitemuurse aktiwiteite in die kind se daaglikse program speel, bepaal (Bylaag 6, vraag 2.4). Response op vraag 2.4 word in tabel 4.8 voorgestel.

TABEL 4.8 VRAAG 2.4

"Watter rol speel buitemuurse aktiwiteite in u kind se daaglikse program?"

Rol	Moeders	%	Vaders	&	Totaal	%
Neem baie tyd in beslag.	48	22,32	45	20,93	93	43,25
Neem min tyd in beslag.	67	31,16	50	23,26	117	54,42
Neem geen tyd in beslag nie.	3	1,40	2	0,93	5	2,33
Totaal	118	54,88	97	45,12	215	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.8 kan die volgende afleidings gemaak word:

Hoewel net meer as die helfte van die respondente aangedui het dat buitemuurse aktiwiteite nie baie van hulle kinders se tyd in beslag neem nie, het 'n betreklik groot persentasie ouers aangetoon dat buitemuurse aktiwiteite baie tyd van hulle kinders in beslag neem. Dit is moeilik om enige beduidende afleiding hieruit te maak.

Aangesien die ondersoek gedoen is in 'n groot dorp en omgewing met baie opvoedkundige inrigtings waarby baie van die respondente betrokke kan wees, kan ook verwag word dat die kinders van ouers wat aan die ondersoek deelgeneem het, meer as baie ander populasies by buitemuurse bedrywighede betrokke kan wees.

Laastens kan die afleiding ook gemaak word dat daar tog baie gevalle is waar te veel tyd aan buitemuurse aktiwiteite afgestaan word, hoewel bogenoemde aspekte hierdie afleiding slegs beperk tot 'n stelling.

4.3.2.6 Vraag 7

Met vraag 7 is vasgestel of die ouer bewus is van leerprobleme by sy kind (Bylaag 6, vraag 7). Uit die response blyk dit dat 47,91% (101 uit 215) van die ouers bewus is van probleme. Die afleiers vir hierdie vraag was slegs JA of NEE, en aangesien die weergee van inligting baie eenvoudig is, word die data in hierdie geval nie met 'n tabel voorgestel nie. Aangesien die doel is om die hantering van leerprobleme ten opsigte van huiswerk by kinders te bepaal, word vraag 7 nie verder behandel nie maar word vraag 8 wat 'n opvolging van vraag 7 is, volledig bespreek.

4.3.2.7 Vraag 8

Met vraag 8 is die optrede van ouers wat bewus is van leerprobleme ten opsigte van huiswerk by die kind, bepaal (Bylaag 6, vraag 8). Die doel

van die vraag is dus om vas te stel of die ouers bewus is van probleme wat met tuiswerk verband hou. Response op vraag 8 word in tabel 4.9 aangebied.

TABEL 4.9 VRAAG 8

"Indien u in vraag 7 JA geantwoord het, wat was u optrede?"

Optrede	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Met kind gepraat.	37	36,63	21	20,79	58	57,43
Kind moet probleem self oplos.	2	1,98	4	3,96	6	5,94
Na onderwyser geneem vir hulp.	18	17,82	19	18,81	37	36,63
Totaal	57	56,44	44	43,56	101	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.9 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die ouers het aangetoon dat hulle doelgerig gehandel het deur met die kind te praat oor die probleem of deur die kind na die onderwyser te neem vir hulp. 'n Positiewe gesindheid ten opsigte van die hantering van 'n probleem ten opsigte van tuiswerk kan hieruit afgelei word. Die ouers was waarskynlik persoonlik self min betrokke by hulpverlening en die oplossing van die probleem. Daar is oorwegend met die kind gepraat. Relatief baie ouers het die saak met die onderwyser opgeneem. Groter skakeling met die skool kan aanbeveel word. Ofskoon in die minderheid, is dit tog onrusbarend dat daar nietemin ouers is wat van mening is dat die kind sy eie probleem moet oplos.

4.3.3 HOUDING VAN DIE KIND TEENOR TUISWERK EN DIE OUERS SE OPTREDE (Vraag 4 en 5)

4.3.3.1 Vraag 4

Met vraag 4 is die kennis van die ouer ten opsigte van die kind se tuiswerk bepaal (Bylaag 6, vraag 4). Response op hierdie vraag word in tabel 4.10 voorgestel.

TABEL 4.10 VRAAG 4

"Wat is u kind se houding teenoor tuiswerk?"

Houding	Moeder	%	Vader	%	Totaal	%
Kind doen graag tuiswerk.	95	44,60	75	35,21	170	79,81
Moet gedwing word om tuiswerk te doen.	10	4,69	15	7,05	25	11,74
Hou nie van tuiswerk doen nie.	13	6,10	5	2,35	18	8,45
Totaal	118	55,39	95	44,61	213	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.10 kan die volgende afleidings gemaak word:

Ietwat teen die verwagting in het bykans 80% van die ouers aangetoon dat hulle kinders positief voel oor tuiswerk. Dit is 'n aanname hierdie en berus waarskynlik nie op die kinders se werklike gesindheid nie. Hoewel dit dus lyk of die ouers kennis dra van hulle kinders se houding, sou die prentjie waarskynlik anders gelyk het as dieselfde vraag aan die kinders gestel word. Die aanname kan ook gemaak word dat die 79,81% leerlinge die gemiddelde tot bo-gemiddelde leerlinge verteenwoordig

vir wie skoolgaan en skoolwerk nie problematies verloop nie, terwyl die 20,19% (dié wat gedwing word of nie van tuiswerk hou nie) die groep verteenwoordig vir wie skoolwerk probleme meebring.

Die mate van kennis wat die ouers werklik ten opsigte van hulle kinders se houding teenoor tuiswerk dra, kan dus bevraagteken word. Die graad van eerlikheid waarmee die ouers die vrae dus beantwoord het (dit geld vir enige ander soortgelyke onderwerp) kan nie summier buite rekening gelaat word nie, en die navorsers moet deeglik met dié moontlikhede rekening hou wanneer gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word. Gesien uit die aard van die populasie waaruit die ouers kom (vergelyk paragraaf 4.2.3.1) kan hierdie response in die lig daarvan tog verantwoord word.

4.3.3.2 Vraag 5

Met vraag 5 is die optrede van die ouers wanneer die kind tuiswerk doen, bepaal (Bylaag 6, vraag 5). Response op hierdie vraag word in tabel 4.11 aangebied.

TABEL 4.11 VRAAG 5

"Wat is u optrede as die kind tuiswerk doen?"

Optrede	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Toon belangstelling deur moed in te praat.	85	39,72	44	20,56	129	60,28
Toon af en toe belangstelling.	34	15,9	50	23,36	84	39,25
Toon nooit belangstelling nie.	0	0	1	0,47	1	0,47
Totaal	119	55,61	95	44,39	214	100,00

i. Ontleding van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.11 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die oorgrote meerderheid ouers wat aan die ondersoek deelgeneem het, sou aantoon dat hulle hulle moed inpraat wanneer hulle tuiswerk doen. Dit is egter insiggewend dat slegs 60% van die ouers sodanig gereageer het en dat bykans 40% slegs af en toe hulle belangstelling toon. Dit is ook opvallend dat baie meer moeders as vaders 'n aktiewe belangstelling in kinders se tuiswerk toon (vergelyk tabelle 4.5 en 4.7). Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die tradisionele beskouing dat die vaders meer as die moeders onbetrokke is by kinders se tuiswerk.

4.3.4 BELONING (Vraag 6)

4.3.4.1 Vraag 6

Met vraag 6 is die ouer se optrede bepaal nadat die kind se tuiswerk afgehandel is (Bylaag 6, vraag 6). Response op vraag 6 word in tabel 4.12 voorgestel.

TABEL 4.12 VRAAG 6

"Wat is u optrede nadat u kind sy/haar tuiswerk afgehandel het?"

Optrede	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Prys my kind.	30	14,08	22	10,33	52	24,41
Kyk of tuiswerk voltooi is.	25	11,74	18	8,45	43	20,19
Kyk en kontroleer tuiswerk.	46	21,60	34	15,96	80	37,56
Kontroleer nie die tuiswerk nie.	16	7,51	22	10,33	38	17,84
Totaal	117	54,93	96	45,07	213	100,00

i. Vertolking van die response

Hoewel die meeste ouers tuiswerk kontroleer en hulle kinders prys, is daar tog 'n aantal ouers (20,19%) wat net af en toe kyk na hulle kinders se tuiswerk. Uit laasgenoemde blyk dit dat 'n tendens van onbetrokkenheid ten opsigte van laasgenoemde tog teenwoordig is. Aanprysing en selfs oorvloedige aanprysing is een van die belangrikste opvoedkundige beginsels. Volgens die bevindinge in hierdie ondersoek is dit 'n aspek waaraan daar 'n groot behoefte kan bestaan.

Dit is ook moontlik dat daar 'n verband is tussen vraag 4, tabel 4.10 ("die kind se houding t.o.v. tuiswerk") en die ouer se optrede nadat die tuiswerk voltooi is (Vergelyk paragraaf 4.3.4.1). Die aanname kan dus gemaak word dat die ouers van leerlinge wat "gedwing word" en nie van "tuiswerk hou nie", nie erg het aan kontrole van tuiswerk nie.

4.3.5 SKAKELING VAN OUIERS MET DIE SKOOL (Vrae 9 en 10)

4.3.5.1 Vraag 9

Die kontak wat die ouers met die kind se onderwysers het, is in vraag 9 bepaal (Bylaag 6, vraag 9). Response op vraag 9 word in tabel 4.13 voorgestel.

TABEL 4.13 VRAAG 9

"Hoe dikwels het u persoonlike kontak met u kind se vakonderwysers in verband met probleme rondom tuiswerk?"

Kontak	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Gereeld kontak.	42	19,63	34	15,89	76	35,51
Baie min kontak.	58	27,10	43	20,09	101	47,20
Geen kontak.	18	8,41	19	8,88	37	17,29
Totaal	118	55,14	96	44,86	214	100,00

i. Vertolking van die response

Uit die response van tabel 4.13 kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat skakeling met die onderwysers in verband met probleme ten opsigte van tuiswerk van groot belang is, en tog het bykans twee derdes van die ouers aangetoon dat hulle min of glad nie kontak met onderwysers in hierdie verband het nie. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat ouers blykbaar nie die oortuiging het om met onderwysers te skakel wanneer die kind ten opsigte van tuiswerk probleme onderind nie. Hierdie aspek is kommerwekkend en dui op 'n besondere groot behoefte aan oerbetrokkenheid by sake rakende hulle kinders se skoolwerk. 'n Verdere afleiding is dat ouers van leerlinge wat werklik probleme ondervind, die 35,51% verteenwoordig en dus met die onderwyser skakel, terwyl die res van die ouers nie 'n noodsaaklikheid aan skakeling ervaar nie.

4.3.5.2 Vraag 10

Met vraag 10 is vasgestel hoe dikwels oueraande bygewoon word (Bylaag 6, vraag 10). Response op vraag 10 word in tabel 4.14 voorgestel.

TABEL 4.14 VRAAG 10

"Hoe dikwels woon u oueraande by?"

Aantal kere	Moeders	%	Vaders	%	Totaal	%
Gereeld	93	43,06	59	27,31	152	70,37
Soms	20	9,26	33	15,28	53	24,54
Nooit	6	2,78	5	2,31	11	5,09
Totaal	119	55,09	97	44,91	216	100,00

i. Vertolking van die response

Na aanleiding van die response in tabel 4.14 kan die volgende afleidings gemaak word:

Die meeste ouers woon oueraande by, en dit dui op 'n positiewe gesindheid in die algemeen. As aangeneem word dat 'n 100% bywoning van oueraande die ideaal is, is die 29,63% wat dit nie bywoon nie, 'n beduidende hoeveelheid. Dit blyk verder dat meer moeders as vaders op primêre skoolvlak by oueraande betrokke is. Die bevinding strook grootliks met die praktyk. Ofskoon daar met hierdie ondersoek nie sprake is van veralgemening nie, is ouerdeelname aan oueraande 'n aspek wat sorg baar. Dit blyk ook dat meer ouers eerder oueraande ondersteun as om individuele besoek aan die skool te bring (vergelyk paragraaf 4.3.5). Die populasie waaruit die ouers bestaan, kan 'n invloed gehad het op die positiewe reaksie ten opsigte van die bywoning van oueraande (vergelyk paragraaf 4.2.3.1).

4.4 VERBANDE

4.4.1 INLEIDING

Ten einde vas te stel of daar enige beduidende verbande is tussen onder meer beroepe en kwalifikasies soos blyk uit die demografiese gegewens aan die een kant en sekere vrae uit afdeling B aan die ander kant, is vrae 2 en 4 uit afdeling A met sekere vrae uit afdeling B vergelyk.

4.4.2 DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE HOUDING T.O.V. HOEVEELHEID TUISWERK (Vrae A1 en B1, Bylaag 6)

Die doel met hierdie vergelyking is om vas te stel wat die verband tussen die beroep van die ouer en sy houding t.o.v. die hoeveelheid tuiswerk is. Response hieroor word in tabel 4.15 voorgestel.

TABEL 4.15

DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE HOUDING TEENOR DIE HOEEVEELHEID TUISWERK

Beroepsgroepe	Verkies geen tuiswerk	%	Verkies minder tuiswerk	%	Verkies meer tuiswerk	%	Tevrede met hoeveelheid tuiswerk	%	Totaal	%
Professioneel	0	0,00	3	1,44	9	4,30	74	35,40	86	41,15
Administratief	0	0,00	1	0,48	5	2,39	42	20,10	48	22,97
Ambag	1	0,48	2	0,96	0	0,00	16	7,66	19	9,09
Bemarking	0	0,00	0	0,00	0	0,00	8	3,83	8	3,83
Ander	0	0,00	6	2,88	3	1,44	39	18,66	48	22,96
Totaal	1	0,48	12	5,74	17	8,13	179	85,65	209	100,00

4.4.2.1 Vertolking van die response

Dit blyk uit die gegewens in tabel 4.15 dat daar nie 'n beduidende negatiewe verband is tussen beroepe en ouers se houding teenoor die hoeveelheid tuiswerk wat hulle kinders kry nie. Dit blyk dus dat die beroep nie noodwendig in hierdie geval die ouers se houding t.o.v. die hoeveelheid tuiswerk beïnvloed nie. Hoewel houding nie met hoeveelheid bepaal word nie, kan daar tog met hoeveelheid vasgestel word of daar 'n mate van negatiewiteit t.o.v. tuiswerk by die ouer bestaan.

4.4.3 DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE HOUDING OOR HOEEVEELHEID TUISWERK (Vrae A4 en B1, Bylaag 6)

Die doel met 'n vergelyking van vraag A4 en B1 is om vas te stel of daar 'n verband is tussen die kwalifikasie van die ouers en hulle houding teenoor die hoeveelheid tuiswerk. Response hierop word in tabel 4.16 voorgestel.

TABEL 4.16

DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE HOUDING T.O.V. DIE HOEEVEELHEID TUISWERK

Kwalifikasie	Verkies geen tuiswerk	%	Verkies minder tuiswerk	%	Verkies meer tuiswerk	%	Tevrede met hoeveelheid tuiswerk	%	Totaal	%
Graad	0	0,00	2	1,00	5	2,49	56	27,86	63	31,35
Diploma	0	0,00	2	1,00	7	3,48	47	23,38	56	27,86
Geen opleiding	0	0,00	5	2,48	4	1,99	53	26,37	62	30,84
Ander	0	0,00	4	1,99	0	0,00	16	7,96	20	9,95
Totaal	0	0,00	13	6,47	16	7,96	172	85,57	201	100,00

4.4.3.1 Vertolking van die response

Hoewel dit uit die response in tabel 4.16 blyk dat daar wat kwalifikasies bestref, 'n positiewe verband bestaan t.o.v. ouers se houding teenoor tuiswerk, val dit tog op dat die gegradueerdes (31,35%) en die opgeleides. (30,84%) bykans dieselfde houding het. Die verwagting is dat die gegradueerdes 'n baie positiewer houding sal hê as die persone wat geen opleiding het nie. Dit blyk dus dat die "gewone mense" 'n groter belangstelling openbaar, wat 'n beduidende faktor kan wees. Die vraag kan gevolglik ontstaan of persone wat tersiêre opleiding ontvang het, te besig is met hulle beroep en dus nie die geleentheid het of maak om 'n positiewe houding teenoor die hoeveelheid tuiswerk wat kinders kry te ontwikkel nie.

4.4.4 DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A2 en B3, Bylaag 6)

Die rol wat die ouer speel wanneer tuiswerk gedoen word, is belangrik, en met hierdie vergelyking wil bepaal word of daar 'n verband is tussen beroepsgroepe en die rol wat die ouers tydens die doen van tuiswerk speel. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.17 voorgestel.

TABEL 4.17

DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE ROL VAN DIE OOR TYDENS TUISWERK

Beroepsgroep	Getroue kontro= lering	%	Tuiswerk kind se eie verant= woordelikheid	%	Tuiswerk word vir die kind gedoen	%	Tuiswerk is onderwyser se verantwoorde= likheid	%	Totaal	%
Professioneel	57	27,27	29	13,88	1	0,48	0	0,00	87	41,63
Administratief	30	14,35	16	7,66	0	0,00	1	0,48	47	22,49
Ambag	9	4,31	6	2,87	3	1,44	1	0,48	19	9,09
Bemaking	4	1,91	4	1,91	0	0,00	0	0,00	8	3,82
Ander	33	15,79	13	6,22	1	0,48	1	0,48	48	22,97
Totaal	133	63,63	68	32,54	5	2,39	3	1,44	209	100,00

4.4.4.1 Vertolking van die response

Uit die gegewens in tabel 4.17 blyk dit dat daar by al die beroepsgroepe 'n positiewe verband is t.o.v. getroue toesig oor tuiswerk. By al die beroepsgroepe is daar 'n verband wat betref beroep en toesig oor die kind se tuiswerk. Hierdie tendens kom ook voor by die respondente wat die afleier "ander" gemerk het. Daar is by al die beroepsgroepe ook 'n duidende hoeveelheid respondente wat aangedui het dat tuiswerk die kind se eie verantwoordelikheid is. By veral die professionele groep het 'n groot hoeveelheid aangetoon dat hulle die kind se tuiswerk kontroleer, wat weer eens by implikasie beteken dat verskeie ouers 'n groter verantwoordelikheid teenoor kinders se tuiswerk aan die dag lê (vergelyk paragraaf 4.3.1.2 (i)). Die siening van respondente wat die afleier "ander" gemerk het, kom ooreen met die siening van die res van die beroepsgroep.

4.4.5 DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A4 en B3, Bylaag 6)

Daar word gepoog om met hierdie vergelyking vas te stel of daar 'n verband is tussen die kwalifikasies van ouers en die rol wat hulle speel wanneer die kind tuiswerk doen. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.18 voorgestel.

TABEL 4.18

DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE ROL VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK

Kwalifikasie	Getroue kontro= lering	%	Tuiswerk kind se eie ver= antwoordelik= heid	%	Tuiswerk word vir die kind gedoen	%	Tuiswerk is onderwyser se verant= woordelikheid	%	Totaal	%
Graad	43	21,39	20	9,95	1	0,50	0	0,00	64	31,84
Diploma	34	16,91	20	9,95	2	1,00	0	0,00	56	27,86
Geen opleiding	35	17,41	21	10,45	2	1,00	3	1,49	61	30,35
Ander	13	6,47	7	3,48	0	0,00	0	0,00	20	9,95
Totaal	125	62,18	68	33,83	5	2,50	3	1,49	201	100,00

4.4.5.1 Vertolking van die response

Uit die gegewens in tabel 4.18 blyk dit dat ook wat kwalifikasies betref, daar 'n positiewe verband tussen die kwalifikasiegroepe en getroue toesig oor tuiswerk bestaan. Die twee grootste hoeveelhede ouers (33,83%) beskou tuiswerk as die kind se verantwoordelikheid. Dit lyk dus of die aard van kwalifikasie nie noodwendig 'n invloed het op die getroue toesig oor tuiswerk nie. Daar is, teen die verwagting in, 'n beduidende aantal ouers wat naskoolse kwalifikasies het wat tuiswerk as die kind se verantwoordelikheid beskou. Hoewel dit nie 'n aanduiding van 'n negatiewe gesindheid hoeft te wees nie, kan dit dui op 'n negatiewe tendens. Dit is ook interessant om daarop te let dat heelwat van die ouers in die beroepsgroep "ander" 'n belangstelling in hulle kinders toon deur hulle tuiswerk getrou te kontroleer. Dit is opvallend dat die response t.o.v. kwalifikasies en beroepsgroepe nie baie verskil nie. Hoewel die verbande as sodanig nie beduidende feite aan die lig bring nie, dien dit as 'n goeie maatstaf om bevindinge wat vroeër in die hoofstuk gestel is, te kontroleer.

4.4.6 DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE OPTREDE VAN DIE OUER TYDENS TUISWERK (Vrae A2 en B5, Bylaag 6)

Die doel met hierdie vergelyking is om vas te stel of daar 'n verband is tussen die beroepsgroepe en die optrede van die ouer wanneer die kind tuiswerk doen. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.19 voorgestel.

TABEL 4.19

DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE OPTREDE VAN DIE OOR TYDENS TUISWERK

Beroepsgroepe	Toon belang= stelling deur moed in te praat	%	Toon af en toe belang= stelling	%	Toon nooit belangstelling nie	%	Totaal	%
Professioneel	55	26,44	31	14,90	0	0,00	86	41,34
Administratief	28	13,46	18	8,66	1	0,48	47	22,60
Ambag	8	3,85	11	5,29	0	0,00	19	9,14
Bemaking	6	2,88	2	0,96	0	0,00	8	3,84
Ander	29	13,94	19	9,14	0	0,00	48	23,08
Totaal	126	60,57	81	38,95	1	0,48	208	100,00

4.4.6.1 Vertolking van die response

Dit blyk uit die gegewens in tabel 4.19 dat met die uitsondering van die ambaggroep die ouers in die onderskeie beroepsgroepe grotendeels belangstelling toon in hulle kinders se tuiswerk deur hulle moed in te praat. Dit is ook interessant om daarop te let dat heelwat van die ouers in die beroepsgroep "ander", belangstelling in hulle kinders toon deur hulle te bemoedig terwyl hulle tuiswerk doen. 'n Beduidende hoeveelheid in elke groep toon slegs af en toe belangstelling. Dit is opvallend dat veral by die professionele en administratiewe groep, teen die verwagting in, 'n groot aantal ouers slegs af en toe belangstelling toon in die kinders se tuiswerk. Hierdie feit kan as 'n beduidende mate van onbetrokkenheid vertolk word indien van die standpunt uitgegaan word dat hierdie mense beter ingelig behoort te wees. Die feit dat by die ambaggroep meer ouers aangedui het dat hulle af en toe belangstelling toon, kan teen die agtergrond van hulle beroepsgroep en opvoedingspeil beskou word. Dit is slegs 'n aanname hierdie en nie 'n bevinding nie.

4.4.7 DIE VERBAND TUSSEN DIE BEROEPSGROEP EN DIE SKAKELING MET ONDERWYSERS T.O.V. PROBLEME MET TUISWERK (Vrae A2 en B9, Bylaag 6)

Die doel met hierdie vergelyking is om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die beroepsgroepe en die skakeling met onderwysers t.o.v. probleme met tuiswerk. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.20 voorgestel.

TABEL 4.20

DIE VERBAND TUSSEN DIE BEROEPSGROEP EN DIE SKAKELING MET ONDERWYSERS T.O.V. PROBLEME MET TUISWERK

Beroepsgroep	Gereelde kontak	%	Baie min kontak	%	Geen kontak	%	Totaal	%
Professioneel	31	14,90	41	19,71	13	6,25	84	40,86
Administratief	18	8,65	24	11,54	6	2,88	48	23,08
Ambag	7	3,37	9	4,33	3	1,44	19	9,14
Bemarking	5	2,40	1	0,48	2	0,96	8	3,84
Ander	14	6,73	23	11,07	11	5,29	48	23,09
Totaal	75	36,05	98	47,13	35	16,82	208	100,00

4.4.7.1 Vertolting van die response

Volgens die gegewens in tabel 4.20 blyk dit dat die ouers meestal baie min kontak het met onderwysers in verband met tuiswerkprobleme. By die professionele sowel as die administratiewe groep het 'n beduidende hoeveelheid aangetoon dat hulle min kontak met die onderwysers het. Ook het 'n beduidende hoeveelheid respondente, in vergelyking met die ander groepe, onder die professionele groep aangedui dat hulle geen kontak met onderwysers het nie. Hoewel die beroepsgroep "ander" se response in ooreenstemming was met die aanduidings van die res van die groepe, het 'n opmerkbare hoeveelheid aangedui dat hulle ook geen kontak met onderwysers het nie. Daar was by die res van die beroepsgroepe 'n beter balans tussen die afleiers. Die feit dat hierdie onverskilligheid teenoor die onderwysers, teen die verwagting in, veral by die professionele groep voorkom, is moeilik te verklaar. 'n Te druk program en gevolglike onbetrokkenheid kan 'n rede wees. 'n Verdere aanname is dat kinders van professionele ouers minder probleme openbaar en dat besoeke aan onderwysers dikwels slegs welwillendheidsbesoeke is. In hierdie verband kan omvangryke navorsing belangrike gegewens aan die lig bring.

4.4.8 DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIE VAN DIE OUIERS EN DIE SKAKELING MET DIE ONDERWYSER T.O.V. PROBLEME MET TUISWERK (Vrae A4 en B9; Bylaag 6)

Hierdie vergelyking het ten doel om vas te stel of die kwalifikasie van die ouer 'n aanduiding is van sy skakeling met die onderwyser t.o.v. tuiswerkprobleme. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.21 voorgestel.

TABEL 4.21

DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIE VAN DIE OUERS EN DIE SKAKELING MET DIE ONDERWYSER

Kwalifikasie	Gereelde kontak	%	Min kontak	%	Geen kontak	%	Totaal	%
Graad	24	12,0	29	14,5	10	5,0	63	31,5
Diploma	24	12,0	26	13,0	5	2,5	55	27,5
Geen opleiding	18	9,0	34	17,0	10	5,0	62	31,0
Ander	8	4,0	5	2,5	7	3,5	20	10,0
Totaal	74	37,0	94	47,0	32	16,0	200	100,00

4.4.8.1 Vertolking van die response

Volgens die data in tabel 4.21 het die respondente van al die kwalifikasiegroepe aangedui dat hulle min kontak met die onderwysers het, terwyl hulle tweede keuse gereelde kontak was. Opvallend en beduidend is dat gegradueerdes min of geen kontak (39 uit 63) met die onderwysers het nie. Na aanleiding van die feit dat die persone wat geen opleiding gehad het nie, aangedui het dat hulle meestal min of geen kontak (44 uit 62) met die onderwyser het nie, kon die aanname gemaak word dat die vlak van opleiding en oningeligtheid die rede hiervoor kan wees. 'n Beduidende aantal respondente in die groep "ander" het ook aangedui (12 uit 20) dat hulle min of geen kontak met die onderwyser het nie. Die vergelyking van die groep wat geen opleiding gehad het nie met die groep wat tersiêre opleiding ontvang het, toon aan dat 'n verontrustende aantal van laasgenoemde groep min of geen kontak met die onderwyser het nie, veral gesien teen die agtergrond van hulle opleiding en opvoedingspeil. Eweneens kan die aanname gemaak word dat gegradueerde en gediplomeerde ouers meer "begrip" vir die onderwysers se taak met leerlinge se probleme met skoolwerk en tuiswerk het en dat hulle dus nie "onnodig" lastig wil wees nie. Dit blyk volgens hierdie paragraaf dat die ouers nie die oortuiging het om met onderwysers te skakel wanneer probleme met tuiswerk ondervind word nie (vergeelyk paragraaf 4.3.5).

4.4.9 DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE BETROKKEHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK AS DEEL VAN DIE KIND SE SKOOLLOOPBAAN (Vrae A2 en B11, Bylaag 6)

Die doel met hierdie vergelyking is om te bepaal of daar 'n verband is tussen die beroepsgroepe van die ouer en sy houding oor betrokkenheid by sy kind se tuiswerk as deel van sy skoolloopbaan. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.22 voorgestel.

TABEL 4.22

DIE VERBAND TUSSEN BEROEPSGROEPE EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY DIE KIND SE TUISWERK

Beroepsgroep	Ten volle betrokke	%	Gedeeltelik betrokke	%	Glad nie betrokke	%	Totaal	%
Professioneel	49	23,33	38	18,10	0	0,00	87	41,43
Administratief	29	13,81	19	9,05	0	0,00	48	22,86
Ambag	8	3,81	11	5,24	0	0,00	19	9,05
Bemarking	6	2,86	2	0,95	0	0,00	8	3,81
Ander	23	10,95	24	11,42	1	0,48	48	22,85
Totaal	115	54,76	94	44,76	1	0,48	210	100,00

4.4.9.1 Vertolking van die response

Uit die gegewens in tabel 4.22 kan die gevolgtrekking gemaak word dat die grootste hoeveelheid ouers in elke beroepsgroep positief ingestel is t.o.v. volle betrokkenheid by tuiswerk. n Beduidende hoeveelheid ouers in elke beroepsgroep het aangedui dat hulle slegs gedeeltelik betrokke wil wees, van wie die grootste aantal uit die professionele beroep is, gevolg deur die administratiewe groep. Opvallend van die beroepsgroep "ander" is dat bykans dieselfde hoeveelheid ouers (23 en 24) ten volle en gedeeltelik betrokke wil wees. By laasgenoemde groep was daar selfs een respondent wat aangedui het dat hy "glad nie betrokke" wil wees nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar n tendens van onbetrokkenheid by al die beroepsgroepe voorkom, maar n mate van onbetrokkenheid veral by die professionele en administratiewe groepe voorkom (vergelyk paragraaf 4.4.4, 4.4.6 en 4.4.7).

4.4.10 DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK AS DEEL VAN DIE KIND SE SKOOLLOOPBAAN (Vrae A4 en B11, Bylaag 6)

Die doel met hierdie vergelyking is om vas te stel of daar n oorsaaklike verband is tussen kwalifikasies en die ouers se gevoel t.o.v. betrokkenheid by tuiswerk as deel van die kind se skoolloopbaan. Response op hierdie vergelyking word in tabel 4.23 voorgestel.

TABEL 4.23

DIE VERBAND TUSSEN KWALIFIKASIES EN DIE BETROKKENHEID VAN DIE OUER BY TUISWERK

Kwalifikasie	Ten volle betrokke	%	Gedeeltelik betrokke	%	Glad nie betrokke	%	Totaal	%
Graad	31	15,35	33	16,34	0	0,00	63	31,69
Diploma	35	17,33	21	10,39	0	0,00	56	27,72
Geen opleiding	32	15,84	29	14,36	1	0,50	62	30,69
Ander	12	5,94	8	3,96	0	0,00	20	9,90
Totaal	110	54,46	91	45,05	1	0,50	202	100,00

4.4.10.1 Vertolking van die response

Volgens die response in tabel 4.23 blyk dit dat daar 'n positiewe gesindheid ten opsigte van volle betrokkenheid by al die groepe bestaan. Meer as die helfte van die gegradueerdes het aangedui dat hulle gedeeltelik betrokke wil wees. Hieruit kan 'n onrusbarende onbetrokkenheid afgelei word, aangesien die verwagting is dat gegradueerdes juis meer betrokke sal wees vanweë hulle opvoedkundige agtergrond. Hoewel nie in so 'n groot mate soos die gegradueerdes nie, is daar ook 'n beduidende aantal gediplomeerdes wat 'n onbetrokke houding toon. In vergelyking met die groep wat geen opleiding het nie, en wat ook onbetrokkenheid toon, is dié van die groep wat tersiêre opleiding gehad het, opvallend vanweë hulle vlak van opleiding. Hierdie onbetrokke houding by persone wat naskoolse opleiding het, kan hoe langer hoe meer 'n groot negatiewe gevolg op betrokkenheid by tuiswerk hê. Te druk programme, onoortuigdigheid van betrokkenheid by die kind se skoolloopbaan en spesifiek tuiswerk, kan hieruit afgelei word (vergelyk paragraaf 4.4.5 en 4.4.8).

4.5 OOP ITEMS

Een oop item is in die vraelys ingesluit om die mening en aanbevelings van respondente in verband met ouerbetrokkenheid by tuiswerk te toets (kyk Bylaag 6, vraag 12).

Die meeste respondente het die vraag onbeantwoord gelaat, waaruit die afleiding gemaak is dat die ouers nie enige verdere byvoeging of aanbeveling wou maak nie. Die ouers wat dit wel beantwoord het, het aangedui dat hulle ondervind dat die tuiswerk te moeilik is om enigsins van hulle kant af 'n positiewe inset te lewer. Die aanname kan dus gemaak word dat by talle ouers 'n behoefte bestaan om meer betrokke te wees, maar hulle voel magteloos weens die feit dat hulle die kinders nie kan help nie op grond van die moeilikheidsgraad van sekere vakke. Enkele ouers het gevra hoe hulle meer betrokke mag raak.

Die grootste hoeveelheid ouers wat die vraag beantwoord het, was vaders. Hulle het grotendeels aangedui dat hulle bloot te besig is en dus nie betrokke kan raak nie en betrokkenheid dus die plig van die moeder is.

Die druk program van die vader en die tradisionele siening (vergelyk paragraaf 4.3.3.2) dat die moeder eerder betrokke moet wees by tuiswerk, kan as oorsaaklike faktor vir die vader se onbetrokkenheid afgelei word.

4.6 SAMEVATTING

Die response van die vraelys oor ouerbetrokkenheid by tuiswerk is in hierdie hoofstuk bespreek. Die resultate van die response is in tabelle saamgevat. Enkele opvallende aspekte is uitgelig, en 'n vertolking daarvan is gegee. Hoewel daar meer ruimte was om nog vergelykings tussen vrae uit afdeling A met afdeling B weer te gee, is vir die doel van hierdie ondersoek slegs 'n paar verbande bespreek as 'n maatstaf om sekere vertolkings van vrae te kontroleer. In hoofstuk 5, die slothoofstuk, volg die samevatting, gevolgtrekkings en enkele aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Ten einde die totale aspek van ouerbetrokkenheid by tuiswerk in die senior primêre fase in perspektief te plaas, was dit eerstens nodig om die probleem vanuit die literatuur te bestudeer. In die tweede plek is gepoog om die betrokkenheid van die ouer by tuiswerk empiries vas te stel.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek gegee is, sal enkele gevolgtrekkings en bevindings aangebied word. In die lig van beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek sal enkele aanbevelings gemaak word.

5.2 PROBLEEMSTELLING (vergelyk par. 1.1)

Dit is inleidend gestel dat die mate van ouerbetrokkenheid by tuiswerk navorsingswaardig is. Ouerbetrokkenheid by tuiswerk is van die grootste belang ten einde die kind te motiveer. Tuiswerk is slegs 'n deel van die totale ouerbetrokkenheid by die kind. Die ouer moet na aanleiding van die TOD se tema vir 1987, "Ouervennootskap in die onderwys", meer betrokke raak. Aangesien min empiriese ondersoeke rondom ouerbetrokkenheid by tuiswerk bestaan, is die ondersoek onderneem om vas te stel wat die ouerbetrokkenheid by tuiswerk werklik is.

5.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK (vergelyk par. 1.2)

Die doel van hierdie ondersoek was dus om die ouers van leerlinge in die senior primêre fase se werklike betrokkenheid by tuiswerk te bepaal.

5.4 METODE VAN ONDERSOEK (vergelyk par. 1.3)

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. Met die literatuurstudie is die begrip tuiswerk gedefinieer, en vervolgens is die belangrikheid van die ouers se betrokkenheid en die uitwerking wat dit op die kind het, nagegaan. Die empiriese ondersoek het 'n vraelys wat

ouerbetrokkenheid by tuiswerk toets, ingesluit. Die vraelys moes deur die ondersoekgroep ingevul word.

5.5 OUERBETROKKENHEID BY TUISWERK (vergelyk hoofstuk 2)

Daar is in hierdie navorsing gepoog om die betrokkenheid van ouers by tuiswerk van leerlinge in die senior primêre fase te bepaal. In hoofstuk 2 is tuiswerk, die doel van tuiswerk en die ouerlike betrokkenheid daarby bespreek. Daar is bevind dat tuiswerk 'n integrale deel van die opvoedende onderwys vorm. Die betrokkenheid van die ouer oefen 'n groot invloed uit op die kind se motivering om tuiswerk getrou te doen. Die plek van studie, die motivering van die kind en die verwagtinge van die ouer is aspekte wat van groot belang is t.o.v. ouerbetrokkenheid by tuiswerk. Die taak van die ouer is nie net bloot om te kyk of die kind sy tuiswerk doen nie maar om die regte houding oor betrokkenheid te hê, die kind d.m.v. aanmoediging te motiveer, vas te stel of die kind probleme met tuiswerk het, gereelde skakeling met die skool en onderwysers t.o.v. probleme rondom tuiswerk, die opstel van tuiswerkreëls en die kontrolering van tydsebesteding aan buitemuurse aktiwiteite. Die kind moet deur ouerbetrokkenheid tot 'n positiewe houding teenoor tuiswerk opgevoed word.

Daar is bevind dat die betrokkenheid van die ouer by tuiswerk 'n integrale deel moet wees van die ouer se totale betrokkenheid by die kind se skoolloopbaan. Daar moet dus 'n balans wees in die ouer se belangstelling in byvoorbeeld die kind se sportprestasies en belangstelling in die kind se tuiswerk.

5.6 BESKRYWING VAN DIE MEETINSTRUMENT (vergelyk hoofstuk 3)

In hoofstuk 3 is die navorsingontwerp bespreek. Die vraelys as meetinstrument is hier onder die loep geneem, en vervolgens is aandag gegee aan die inhoudelike en uiterlike van die vraelys. Die keuse van proefpersone wat uit 150 vaders en 150 moeders bestaan, is d.m.v. 'n ewekansige steekproef bepaal. Ses skole in die Potchefstroom-omgewing is betrek, wat elkeen 50 vraelyste vir verspreiding ontvang het. 'n Eerste redaksie van die vraelys is gedoen, en na veranderings het die vraelys uit 'n biografiese afdeling (Afdeling A) en 'n feitelike afdeling (Afdeling B)

bestaan, met 22 items in totaal. n 70% terugontvangs is as riglyn beskou en verkry, wat as baie goed geag is na aanleiding van inligting uit die literatuur (vergelyk par. 3.4.2.5).

5.7 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK (vergelyk hoofstuk 4)

Die vraelysresponse is by die statistiese konsultasiedienste van die PU vir CHO ontleed, en tabelle wat die response weergee, is opgestel. Daar is vervolgens n vertolking van elke vraag gedoen.

Uit afdeling A van die vraelys wat bestaan uit die demografiese gegewens van die respondente is vrae 1, 3, 5 en 6 kortliks bespreek, terwyl vrae 2 en 4 vollediger vertolk is.

Uit afdeling B van die vraelys wat die oerbetrokkenheid by tuiswerk bepaal, is die vrae vertolk na aanleiding van die afdelings waar hulle van belang is en volgens riglyne wat verkry is uit die literatuurstudie. Die volgende afdelings is ter sprake: houdings en verwagtings (vrae 1, 3 en 11), reëls (vrae 2 - 2.4, 7 en 8), houding van die kind en oerlike optrede (vrae 4 en 5), beloning (vraag 6) en skakeling van die ouers met die skool (vrae 9 en 10). Hoewel al die respondente in n groot mate positief gereageer het t.o.v. al die aspekte wat genoem is, is daar tog n beduidende hoeveelheid wat die verskillende fasette van tuiswerk nie belangrik genoeg ag om betrokke by te wees nie.

Sekere vrae uit afdeling A is met afdeling B in verband gebring en vertolk. Dit is van belang dat veral die professionele groepe en groepe wat tersiëre opleiding ontvang het, n groot mate van onbetrokkenheid by tuiswerk toon.

Oerbetrokkenheid by tuiswerk is dus n saak wat meer aandag sal moet kry, aangesien dit nie na wense is nie.

5.8 GEVOLGTREKKINGS

Die onderhewige navorsing is gebaseer op die antwoorde van 215 ouers van kinders in die senior primêre skoolfase in die Potchefstroom-omgewing. Daar is dus geen sprake van veralgemening nie, en die resultate kan nie

sondermeer met die hele Transvaal of ander provinsies in verband gebring word nie. Hoe dit ook al sy, insiggewende inligting is verkry uit die resultate van die empiriese studie. Sekere belangrike aspekte oor ouer=betrokkenheid is uit die literatuurstudie geïdentifiseer, en belangrike gevolgtrekkings het uit die gepaardgaande vertolkings voortgevloei waarvan kennis geneem behoort te word:

- * Wat houdings en verwagtinge betref, is die ouers grotendeels positief oor die hoeveelheid tuiswerk wat die kind kry.
- * n Beduidende hoeveelheid ouers beskou tuiswerk as die kind se plig.
- * Dit blyk ook dat ouers wegstroom van hulle verantwoordelikheid ten opsigte van tuiswerk as deel van hulle kinders se skoolloopbaan.
- * Die vaders is minder betrokke as die moeders, wat daarop dui dat hulle toesig en hulp m.b.t. tuiswerk as die taak van die moeder sien.
- * Dit blyk dat ouers probleme wat die kind met tuiswerk ondervind, tog op die een of ander wyse hanteer, hetsy deur met die kind daaroor te praat, hetsy om dit met die onderwyser te bespreek.
- * By die optrede van die ouers tydens tuiswerk het n beduidende hoeveelheid aangetoon dat hulle slegs af en toe belangstelling in die kinders toon as hulle tuiswerk doen. Die aanprysing van die kind na voltooiing van tuiswerk blyk n groot behoefte te wees waaraan nie heeltemal voldoen word nie.
- * Daar is n groot leemte in die skakeling met die skool en veral met die onderwysers in verband met tuiswerkprobleme, waaruit n gebrek aan oortuiging om met die onderwyser te skakel afgelei kan word.
- * Weens die moeilikheidsgraad en/of nuwe inhoude van skoolwerk voel ouers dikwels nie opgewasse om kinders met tuiswerk te help nie.
- * Volgens die vergelykings van vrae met mekaar kom dit na vore dat ouers in professionele en administratiewe beroepe, asook ouers wat tersiêre opleiding ontvang het, teen die verwagting in, n groot mate van onbetrokkenheid openbaar, wat in sommige gevalle selfs onrusbarend is.

- * Dit lyk ook asof werkende ouers 'n groter verantwoordelikheid teenoor kinders se huiswerk aan die dag lê as ouers wat bedags tuis is.
- * Die aard van die populasie van die ondersoekgroep het heelwaarskynlik 'n groot invloed op die bevindinge gehad. Aangesien baie ouers aan die verskeie tersiêre inrigtings betrokke mag wees, kan hulle benadering t.o.v. betrokkenheid by huiswerk waarskynlik dié van die kweek van groter selfstandigheid by die kind wees, terwyl dit in die ondersoek as 'n tendens van onbetrokkenheid vertolk is. Hierdie aspek moet slegs as 'n moontlikheid in gedagte gehou word en nie as 'n maatstaf nie.

5.9 AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge in hierdie ondersoek word die volgende aanbevelings gemaak:

- * Leerlinge moet in die voorligtingsprogram in die skool gemotiveer word om 'n positiewe houding teenoor huiswerk te verwerf en ook teenoor hulle ouers 'n openheid t.o.v. huiswerk te toon. Leerlinge wat van hulle kant af positief ingestel is en met die ouer skakel, kan die ouer positief beïnvloed.
- * Ouers kan deur persoonlike kontak van die onderwyser se kant af beter ingelig word oor hulle rol wanneer die kind huiswerk doen.
- * Ouers en onderwysers kan by projekte en besprekingsgroepe betrek word wat die betrokkenheid van die ouer by huiswerk prakties toelig. Dit is van belang dat albei groepe kennis dra van dié aangeleentheid, aangesien hulle in vennootskap met mekaar behoort op te tree.
- * Oueraande kan benut word om die ouers in te lig in verband met hulle rol by die kontrolering van huiswerk en ander tersaaklike aspekte aangaande huiswerk. Skole kan in hierdie verband oorweeg om in samewerking met vakkundiges 'n handleiding insake huiswerk te versprei. Hoewel al die ouers nie noodwendig bereik sal word nie, sal dit 'n groter ingeligtheid aangaande huiswerk onder ouers teweegbring.

5.10 AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING

- * Die vraelys is slegs in een dorp en omgewing versprei waar verskeie tersiêre inrigtings is. Navorsing in ander groot gebiede met 'n ander bevolkingsamestelling behoort 'n groter en duideliker beeld oor die betrokkenheid van ouers by tuiswerk t.o.v. alle fasette van die samelewing te toon.
- * Hierdie ondersoek is slegs by die ouers van senior primêre leerlinge onderneem en behoort ook by die ouers van sekondêre leerlinge onderneem te word.
- * Daar behoort navorsing gedoen te word waarom ouers wat tersiêre op=leiding ontvang het, 'n tendens van onbetrokkenheid ten opsigte van tuiswerk toon, aangesien spesifieke vrae om dit te ondersoek nie in hierdie navorsing grondig ondersoek is nie.
- * Die navorsingsveld met betrekking tot ouerbetrokkenheid by tuiswerk is dus nog groot en onverken en beslis navorsingswaardig. Kostelike bevindinge en wetenskaplike bydraes kan gemaak word deur die ontginning van hierdie onderwerp.

5.11 TEN SLOTTE

Die slotsom waartoe in hierdie ondersoek oor ouerbetrokkenheid by tuiswerk geraak word, is dat elke ouer ten volle betrokke moet raak by die skool=loopbaan van sy kind, veral in 'n groot mate by tuiswerk, aangesien hier= die aspek van 'n skoolloopbaan — soos uit die navorsing blyk — deur baie ouers agterweê gelaat word. Die kind is 'n gawe van God aan die ouer, en dit is die ouer se plig en verantwoordelikheid om die kind tot eer van homself, sy naaste en God op te voed.

Dit is dan ook die taak van elke opvoeder en navorser om die ouers te begelei om ook wat tuiswerk betref, hulle verantwoordelikheid teenoor hulle kinders na te kom. Die ouers kan dus nie alleen gelaat word om hulle kinders maksimaal te motiveer ten opsigte van tuiswerk, aangesien die hantering van tuiswerk deur die kinders ook later in verdere studie 'n bepalende faktor kan wees in die benadering van hulle studie en veral wat betref die volgehoue en volledige uitvoering van werkopdragte.

BIBLIOGRAFIE

- BLOOM, B.S. 1981. All our children learning. A primer for parents, teachers and educators. New York: McGraw-Hill.
- BONFIGLIO, J.F. 1988. Evolution of a model homework policy and practice statement. NASSP Bulletin, 72(507):18-23, April.
- BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Educational research. London: Longman.
- BOTHA, T.R. 1988. Motivering: Enkele dissonante dimensies. Pretoria: HAUM.
- BOYER, E.L. 1983. High school. New York: Harper and Row Publishers.
- BYBEL. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- CLIFFORD, M.M. 1981. Practising educational psychology. Boston: Houghton Mifflin Company.
- COHEN, L. 1980. Research methods in education. London: Croom Helm.
- COMER, J.P. 1986. Parent participation in the schools. Phi Delta Kappan, 67(6):442-451.
- DE LANDSHEERE, G. 1973. Algemene en vergelykende onderwyskunde. Antwerpen: Universitaire Pers Rotterdam.
- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S., VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban: Butterworths.
- EPSTEIN, L.E. 1986. Parents' reactions to teacher practices of parent involvement. The Elementary School Journal, 86(3):278-299, January.
- EVANS, K.M. 1969. Planning small-scale research. National foundation for education in England and Wales.
- FOYLE, H.C. & BAILEY, G.D. 1986. Homework: its real purpose. Clearing House, 60(4):187-188, December.
- FOYLE, H.C. & BAILEY, G.D. 1988. Research. Homework experiments in social studies: implications for teaching. Social Education, 52(4):292-294, 296-298, April-May.
- GAY, L.R. 1976. Educational research: competencies for analysis and application. Ohio: Charles & Merrill.
- GIBSON, J.T. 1976. Psychology for the classroom. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.
- HILDEBRAND, V. 1975. Guiding young children. New York: Macmillan Publishing Co.
- HOPKINS, C.D. 1976. Educational research: a structure for inquiry. Ohio: Charles E. Merrill.
- JOUBERT, C.J. (red.) 1983. Die ouer en sy kind met studieprobleme. Pretoria: Errol Marx Uitgewers.

- \ JOUBERT, J.J. 1972. Ouerverantwoordelikheid t.o.v. onderwys en opvoeding van sy kind tuis en die implikasies daarvan vir die onderwyser in die skool-organisasie. Potchefstroom (M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO).
- KODUS BELANGSTELLINGVRAELYS. 1978. Kaapse Onderwysdepartement, Sielkundige en Voorligtingsdiens in samewerking met Buro vir Studentevoorligting. Kaapstad: Universiteit Stellenbosch.
- KOPPELMAN, MC. & ACKERMAN, P. 1977. Between parent and school. New York: The Dial Press.
- KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Durban: Butterworth.
- LAMPRECHT, C. 1988. My kind n wenner. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- LONGDEN, Y. & STAUT, I.W. 1969. Homework. New York: The John Day Company.
- LOUW, D.A. (red.) 1982. Inleiding tot die psigologie. Johannesburg: McGraw-Hill.
- LOUW, D.A. (red.) 1984. Menslike ontwikkeling. Pretoria; HAUM.
- LOVELL, K. 1970. Understanding research in education. London: University of London Press.
- MARAIS, J.L. 1981. Opvoeding tot n positiewe studiehouding. Fokus, 9(2):1671-1674, Junie.
- MARAIS, J.L. 1983. Die Christen in sy beroepskeuse en -lewe. (n Bundel opstelle in die Fakulteit Opvoedkunde, Wetenskap in U lig. PU vir CHO.) Reeks ii, no. 5, Band 3.
- MARAIS, J.L. 1986. Studeer met sukses. Pretoria: De Jager-HAUM.
- MARAIS, J.L. 1987. Ouer, kind en huiswerk. Voorligter, 50(11):23-33, Oktober.
- MARAIS, J.L. 1987. Waarom huiswerk kan misluk. Voorligter, 51(1):32-33, Desember.
- MARAIS, J.L. 1988. Die onderwyser se aandeel. Voorligter, 51(2):33, Januarie.
- MILLER, M.S. & BAKER, S.S. 1976. Straight talk to parents. New York: Stern & Day Publishers.
- MAULY, G.J. 1978. Educational research. Toronto: Allyn and Bacon.
- NIETSEN, L. 1982. How to motivate adolescents. New Jersey: Prentice-Hall.
- PALARDY, J.M. 1988. The effect of homework policies on student achievement NASSP Bulletin, 72(507):14-17, April
- PARTIN, R.L. 1986. Homework that helps. Clearing House, 60(3):118-119, November.
- PISTORIUS, P. 1976. Kind in ons midde. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA: verslag van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die Onderwys. Pretoria: 223 p. (Onderzoek na die Onderwys, nr. 1.) (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

RICH, D. 1976. Success for children. Momentum, 7(4):30-36, December.

SANDERS, L.F.J. 1977. Huiswerk: leidraad voor onderwysers en docenten. Nijkerk: G.F. Callenbach.

SCHUTTE, B.C. 1981. Ouerbetrokkenheid in die onderwys. Woord en Daad, 21(220):13-14, Januarie.

SCHUTTE, B.C. 1982. Die ouer in ons onderwysstelsel. Almanak van die Gereformeerde Kerk, 108:198-201.

SCHUTTE, B.C. 1983. Die skool gaan huis toe. (Verankerde vooruitgang - n Bundel opstelle uit die Fakulteit Opvoedkunde van die PU vir CHO.) Reeks i, no. 5, Band 3.

SCHUTTE, B.C. 1984. Die ouer in die onderwys. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Potchefstroom: PU vir CHO.

SINGH, B. 1987. Homework and homework hotlines: views of junior high school students, teachers and parents. Spectrum, 5(3):14-18, September.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). 1983. Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria: Staatsdrukker.

THERON, P.F. 1982. Ouer-medeseggenskap - enkele riglyne. Roeping en Riglyne, 30(2):7-8.

TRANSVAALSE AFRIKAANSE QUERVERENIGING (TAO). 1988. Ouerstem. Skakelblad.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Omsendminuut 26 van 1986. Handleiding vir skoolorganisasie. Hoofstuk 10. Pretoria.

TRAVERS, R.M.W. 1978. An introduction to educational research. London: Macmillan.

TUCHMAN, B.W. 1972. Conducting educational research. New York: Harcourt Brace Javanwich.

TURNER, B. & ROBB, G. 1971. Research methods in education. London: Croom Helm.

VAN DER STOEP, F. (red.) 1973. Die Lesstruktuur. Johannesburg: McGraw-Hill.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, Elise I., VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Betrokkenheid van ouers. Roeping en Riglyne, 31(2):20-21.

VAN DER WALT, J.L. 1984. Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys. Finale navorsingsverslag. Projekisienommer A15/4/77.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel, Transvaal.

- VREY, J.D. 1979. Die opvoeding is sy selfaktualisering. Pretoria: UNISA.
- WIERSMA, W. 1969. Research methods in education. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- WLODKOWSKI, R.J. 1978. Motivation and teaching: a practical guide. Washington: National Education Association.
- YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questionnaires. Nottingham: University School of Education.

B Y L A E S



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRATIEVE RAAD
ADMINISTRATION OF THE ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae: Dr. D.K. de Jager
Enquiries:
Verw.: TOA 9-7-1
Ref.:
Tel.: (012) 3241660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

Mnr. P.P.J. Steyn
Posbus 20304
NOORDBURG
2522

Geagte mnr. Steyn

VRAELYSTE AAN OUERS VAN SENIOR PRIMÊRE LEERLINGE

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen aan u toestemming vir die invul van die vraelyste deur 300 ouers (150 vaders en 150 moeders) in die Potchefstroom- en Klerksdorp-omgewing en wel by die volgende primêre skole: Baillie Park, Hendrik Potgieter, M.L. Fick, Mooirivier, President Pretorius, Goudkop, La Hoff, Meiringspark, Laerskool President, Roosheuvel, Saamtrek, Unie, Noordvaal, Orkney, Vriefontein, P.H. Theron en Stilfontein.

Die goedkeuring is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- . U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde en ouers verkry.
- . U moet hierdie brief aan die hoofde en ouers toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om die samewerking van die hoofde of die ouers af te dwing nie.
- . Die name van skole, skoolhoofde, onderwysers, leerlinge, hul ouers en die TOD as sodanig mag nie vermeld word nie. Vir hierdie rede word u ook versoek om nie kodenommers aan vraelyste toe te ken vir identifisering nie.
- . U moet ook, met die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys, bereid wees om riglyne oor ouerbetrokkenheid by huiswerk, as uitkoms van u ondersoek, aan skoolhoofde beskikbaar te stel vir gebruik deur ouers.



. Na voltooiing van u verhandeling moet u asseblief die Departement van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

De la Gage.

Namens ~~DIREKTEUR~~ VAN ONDERWYS

Fakulteit Opvoedkunde
PU vir CHO
POTCHEFSTROOM

November 1988

Die skoolhoof

.....

.....

Geagte

Ondergetekende is tans besig met 'n M.Ed.-studie aan die PU vir CHO. Die doel van die navorsing is om die ouers se betrokkenheid by die tuiswerk van die senior primêre kind deur middel van 'n vraelys te probeer bepaal. In die uitvoering van die ondersoek, benodig ek u samewerking ten einde die name van vyftig vaders te verkry asook die gepaardgaande verspreiding van die vraelyste en terugsending aan ondergetekende.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het toestemming verleen (sien aangehegte brief) vir die invul van hierdie vraelyste en dat van u vrywillige samewerking gebruik gemaak kan word. U word verseker dat die name van die ouers, skool en hoof streng vertroulik behandel sal word. Die samewerking van die ouers sal deur middel van 'n begeleidende brief, saam met die vraelys, gevra word.

Ek vertrou dat u u samewerking in hierdie verband gunstig sal oorweeg, aangesien hierdie navorsing die belang van die ouer en kind ten opsigte van tuiswerk eerste stel.

U begrip en samewerking word by voorbaat hoog waardeer.

Die uwe

PIET STEYN

Fakulteit Opvoedkunde
PU vir CHO
POTCHEFSTROOM

November 1988

Die skoolhoof

.....

.....

Geagte

Ondergetekende is tans besig met 'n M.Ed.-studie aan die PU vir CHO. Die doel van die navorsing is om die ouers se betrokkenheid by die tuiswerk van die senior primêre kind deur middel van 'n vraelys te probeer bepaal. In die uitvoering van die ondersoek, benodig ek u samewerking ten einde die name van vyftig moeders te verkry asook die gepaardgaande verspreiding van die vraelyste en terugsending aan ondergetekende.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het toestemming verleen (sien aangehegte brief) vir die invul van hierdie vraelyste en dat van u vrywillige samewerking gebruik gemaak kan word. U word verseker dat die name van die ouers, skool en hoof streng vertroulik behandel sal word. Die samewerking van die ouers sal deur middel van 'n begeleidende brief, saam met die vraelys, gevra word.

Ek vertrou dat u u samewerking in hierdie verband gunstig sal oorweeg, aangesien hierdie navorsing die belang van die ouer en kind ten opsigte van tuiswerk eerste stel.

U begrip en samewerking word by voorbaat hoog waardeer.

Die uwe

PIET STEYN

BYLAAG 4

Fakulteit Opvoedkunde,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
Februarie 1989.

Geagte Ouer,

Ondergetekende is tans besig met 'n M.Ed.- studie aan die P.U. vir C.H.O. Die doel van die navorsing is om die ouers se betrokkenheid by die tuiswerk van die senior-primêre kind deur middel van 'n vraelys te probeer bepaal. In die uitvoering van die ondersoek benodig ek u samewerking ten einde die ondersoek te voltooi. Die Transvaalse Onderwysdepartement het toestemming verleen vir die invul van hierdie vraelys en die samewerking van u skoolhoof, is verkry. Sal u as moeder asseblief so vriendelik wees om die aangehegte vraelys in te vul.


U naam word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle inligting word vertroulik behandel. U word derhalwe vriendelik gevra om die vraelys openhartig in te vul en u eerlike mening oor elke vraag te gee.

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om die vraelys so gou moontlik na die skool terug te stuur, aangesien die verwerking van resultate heelwat tyd in beslag neem.

U begrip en samewerking word by voorbaat hoog waardeer in hierdie navorsing, waar die belang van die ouer en kind ten opsigte van tuiswerk eerste gestel word.

Ek onderneem ook om na voltooiing van my navorsing bepaalde riglyne oor ouerbetrokkenheid by tuiswerk aan skoolhoofde, vir ouers, beskikbaar te stel.

Die uwe,



P.P.J. Steyn

NAVORSER.

Fakulteit Opvoedkunde,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
Februarie 1989.

Geagte Ouer,

Ondergetekende is tans besig met 'n M.Ed.- studie aan die P.U. vir C.H.O. Die doel van die navorsing is om die ouers se betrokkenheid by die tuiswerk van die senior-primêre kind deur middel van 'n vraelys te probeer bepaal. In die uitvoering van die ondersoek benodig ek u samewerking ten einde die ondersoek te voltooi. Die Transvaalse Onderwysdepartement het toestemming verleen vir die invul van hierdie vraelys en die samewerking van u skoolhoof, is verkry. Sal u as vader asseblief so vriendelik wees om die aangehegte vraelys in te vul.


U naam word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle inligting word vertroulik behandel. U word derhalwe vriendelik gevra om die vraelys openhartig in te vul en u eerlike mening oor elke vraag te gee.

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om die vraelys so gou moontlik na die skool terug te stuur, aangesien die verwerking van resultate heelwat tyd in beslag neem.

U begrip en samewerking word by voorbaat hoog waardeer in hierdie navorsing, waar die belang van die ouer en kind ten opsigte van tuiswerk eerste gestel word.

Ek onderneem ook om na voltooiing van my navorsing bepaalde riglyne oor ouerbetrokkenheid by tuiswerk aan skoolhoofde, vir ouers, beskikbaar te stel.

Die uwe,



P.P.J. Steyn
NAVORSER.

BYLAAG 6

Vraelys no

--	--	--

 (1-3)

Vraelys aan vaders van senior primêre leerlinge

Algemene aanwysings

1. Hierdie vraelys is opgestel om u siening ten opsigte van ouerbetrokkenheid by tuiswerk van die kind te bepaal.
2. Die vraelys moet slegs deur die vader voltooi word.
3. Die inligting wat met hierdie vraelys bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.

Opmerkings

1. 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

Voorbeeld

1. Hoeveel tyd moet u kind per dag, volgens u siening, aan tuiswerk bestee ?

- a. twee ure
- b. drie ure
- c. meer as drie ure

x	j
	2
	3

Vraelys aan moeders van senior primêre leerlinge

Algemene aanwysings

1. Hierdie vraelys is opgestel om u siening ten opsigte van ouerbe-trokkenheid by tuiswerk van die kind te bepaal.
2. Die vraelys moet slegs deur die moeder voltooi word.
3. Die inligting wat met hierdie vraelys bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.

Opmerkings

1. 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te trek.

Voorbeeld

1. Hoeveel tyd moet u kind per dag, volgens u siening, aan tuiswerk bestee ?

- a. twee ure
- b. drie ure
- c. meer as drie ure

x	1
	2
	3

Afdeling A

1. Wat is u ouderdom tans ?

--	--

 (4-5)

2. In watter een van die volgende beroepsgroepe val u ?

- | | |
|--|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
- a. Professioneel (opleiding by universiteit/kollege) .
- b. Administratiewe werk
- c. Ambag
- d. Bemark (bv. verkoopsman van polisse)
- e. Ander (spesifiseer asseblief)
- (6)

3. Wat is die hoogste standaard wat u op skool geslaag het (bv. st 8, st 10)

--	--

 (7-8)

4. Wat is die hoogste kwalifikasie wat u het ?

- | | |
|--|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
- a. Graad
- b. Diploma
- c. Geen opleiding nadat u skool verlaat het
- d. Ander (spesifiseer asseblief)
- (9)

5. Wat is die getal kinders in u gesin

--	--

 (10-11)

5.1 Getal :

- | | |
|--|--|
| | |
| | |
- Seuns (12)
- Dogters (13)

6. In watter een van die volgende gebiede woon u ?

- | | |
|--|---|
| | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |
| | 5 |
- a. Stad
- b. Groot dorp
- c. Klein dorp
- d. Klein hoewe
- e. Ander (spesifiseer asseblief)
- (14)

Afdeling B/.....

AFDELING B

1. Wat is u houding ten opsigte van tuiswerk ?

- | | |
|---|---|
| a. Verkies geen tuiswerk | 1 |
| b. Verkies minder tuiswerk | 2 |
| c. Verkies meer tuiswerk | 3 |
| d. Tevrede met huidige hoeveelheid tuiswerk | 4 |
- (15)

2. In watter vertrek van u huis doen u kind sy/haar tuiswerk ?

- | | |
|--|---|
| a. Slaapkamer | 1 |
| b. 'n Stil vertrek in die huis | 2 |
| c. Eetkamer | 3 |
| d. Kombuis | 4 |
| e. Ander (spesifiseer asseblief) | 5 |
- (16)

2.1 Is daar duidelike reëls ten opsigte van tuiswerk-tye en tuiswerkgewoontes in u huis ?

- | | |
|--------------|---|
| a. JA | 1 |
| b. NEE | 2 |
- (17)

2.2 Indien u op vraag 2.1 JA geantwoord het, hoe pas u hierdie tuiswerkreëls toe ?

- | | |
|---|---|
| a. Dra sorg dat die reëls getrou nagekom word | 1 |
| b. Minder getrou met die toepassing van die reëls | 2 |
| c. Glad nie getrou met die toepassing van die reëls nie | 3 |
- (18)

2.3 Laat u, u kind toe om sy tuiswerk selfstandig te doen ?

- | | |
|--------------|---|
| a. Ja | 1 |
| b. Nee | 2 |
- (19)

2.4 Watter rol speel buitemuurse aktiwiteite in u kind se daaglikse program ?

- | | |
|--|---|
| a. Neem baie tyd in beslag | 1 |
| b. Neem min tyd in beslag | 2 |
| c. Neem glad nie tyd in beslag nie | 3 |
- (20)

3. Watter rol speel u as ouer wanneer u kind tuiswerk doen ?

- a. Sien toe dat my kind sy tuiswerk getrou doen
 b. Ek beskou tuiswerk as my kind se eie verantwoordelikheid ..
 c. Ek is geneig om tuiswerk vir my kind te doen
 d. Ek beskou die onderwyser as die verantwoordelike persoon
 wat my kind se tuiswerk betref

	1
	2
	3
	4

(21)

4. Wat is u kind se houding teenoor tuiswerk ?

- a. My kind doen graag tuiswerk
 b. My kind moet gedwing word om tuiswerk te doen
 c. My kind hou glad nie daarvan om tuiswerk te doen nie

	1
	2
	3

(22)

5. Wat is u optrede as u kind tuiswerk doen ?

- a. Ek toon my belangstelling deur hom elke dag moed in te praat
 b. Ek toon my belangstelling af en toe
 c. Ek toon my belangstelling nooit nie

	1
	2
	3

(23)

6. Wat is u optrede nadat u kind sy/haar tuiswerk afgehandel
 het ?

- a. Ek prys my kind
 b. Ek kyk net of dit voltooi is
 c. Ek kyk dat die tuiswerk gedoen is en kontroleer dit
 d. Ek kontroleer nie

	1
	2
	3
	4

(24)

7. Is u bewus van leerprobleme wat u kind ondervind wanneer
 hy tuiswerk doen ?

- a. Ja
 b. Nee

	1
	2

(25)

8. Indien u in vraag 7 JA geantwoord het, wat was u optrede ?

- a. Ek het mooi met die kind gepraat
 b. Ek het gedink die kind moet die probleem self oplos
 c. Ek het hom na 'n onderwyser geneem (vir verdere hulp)

	1
	2
	3

(26)

9. Hoe dikwels het u persoonlike kontak met u kind se vak-
onderwysers in verband met probleme rondom tuiswerk ?

- a. Gereelde kontak
b. Baie min kontak
c. Geen kontak

	1
	2
	3 (27)

10. Hoe dikwels woon u oueraande(i.v.m skoolwerk) by ?

- a. Gereeld
b. Soms
c. Nooit

	1
	2
	3 (28)

11. Wat is u houding oor u betrokkenheid ten opsigte van u
kind se tuiswerk as deel van sy skoolloopbaan ?

- a. Ek wil ten volle betrokke wees
b. Ek wil net gedeeltelik betrokke wees
c. Ek wil glad nie betrokke wees nie, omdat dit die skool
se plig is

	1
	2
	3 (29)

12. Indien u enige byvoeging of aanbeveling ten opsigte van oerbetrokken-
heid by tuiswerk wil voorstel, doen dit asseblief in die ruimte hier-
onder :
